# HANDELINGE VAN DIE TWEEDE SINODE

VAN DIE

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

GEHOU TE

KLEIN - KARIBA

---o0o---

22 - 26 AUGUSTUS 1988

# V O O R W O O R D

1. Hiermee die Handelinge van die 2de Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk wat vergader het te Klein Kariba vanaf 22 - 26 Augustus 1988.

2. Om beslag te gee aan die veelvuldige werksaamhede van so 'n jong dinamiese kerk, is 'n groter taak as wat in die enkele dae van die sinodesitting afgehandel kon word. Gedeeltes van verskeie Kommissieverslae moes vir behandeling oorstaan tot 'n volgende geleentheid.

3. In hierdie Handelinge is gepoog om sinodale besluite so volledig moontlik weer te gee sodat die leser [illegible] 'n duidelike mededeling kry van goedgekeurde besluite wat vir hom van belang is. Ten einde onnodige duur duplisering te vermy, is verslae, en aanbevelings waarvan slegs kennis geneem is, nie herhaal nie. Daarvoor word u verwys na die agenda en die verslae van Tydelike Kommissies.

4. Benewens die versorging van die notule deur die skriba, hulpskriba, notulekommissie, tiksters en die drukker tydens die sinodesitting, is die notule daarna nogeens deurgewerk deur 'n paar persone wat daarvoor byeengeroep is. Die skriba en hulpskriba, ds. A Boshoff, is hierin bygestaan deur ds LD Pienaar en ds WM Grove wat vir etlike dae in die kerkkantoor daarmee werksaam was. Die opstel van die alfabetiese sakelys is die werk van ds Grove.

   Aan hierdie persone, asook aan mev Marthie Klein, die tikster, wat soos gewoonlik vriendelik en hulpvaardig bereid was om na ure te werk, my hartlike dank. Ons vertrou dat hierdie spanpoging bruikbare resultate vir die kerk opgelewer het.

5. Ten einde die beste gebruik te maak van die Handelinge, word afgevaardigdes versoek om soos volg te werk te gaan :

   Voeg die verslae van Tydelike Kommissies (wat u tydens die sinodesitting ontvang het) by u agenda volgens die orde en nummering hieronder aangegee. (Ongelukkig sal die bladsy nommers van die agendas nie almal dieselfde wees nie, maar die laaste bladsy nommer van die agenda behoort te wees 262)

| | | | Bladsy |
|---|---|---|---|
| 1. | KOMMISSIE VIR REGTE : | A.1 | 263 |
| | | A.2 | 264 |
| | | A.3 | 267 |
| 2. | KOMMISSIE VIR FINANSIES: | B.1 | 272 |
| | Kuratorium - Farendenstr 430 (Bylae "A") | | 276 |
| | | B.2 | 280 |
| | | B.3 | 283 |
| | Studielenings | | 284 |
| | SKK Kontantvloeistaat | | 285 |
| | Kuratoriumkontantvloeistaat | | 286 |
| 3. | JEUGKOMMISSIE : | C.1 | 287 |
| 4. | DIENS VAN BARMHARTIGHEID | D.1 | 291 |
| 5. | LITURGIE EN FORMULIERE : | Begrafnisformulier | 293 |
| | : | G.1 | 294 |
| 6. | GETUIENIS EN DISSIPELSKAP : | H.1 | 296 |
| 7. | KERKLEER EN BELEID: | I.1 | 298 |
| | | Addendum | 301 |
| | | I.2 | 303 |
| | | I.3 | 306 |
| | | I.4 | 314 |
| 8. | MEDIASKAKELING: | L.1 | 316 |
| | | L.2 | 318 |
| | | L.3 | 320 |
| | | L.4 | 321 |
| 9. | RINGSINDELING EN GROEPERING: | O.1 | 323 |
| 10. | KOMMISSIE VIR FOTO'S : | U.2 | 327 |
| 11. | GELOOFSBRIEWE : | V.1 | 329 |
| | | V.2 | 331 |
| 12. | BOODSKAP VAN DIE SINODE AAN DIE GEMEENTES : | Z | 333 |
| 13. | ARGIEFKOMMISSIE : | F.1 | 337 |

Hierna sal u die alfabetiese sakelys voor in die Handelinge kan gebruik.

Die donker gedrukte bladsynommers daarin verwys na die notule, en die ander bladsynommers na die agenda en verslae van Tydelike Kommissies.

Mag die seën van die Here rus op die uitvoering van al die besluite hierin vervat.

MC ADENDORFF
Skriba van die sinode

17 Oktober 1988

# A L F A B E T I E S E   S A K E L Y S

(Donkergedrukte syfers verwys na notule)


| | | |
|---|---|---|
| **ACSV** | | |
| Verhouding met | 235, | 54, 112 |
| **ADMINISTRATEUR** | | |
| Ad hoc kommissie van ondersoek | | 12, 38 |
| Van Kuratorium | 42, | 97 |
| Van SKK | 17 | 97 |
| **AFTREE-OORD** | 159, 160, | 90 |
| AKSIES, Gemeentelik | | |
| Benamings - kyk: JEUG en SONDAGSKOOL | | |
| **AMPSDRAG** | | |
| Riglyn | 24, 27, | 3, 19 |
| Toga | 249, | 57 |
| **ARGIEF** | | |
| Leidraad | | 156, 120 |
| Verslag | 139, | 118 |
| **ATTESTATE** | | |
| Kyk Argiefverslag | 337, | 122 |
| **BARMHARTIGHEID** | | |
| Alimentasie deur diakonie | 24, | 19 |
| Behoeftige boere | 31, | 22 |
| Deskundige hulp | 160, | 91 |
| Hulp aan studente in Maats.Werk | | 91 |
| Verslag | 159, | 90 |
| Vroueaksie insamel vir | 64, 280, | 95 |
| **BEGENADIGING** | | |
| Versoek aan Staatspresident | | 31 |
| **BEGRAFNIS** | | |
| Formulier | 293 | |
| Toelating by | 214 | |
| **BEGROTING** | | |
| Van kommissies | 273, 280, | 96 |
| Van sinode | 57, | 43, 93 |
| **BELYDENIS VAN GELOOF** | | |
| Riglyne | 233, | 53 |
| **BELYDENISSKRIFTE** | | |
| Bekombaar | 254, | 62 |

| | | |
|---|---|---|
| **BEPLANNING** | | |
| Kommissie vir | 28, | 20 |
| Opvoedkundiges by | | 84 |
| **BIDUUR** | | |
| I.v.m. landstoestande | 162, | 78 |
| **BOEKHANDEL** | | |
| NG Kerk e.a. | 30, | 22 |
| **BOODSKAPPER, DIE** | | |
| Amptelike blad | | 109 |
| Bekondstel van aftree-oord | 159 | 90 |
| fondse vir | 160, | 90 |
| Handhaaf ons identiteit | | 84 |
| Intekening op | 27, | 18, 47 |
| Publisering van | 21, | 18 |
| Redakteur, vaste | | 47 |
| Uitbreiding | 30, | 22 |
| Vir kapelaansdienste | 96, | 69 |
| **BOUPERSELE** | | |
| Vir kerklik doeleindes | 63, | 10 |
| **BROEDERBOND, AFRIKANER** | | |
| Lidmaatskap van en kerklike ampte | 246, | 56 |
| **BYBELVERTALING** | | |
| Verslag | 153, | 63 |
| **BYDRAE VAN GEMEENTE (15%)** | | |
| kyk GEMEENTE | | |
| **CAMPUS CRUSADE** | | |
| Brosjure/inligting gevra | 250, | 60 |
| **CHILIASME** | | |
| Besluit gevra | 251, | 60 |
| **CHRISTUS** | | |
| Voorstelling in prente | | 113 |
| **DIAKENS** | | |
| Funksionering van | 160, | 90 |
| Riglyne | 250, | 59 |
| **DIENSPLIG** | | |
| Kyk KAPELAANSDIENS | | |
| **DOBBELARY** | | |
| Standpunt teen | 251, | 60 |

| | | |
|---|---|---|
| **DOOPREGISTER** | | |
| Kyk GEMEENTE | | |
| **DRANKVERKOPE** | | |
| Besware teen | 247, | 57 |
| **EIENDOM** | | |
| Aankoop van | 41, | 27, 45 |
| Kerklike eiendomsreg | 213 | |
| Lenings vanuit gemeentes | | 46 |
| **EREDIENSTE** | | |
| Anderskleurige bywoning | 31, 219, 246, | 23, 56 |
| **EVANGELISASIE** | | |
| Aksie | 163, | 79 |
| **FINANSIES** | | |
| Riglyne vir | 57, | 41 |
| Verslag van kommissie | 53, | 7, 10 |
| Verslag tydelike kommissie B1 | 272, | 41, 92, 93 |
| B2 | 280, | 95 |
| **FORMULIERE** | | |
| Kyk LITURGIE EN FORMULIERE | | |
| **GEHEIME ORGANISASIE** | | |
| Algemeen | 245, | 56 |
| **GELOFTEDAG** | | |
| Mosie i.s. | | 99 |
| **GELOOFSBRIEWE** | | |
| Tydelike Kommissie | 3, | 1, 3, 7, 16, 17 |
| **GEMEENTES** | | |
| Administrasiestelsel | 339, | 121 |
| Argief | 338, | 119 |
| Bydraes vir sinodale werk (15%) | 59, 272, | 92 93 |
| Grootte | 253, | 61 |
| Registers en Sertifikate | 339, | 120, 122 |
| Reiskoste gesubsidieer | 64 | |
| Skakeling met | 24, | 19 |
| Stigting van | 19, 24 | 19 |
| **GETUIENIS EN DISSIPELSKAP** | | |
| Verslag | 161, | 77 |

| | | |
|---|---|---|
| HUWELIK EN GESIN | | |
| Aantekening van bevestiging | 340, | 122 |
| Inligtingstuk | 227, | 48 |
| Watter kommissie gee aandag | 232, | 52, 111 |
| IDENTITEIT | | |
| Handhaaf | 75, | 84 |
| INLIGTINGSTUK | | |
| Uitgee van | 21, | 18 |
| INSTROMINGSBEHEER | | |
| Standpunt | 247, | 57 |
| ISLAMTEKEN OP VOEDSELWARE | 249, | 58 |
| ISRAELVISIE | | |
| Inligtingstuk | 23, 250, | 19, 60 |
| INTERKERKLIKE VERHOUDINGE | 20, | 17 |
| Erkenning | 252, | 61 |
| Samesprekings | 251, | 60 |
| JEUG | | |
| Aksies se benaminge | 234, | 53 |
| Beleid | 229, | 50 |
| Byeenkomste | | 53 |
| Eie blad | 231, | 52, 111 |
| Inligtingstuk | 231, | 51 |
| Keuring van boeke | | 52 |
| Leuse | 230, | 51 |
| Nuwe terme (benamings) | 230, 249, | 49, 51, 53, 57, 111 |
| Programsketse | 231, | 51 |
| Saamtrek | 232, | 52 |
| Tydelike kommissieverslag C1 | 287, | 110 |
| Verslag i.s. | 225, | 48 |
| JOODSE TEKEN OP VOEDSELWARE | 249, | 58 |
| KAPELAANSDIENSTE | | |
| Verslag oor | 93, | 66 |
| KASSETBAND | | |
| Preke op | 101, | 73 |
| KASSIER (gemeente) | | |
| Handleiding | | 98 |

| | | |
|---|---|---|
| **KERK** | | |
| Ander Afr Kerke, preekhulp | 163, | 80 |
| Eie skole | | 84 |
| - embleem | 255, | 76 |
| - en skool | 75, | 84 |
| - en staat, elkeen se roeping | 254, | 62 |
| - jaarboek | 339, | 120 |
| **KERKBOEK** | | |
| Uitgee van | 97, | 70 |
| **KERKEMBLEEM** | | |
| Voorgestelde | 255, | 76 |
| **KERKKANTOOR** | | |
| Begrotingsbeheer | 64 | |
| Gebou en ameublement | 16, | 12 |
| Personeel | 17, 23, | 19 |
| **KERKLEER EN BELEID** | | |
| Suiwere weg | 34, 253, | 24, 61 |
| Verslag i.s. | 245, | 56, 59 |
| **KERKORDE** | | |
| - en handelinge | 19, | 13 |
| Verslag oor | 165, | 39. |
| **KERKSANG EN MUSIEK** | | |
| Instrumente | 150, | 82 |
| Leiding | 149, | 82 |
| Verslag i.s. | 147, | 80 |
| **KERKVISITASIE** | | |
| Kapelaansdienste kry aandag | 95, | 68 |
| **KOORSANG** | | |
| Gebruik van | 101, | 73 |
| **KURATORIUM** | | |
| Finansiering | 261 | |
| Fondse, verdeling | 28, | 20 |
| Samestelling/verkiesing | 16, | 26, 101, 116 |
| Verslag van | 39, | 26, 32 |
| **LEKEPREDIKERS** | | |
| Kursus vir | | 62 |
| **LEKTUUR/LITERATUUR** | | |
| Ander | 22, | 18 |
| Bevordering | 27, | 18 |
| Kursusse e.a. voorsien | 161, | 77 |

| | | |
|---|---|---|
| **LIDMAAT** | | |
| Aandenkingskaart | 229, | 110 |
| Attestaat | 339, | 122 |
| Register, kyk GEMEENTE | | |
| Toerusting | 161, | 77 |
| **LITURGIE EN FORMULIERE** | | |
| Verslag oor | 97, | 90 |
| **MAATSKAPPY VIR EUROPESE IMMIGRASIE** | | |
| Aansoek om lidmaatskap | | 63 |
| **MEDIA** | | |
| Persberigte oor sinode | | 100, 109 |
| Toelating van | 4, 29, | 3, 6 |
| **MUNISIPALE VERKIESING** | | |
| Advies gevra | 247, | 56 |
| **NAGMAAL** | | |
| Viering van | | 32, 34 |
| **OEFENAARS** | | |
| Status e.a. sake | 45, | 16, 32, 33 |
| **ONDERWYS** | | |
| Verslag oor | 73, | 83. |
| **ONTUGWET** | | |
| Sinodestandpunt gevra | 247, | 56 |
| **OUDERLINGE** | | |
| Handleiding | 36, 250, | 26, 59 |
| **OUDITERING** | | |
| Iemand aanbeveel | 22, | 18 |
| Van finansiële state | 66, | 11 |
| **OUETEHUIS** | | |
| Daarstel van | 159, | 90 |
| **OWERHEID** | | |
| Skakeling met | 31, | 22 |
| **PERMANENTE KOMMISSIES** | | |
| Lys van | 4, 18 | |
| Samevoeging van | 29, | 21 |
| **PERS - kyk MEDIA** | | |
| **PINKSTER** | | |
| Dienste | 24, 36, | 19, 26 |

| | | |
|---|---|---|
| **POLITIEK** | | |
| Suiwere optrede van APK | 34, 233, | 24, 61 |
| **PREDIKANT** | | |
| Behuising | 23, | 19 |
| Beroepstelsel | 36, 220, | 26 |
| Deelname, munisipale verkiesing | 36, | 26, 56 |
| Deel vaste leraar tydelik met ander | 31, 35, | 25, 47 |
| Een per gemeente | 36, | 26 |
| Emeritusleraars | 32, | 23 |
| Legitimasie | 49, | 32 |
| Nie-APKleraar se dienste | 162, 163, | 79, 80 |
| Opleiding - fondse | 25, | 20 |
| - kyk ook: Kuratorium se verslag | | |
| - leerplan | | 33 |
| Pensioen | 23, 33, 36, 56, 66, 273, | 19, 23, 24, 26, 93 |
| Reisende | 31, 162, | 14, 23, 25, 26, 79 |
| Reiskoste | 64, | 95 |
| Status | 45, | 29, 33 |
| Toelating van | 20, | 14, 30 |
| Traktement | 23, 35, 55, | 19, 25, 26 |
| Trustfonds vir pensioen | 258, | 92 |
| **PREEK** | | |
| Hulp van ander kerke | 163, | 80 |
| Op kassetband | 101, | 73 |
| Publisering van bundel | 21, 162, | 18, 79 |
| **REGISTERS** | | |
| Doop- en lidmate: kyk GEMEENTE | | |
| **REGSPERSOONLIKHEID** | | |
| - en kerklike eiendom | 28, | 21, 27, 123 |
| **REGTE** | | |
| Verslag, Permanente Kom | 165, | 39, 55, 102 |
| Tydelike Kom | 263, | 15 |
| **REISKOSTE** | | |
| Kyk PREDIKANT | | |
| **RING** | | |
| Argief | 338, | 119 |
| Indeling van | 19, | 113 |
| Uitgawes gedek deur 15% | 36, | 26, 97 |
| Verslae van gemeente | 216, | 112 |
| Vrae in ringsvorms | 235, | 54 |

SANGBUNDEL
Eie, 147, 150, 80, 82

SAUK EN TV
Standpunte 249, 57

SENDING
Beleid 77, 86
Praktiese riglyne 89, 87
Ringsvorm 92, 89
Verslag 77, 86

SINODE
Argief 338, 119
Begroting 57, 43
Dagprogram 9, 5
Finansieringsbasis 67, 92
Fondse vir 41
Kommissies benoem 123
- saamgevoeg 96
Notule geïntegreer 110
Openingsrede 148, 32
Sinodesitting geval (gedig) 36
Sittingsreg 3, 29, 2, 15

S.K.K.
Sittingsreg van sy afgevaardigdes 3, 29, 2, 15
Skakeling met ander instansies 25, 20
Verkose lede 92, 95, 122
Verslag 15, 11, 17
- Bylae P 38.1, 116

SKOOL
Pre-primêre 76, 85

SKRIBA
Waarnemende 3

SONDAGSKOOL
Boeke 21, 232, 18, 48, 53
Diploma 229, 50, 110
Lesplanne 234, 53
Nuwe terminologie 228, 230,
249, 288, 49, 51, 53, 57,
111.
Reëls / riglyne 237, 49, 53
Registers en diplomas 239, 240, 112
Voorgangers, Toekenning aan 112
Volwassenes, Handboek vir 288, 111

STEMOPNEMERS
Aanwysing 3.

| | | |
|---|---|---|
| STUDIEFONDS | | |
| Beurse | 44, | 29 |
| Lenings | 48, | 32 |
| Willie Lubbefonds | 44, | 29, 98 |
| SUSTERKERKE | | |
| Erkenning | 252, | 61 |
| TENTMAKERSBEDIENING | | |
| Ondersoek | 31, 250, | 22, 59 |
| TEOLOGIESE SKOOL | | |
| Opening | 43, | 27 |
| Leerkragte | 43, | 28 |
| TOEKOMSGESPREK | | |
| Verslag oor | 246, | 56 |
| TWAALF ARTIKELS | | |
| Beskrywingspunt | 253, | 61 |
| TYDELIKE KOMMISSIES | | |
| Lys van | 5, | 4, 6 |
| Samestelling | | 37 |
| VAALRIVIERSKENKING | | |
| Ontwikkeling van | 25, | 20 |
| VAKANSIEDAE | | |
| Vertoë oor | 252, | 61 |
| VERBONDSONDERRIG | | |
| Kyk Sondagskool | | |
| VERJAARDAG EN DANKDAG | | |
| Bepaling van | 34, | 24 |
| VEROOTMOEDIGING | | |
| Dag van | 24, | 19 |
| VERSEKERING | | |
| Ongevalle | 63, 273, | 93 |
| VIDEOS | | |
| Besware | 247, | 57 |
| VORMS | | |
| Kerklike | 22, | 18 |
| Ringe - sending | 92, | 89 |
| - jeug | 235, | 54 |
| Verslag | 30, 215 | 22 |

VROUE
- aksie: kerkordelike posisie 24, 19, 116
ringsverslagvorm 253, 61
SKKverslag, Bylae B 38.1, 116
Skriftelike beswaar 124
Werk per begroting 64, 280, 95
Wêreldbiddag vir 24, 32, 19, 23

VRYMESSELARY
Lidmaatskap en 245, 56

WEERBAARHEID
By bewaarskole en jeugkampe 75, 85

WEISS
Prof PFD 36, 26

WRK en SARK
Vermaning 251, 61

A F R I K A A N S E   P R O T E S T A N T S E   K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

## NOTULE VAN DIE TWEEDE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK GEHOU TE KLEIN KARIBA, WARMBAD VANAF 22 - 26 AUGUSTUS 1988

### 1. OPENING

Dr. J.D. Malan neem volgens Bepaling 10.5 die leiding met die opening om 14h00.

Hy laat sing Ges. 10:1, 3 en lees 2 Kor. 4:7-15. Hy beklemtoon vers 7 en gaan voor in gebed.

### 2. VERWELKOMING

Dr. Malan verwelkom al die aanwesiges wat veilig gereis het uit al vier provinsies en spreek die wens uit dat die vergadering tot eer van God sal wees.

Ouderling W. Hoffman verwelkom die sinode namens die gemeente Warmbad, asook Tuinplaas en Waterberg.

### 3. VERSLAG VAN TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE (V 1)

Ds. R. Marè lewer die verslag. (Vir name sien Bylae "A")

3.1 Geloofsbriewe waarop oefenaars as leraars afgevaardig is en sommige ander geloofsbriewe word na die kommissie terugverwys vir verslag.

3.2 'n Kworum is teenwoordig en die vergadering word as wettig verklaar.

3.3 Ds E Friis rapporteer dat br J Kriek, primarius-afgevaardigde van Koedoesrand, oorlede is. Meegevoel word staande betuig deur die sinode en ds Friis gaan voor in gebed.

### 4. AANWYSING VAN STEMOPNEMERS EN -TELLERS

Diaken J.E. Beeslaar word aangewys as voorsitter met die volgende lede:

A.P.L. v.d. Ryst
G.C. Wolfaardt
J.J. van Rooyen
C.L.D. Cronje
H.C. de Beer
C.J. Jacobs
L.J. Labuschagne
W.D. Steyn
C.C. Oosthuizen

ORDEMOSIE

Die volgende ordemosie dien voor die vergadering en word algemeen aanvaar:

**Die sinode besluit dat die vergadering geslote sal wees totdat punt 10 op die agenda (Sinode en Pers) behandel word aangesien sake wat nou hanteer gaan word, kontensieus kan wees.**

(NJ Rautenbach)

Die volgende persone verlaat die vergadering :

* Alle nie-afgevaardigdes;
* alle broers wie se geloofsbriewe nie in orde bevind is nie;
* alle reisende leraars in diens van die SKK
* alle SKK-lede wat nie deur gemeentes afgevaardig is nie.

5. SITTINGSREG VAN SKK-AFGEVAARDIGDES

5.1 Aanbeveling 16 uit die verslag van die SKK word deur die voorsitter van die SKK aan die orde gestel. Dit dien as voorstel voor die sinode.

Die volgende amendement dien voor die sinode:

Dat die voorstel van die SKK in die verslag (16.1) verwys word na die Tydelike Regskommissie vir verslag aan die sinode.

(AS van Jaarsveld, I Brink)

Die amendement word met verlof van die vergadering teruggetrek.

Die volgende ordemosie word met meerderheid van stemme aanvaar :

**Die voorstel van die SKK insake toevoeging van artikel 38.3 word verwys na die Tydelike Regskommissie.**
(JA du Plessis, J Freeke)

5.2 Aanbevelings 16.1, 16.2 en 16.3 van die verslag van die SKK word deur die voorsitter van die SKK as voorstel voor die sinode gestel.

Die volgende ordemosie word met meerderheid van stemme aanvaar :

**Dat die saak van 16.1, 16.2 en 16.3 eers aan die orde kan kom wanneer die Tydelike Regskommissie verslag gedoen het oor die voorgestelde artikel 38.3.**
(MFM Pretorius, AG Burger)

6. ORDEREëLS VIR KERKLIKE VERGADERINGS

Die ordereëls word as gelese beskou.

7. VOORSITTERSHAMER

Die voorsittershamer wat deur br Justus van den Heever van Biesiesvlei gemaak en geskenk is, word met dank aanvaar.

8. SINODE EN DIE PERS

Die voorsitter van die SKK dra aanbeveling 15 uit die verslag van die SKK as voorstel aan die sinode voor. Dit word met algemene stem aanvaar:

> Die sinode besluit dat sy huidige vergadering geslote is vir die media; dat 'n tydelike kommissie vir media-skakeling bestaande uit vyf lede eenmaal per dag 'n persverklaring uitreik; dat die kommissie voor 'n persverklaring oorleg pleeg met die ampsdraers van die sinode ; dat die kommissie bestaan uit drie predikante en twee ouderlinge; dat die ampsdraers van die sinode die kommissielede (nie-ampsdraers) aanwys; dat totdat die ampsdraers gekies is, die volgende drie voorlopig dien: ds NJ Rautenbach (s) ds JJ Venter, ds DR Schwartz.

9. VERSLAG VAN TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE

Ds R Marè versoek namens hierdie kommissie dat die saak insake oefenaars wat as leraars deur kerkrade afgevaardig is, asook ander onreëlmatighede in verband met geloofsbriewe verwys moet word na die Tydelike Regskommissie.

Dit word algemeen aanvaar.

10. KLEREDRAG TYDENS DIE SINODESITTING

Met algemene stem word die volgende voorstel aanvaar:

**Die sinode staan by sy besluit van 1987 dat kleredrag tydens die sinode 'n netjiese pak klere met 'n das is .**

(LD Pienaar, DR Schwartz)

## 11. NOMINASIES VIR VOORSITTER VAN SINODE

Die volgende nominasies word ingedien

| | | |
|---|---|---|
| drr | CI van Heerden | |
| | WJG Lubbe | |
| | FAH van Staden | |
| | JD Malan | GD Scheuer |
| di | E Friis | R Marè |
| | AJ Taute | AS van Jaarsveld |
| | MC Adendorff | HB Heymans |
| | A Boshoff | |

## 12. STEMMING VIR VOORSITTER VAN SINODE

Terwyl die stemme getel word, word saamgesing uit Gesang 222: 1,4.

Die voorsitter, dr JD Malan, kondig aan dat dr WJG Lubbe met volstrekte meerderheid aangewys is as voorsitter van die sinode.

## 13. VERKOSE VOORSITTER NEEM STOEL IN

Dr WJG Lubbe neem die stoel in nadat die seën van die Here hom spontaan toegesing is uit Ps 134: 4.

Hy bedank die sinode vir die vertroue in hom gestel, asook vir die seënbede. Hy doen 'n beroep op die vergadering vir hartlike samewerking en nooi almal om met vrymoedigheid deel te neem aan die besprekings.

## 14. TELEGRAMME VAN GELUK- EN SEëNWENSE

Die voorsitter lees telegramme van geluk- en seënwense voor van APK Vroueaksie en APK Springs.

## 15. AANVULLING VAN PERSONEEL VIR TYDELIKE KOMMISSIES

15.1 Tydelike Kommissie vir Verlofaansoeke

Voorgestel Oudl HCG Bester
Br PE van Rensburg
Br J de Bruyn

Algemeen aanvaar.

15.2 Tydelike Kommissie vir Notule

Die volgende persone word as lede van die Tydelike Notulekommissie benoem.

15.3 Di LD Pienaar, DR Schwartz, JD van der Merwe, JJ Venter, MP Taute, WM Grovè, Oudll AB Louw, MP Taute, JF Swanepoel, MJ Cornelius, Diak JE Beeslaar, A Boshoff.

15.4 Tydelike Regskommissie

Die volgende voorstel word goedgekeur :

**Die lede van die uittredende Permanente Kommissie vir Regte wat as afgevaardigdes teenwoordig is, maak die lede van die Tydelike Regskommissie uit met byvoeging van lede soos die sinode mag besluit wanneer die samestelling van die tydelike kommissies gefinaliseer word.**
(AS van Jaarsveld, G van der Merwe)

16. VERKIESING VAN ONDERVOORSITTER

Nominasies ontvang
Di LD Pienaar, HCG Robbertze, A Boshoff, JA du Plessis, MC Adendorff, E Friis, NJ Rautenbach, OD Scheuer, AS van Jaarsveld, AJ Taute, drr CI van Heerden, FAH van Staden, JD Malan.

Terwyl stemme getel word, word voortgegaan met die agenda.

17. VASSTELLING VAN AGENDA EN DAGPROGRAM

17.1 Etenspouses, teepouses, opening en afsluitingstye word goedgekeur. Daar word ruimte gelaat vir afwisseling van program tussen-in.

17.2 Bybelvertaling

Die volgende voorstel is ter tafel :

Dat die Bybelvertaling eerste ter sprake kom voordat enige ander saak te berde gebring word . (Hoe kan daar oor formuliere besluit word voordat daar finaliteit verkry is ten opsigte van die Woord van God?)

(Ds SJ Gouws, Ds E Friis)

**Die voorstel word nie aanvaar nie.**

17.3 Verslag van die Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid:

Hierdie verslag sal Woensdagoggend aan die orde kom. Daar is oorspronklik nie ruimte gelaat vir die behandeling van die verslag nie.

18. TEENWOORDIGHEID VAN PERS BY AMPTELIKE OPENING

**Die sinode aanvaar die voorstel :**

**Die pers behalwe "Beeld", mag die opening op Maandag 22 Augustus 1988 bywoon.**

(Ds MP Taute, Oudl APS Brits)

Die sinode besluit om na die amptelike opening vir ongeveer 45 minute te vergader, voordat verdaag sal word vir die werk van tydelike kommissies soos aangedui op die agenda.

19. PERSONEEL OP TYDELIKE KOMMISSIES

Die sinode aanvaar die beginsel dat die kern van die bestaande kommissies, deel vorm van die tydelike kommissies. Die voorsitters van die huidige permanente kommissies is die sameroepers. Die tydelike kommissies het die reg om hulle eie voorsitters aan te wys. Daar is begrip vir afgevaardigdes wat tans op meer as een kommissie dien en daarom nie altyd op ooreenstemende tydelike kommissies kan dien nie.

DIE SINODE VERDAAG OM 18H20 VIR AANDETE

AANDSESSIE EERSTE SITTINGSDAG 22/8/88 19h15

20. AMPTELIKE OPENING VAN DIE SINODE

Dr JD Malan neem die voorsitterstoel in en stel dr WJG Lubbe aan die woord. Hy gaan voor in gebed en laat sing Gesang 333: 1,2.

Skriflesing Efes 4: 1-6, Joh 17: 14-15, 20-26, Gal 5: 22.

(Die openingsrede word as Bylae "B" agter aan notule gevoeg)

Die sinode sing Ges 218: 1,3 na afloop van die openingsrede.

Dr Malan bedank dr Lubbe namens die sinode en beaam die dank aan die Here vir seëninge in die APK. Hy versoek dat die openingsrede in Die Boodskapper opgeneem word, waarna hy die voorsitterstoel weer aan dr Lubbe oorhandig.

21. TEGNIESE PROBLEME MET SOMMIGE GELOOFSBRIEWE
Na advies van die Regskommissie en van afgevaardigdes van betrokke kerkrade, besluit die sinode dat onreëlmatighede op sommige geloofsbriewe tegnies van aard is en dat die afgevaardigdes volle stem het. Gemeentes wat hierdeur geraak word, is :

Carletonville, Frankfort, Phalaborwa, Potchefstroom, Carnarvon, Algoa en Clocolan.

Die Tydelike Regskommissie sal vanaand nog aandag gee aan stemreg van afgevaardigde oefenaars.

22. ONTBREKENDE STATISTIESE GEGEWENS
'n Lys van gemeentes wat nagelaat het om jongste statistiek (soos versoek deur die SKK) in te dien, word aan die sinode voorgehou met die versoek dat dit voor vanaand ingedien word.

23. VERKIESING VAN ONDERVOORSITTER
'n Tweede stemming vind plaas tussen dr FAH van Staden, di A Boshoff en E Friis.

24. BIDSTOND : DINSDAG 23 AUGUSTUS 1988 - 08h00
Ds Neels Prins word versoek om die bidstond te lei en veral klem te lê op dankbaarheid teenoor die Heer.

25. VERSLAG VAN PERMANENTE FINANSIËLE KOMMISSIE
Ds C Snyman, voorsitter van die kommissie, dra die verslag aan die vergadering voor.

1. Personeel - kennis geneem
   1.1 Aanbeveling goedgekeur:
   **Die sinode keur goed dat oudl CJ de la Rey as lid van die kommissie gekoöpteer is.**
2. Vergaderings - kennis geneem.

3. Taakomskrywing

   3.1 - 3.3 - kennis geneem.

   3.4 Aanbeveling goedgekeur: **Die sinode keur hierdie optrede goed.**

   3.5 Aanbeveling goedgekeur: **Optrede - die Kommissie het verder besluit om alle besluite aan die SKK voor te lê wat dan sake onder gemeeentes se aandag bring waar nodig.**

   3.6 Aanbeveling goedgekeur: **Die sinode keur die taakomskrywing goed met verandering van pt 3 : " ...... by die SKK en sinode aan".**

Die kommissie het die volgende riglyne van die SKK goedgekeur :

1. Die Finansiële Kommissie beveel in die agenda van die sinode 'n begroting by die sinode aan met inagneming van sinodale inkomste en uitgawes in die voorafgaande resestyd.

2. Die Finansiële Kommissie adviseer die SKK en Kuratorium ten opsigte van die besteding van sinodale fondse.

3. Die Finansiële Kommissie beveel finansiële advies aan ringe en gemeentes by die SKK en sinode aan.

4. Die Finansiële Kommissie doen verslag van sy werksaamhede aan die sinode in die agenda van die sinode.

4. Kontrole van ontvangstes en uitbetalings.

4.1 Kennis geneem

4.2 Aanbevelings goedgekeur:

4.2.1 Die sinode bevestig die reëling dat gemeentes hul sinodale bydrae voor die 5e van elke maand sal pos.

4.2.2 Die sinode versoek kerkrade dringend om die oorbetalings aan die kerkkantoor stiptelik voor die 5e van die maand te pos.

4.2.3 Die sinode versoek kassiere om die vorm wat saam met die maandelikse oorbetaling gestuur word, volledig in te vul, aangesien die gegewens nodig is vir die goeie funksionering van die kerklike werksaamhede.

5. Traktement van leraars

5.1 Kennis geneem: Die kommissie het aandag gegee aan die traktement en het aan die SKK aanbeveel dat die traktementskale van die NG Kerk gebruik word.

5.2 Goedgekeur: Die sinode keur die optrede goed.

Punte 6, 7, 8, 9.1, 9.2, 9.4, 9.6, 9.9, 9.10, 9.11.2, 9.13, 9.14, 9.15 en 9.16 word terugverwys na die Tydelike Finansiële Kommissie vir verdere aandag en rapport sodat die resente bedrae en syfers in berekening gebring kan word.

26. VERKIESING VAN ONDERVOORSITTER

Geen volstrekte meerderheid is nog verkry nie en die vergadering stem tussen dr FAH van Staden en ds A Boshoff.

Dr FAH van Staden word verkies tot ondervoorsitter.

27. AFSLUITING VAN DIE SITTING

Na verskeie afkondigings, sing die vergadering Ges 353: 1 waarna ds H Theron sluit met gebed.

DIE VERGADERING VERDAAG OM 21h03.

TWEEDE SITTINGSDAG DINSDAG 23 AUGUSTUS 1988

28. OPENING

Ds CJ Prins gaan voor deur die vergadering Ges 62: 1,2 te laat sing. Hy open met gebed waarna hy uit Rom 11: 33-36 voorlees. Hy beklemtoon die lofprysing in die gedeelte - waarmee die APK hom hartlik vereenselwig op grond van die seën wat ons kerk ontvang het. Hy gee geleentheid vir gebed wat terdeë deur die afgevaardigdes benut word. Die bidstond word afgesluit met die sing van Ges 230: 1 en 3.

29. AANKONDIGINGS EN REëLINGS

29.1 Die voorsitter bedank ds CJ Prins en doen enkele aankondigings.

29.2 Verlofaansoeke.

Ds HS Theron 24/8/88 (Begrafnis).
Diak. PG Germishuys 23/8/88 (oggend - eksamenverpligting)
Diak. FJ Swanepoel 23/8/88 (Hofsaak waarneem)

Goedgekeur.

29.3 Notule

Die sinode besluit dat net een afskrif van die notule per gemeente beskikbaar gestel word tydens die sitting.

29.4 Die voorsitter verwelkom twee ouderlinge, br F. Lemmer en br K. Smit van Weipe as besoekers.

29.5 Presensie
Oudl JH Steenkamp (Naboomspruit) (2e sek) verskyn in die plek van Oudl FJ Swanepoel (2e Prim).

30. VERKIESING VAN SKRIBA

Ds MC Adendorff word tot skriba verkies.

31. VERSLAG : KOMMISSIE VIR FINANSIES (Vervolg sien notule bls.7.)

31.1 Beskrywingspunte (Verslag pt 9)

9.1, 9.2, 9.4, 9.6, 9.8, 9.9, 9.10, 9.13 - 9.16 reeds na tydelike kommissie verwys.

31.1.1 Pt 9.3 - Ring van Roodepoort.

**Beswaar was geopper dat verkoopbelasting gehef word op Bybels. Die sinode word versoek om die saak met die betrokke instansies op te neem.**

Goedgekeur en verwys na SKK.

31.1.2 Pt 9.5 - Ring van Heilbron

**Die ring het met ontsteltenis kennis geneem dat in sekere ringsgemeente geen gesoneerde bouperseIe beskikbaar is nie. Voorts het die ring kennis geneem dat vanaf 1 Februarie 1988 geen erwe in die O.V.S. hersoneer word nie. Vervolgens versoek die ring die sinode om die aangeleentheid met die Administrateur van die O.V.S. op te neem. (Verslag 9.5)**

Goedgekeur en verwys na SKK.

31.1.3 Pt 9.11 - Ring van Olifantshoek.

9.11.1 Die ring rig 'n mosie van dank aan die sinode ten opsigte van die sinodale verpligting wat verminder is na 15%.

Kennis geneem

9.11.2 Die Ring versoek die sinode dat waar 'n dankoffer eenmalig vir 'n jaar gegee word, die sinodale aanslag prorate oor 'n jaar versprei word - Verwys na tydelike kommissie .

Pt 9.12 - Word behandel by verslag van Regskommissie.

31.1.4 Pt 9.17 - Datum van boekjaar.

Aanbeveling goedgekeur : **Die boekjaar bly soos in 1987 besluit nl 1 Januarie tot 31 Desember.**

31.1.5 Pt 10 - Ontmoeting kommissies

Die kommissie is steeds beskikbaar om begroting te bespreek.

Kennis geneem.

Hierdie deel van verslag is afgehandel.

32. <u>ORDEMOSIE GOEDGEKEUR:</u>

Met verwysing na bl 2 van die Kommissie vir Kerkleer en -Beleid, punt 4.3, die volgende :

Die Ring van Lichtenburg versoek :

1. dat aangesien die ontbrekende stuk wel ingehandig is, maar blykbaar om onverklaarbare redc verlore geraak het, die saak wel ter sprake mag kom;

2. aangesien die stuk nou wel beskikbaar is, dit volledig gedupliseer en aan die afgevaardigdes beskikbaar gestel word;

3. dat die verslag na die Tydelike Kommissie vir Kerkleer en -Beleid verwys word, vir verslag en aanbeveling aan die sinode.

(HCG Robbertze, DR Schwartz)

33. <u>VERKIESING VAN ASSISTENT-SKRIBA</u>

Ds A Bochoff word verkies tot assistent-skriba.

34. <u>VERSLAG : SENTRALE KERKEKOMMISSIE</u>

Die voorsitter stel die verslag van die SKK aan die orde.

34.1 Lede - kennis geneem

34.2 Dagbestuur

34.2.1 Samestelling - kennis geneem

34.2.2 Opdrag - kennis geneem

34.2.3 Handelinge - met dank kennis geneem

34.3 Kuratoriumsamestelling

34.3.1 - 34.3.12 - kennis geneem

34.4 Kerkkantoor en onderriglokaal vir Teologiese Skool.

34.4.1 Gebou. Kennis geneem met eerbied en dankbaarheid teenoor die Here.

34.4.2 Ameublement - kennis geneem

34.4.3 Toerusting - kennis geneem

34.5 Administratiewe personeel

34.5.1 Administrateur - kennis geneem

Die volgende voorstelle word goedgekeur:

1. 'n Ad hoc kommissie van ondersoek word gevra i.v.m. die bedanking van dr FAH van Staden. Alle stukke moet ondersoek word en getuies moet genader word.

(E Friis, B Genis)

2. Die ad hoc kommissie sal uit 4 lede bestaan: : di JA du Plessis, AS van Jaarsveld, dr CI van Heerden, oudl Frik Boltman.

(E Friis, B Genis)

3. Die sinode besluit dat die gekose ad hoc kommissie aan die SKK so gou moontlik sy bevindinge bekend maak met die oog op implementering van dringende aanbevelings en dat die ad hoc kommissie verslag aan die volgende sinode lewer.

(AS van Jaarsveld, CI van Heerden)

34.5.2 Senior Administratiewe Beampte - kennis geneem

34.5.3 Rekenmeester - kennis geneem

34.5.4 Rekeningklerk - kennis geneem

34.5.5 Sekretaresse-tikster (Kuratorium) - kennis geneem

34.5.6 Sekretaresse-tikster (SKK) - kennis geneem

34.5.7 Telefoniste/ontvangsdame. Kennis geneem met dank.

34.5.8 Kantoorassistent - kennis geneem.

34.5.9 Spysenier - met groot dank kennis geneem.

34.5.10 Skoonmaker - met groot dank kennis geneem.

34.5.11 Tuinversorging - met groot dank kennis geneem.

Aanbeveling 2 (bl 13) is goedgekeur:

**Die sinode betuig sy hartlike dank aan die personeel in die kerkkantoor vir die besondere wyse waarop hulle hul taak verrig in die vormingstyd van die kerk, ook aan lidmate vir vrywillige diens in en om die kantoor.**

34.6 Permanente kommissies

34.6.1 tot 34.6.18 - kennis geneem

34.6.2 Aanbeveling 4 goedgekeur:

**Die sinode betuig graag sy waardering teenoor elke kommissie wat sy taak getrou verrig het.**

34.7 Ringe - kennis geneem, met teleurstelling oor die reaksie van ringe.

34.7.1 Die volgende voorstel word goedgekeur:

**Die sinode besluit dat ringsverslae wat nie betyds in is nie, nie in ontvangs geneem sal word nie.**

(JH Theron, E Friis)

34.8 Kerkorde en Handelinge van die sinode

Met dank teenoor ds MC Adendorff kennis geneem.

34.9 Stigting van gemeentes.

34.9.1 Met groot dank kennis geneem.

34.9.2 Kennis geneem

34.9.3 Kennis geneem

34.9.4 Met groot dank kennis geneem.

34.9.5 Kennis geneem.

34.10 Toelating van predikante

34.10.1 **Predikante is sedert die eerste sinodesitting deur die Dagbestuur van die SKK namens die SKK tot die bediening in die APK toegelaat. Slegs die gemeente Viljoenskroon het 'n leraar beroep terwyl hy nog in die NG Kerk was, strydig met die advies van die Dagbestuur van die SKK. Die Dagbestuur het besluit om by die sinode aan te beveel dat die optrede van die gemeente Viljoenskroon gekondoneer word. Gevalle van leraars wat nie predikantstatus het wanneer hulle na die APK oorkom nie, word deur die Kuratorium behartig.**

Goedgekeur

34.10.2 Kennis geneem

Die volgende voorstelle dien:

1. Die sinode kondoneer die SKK se aanbeveling om reisende leraars reg van sitting op hierdie sinode te gee.

   (CI van Heerden, J Odendaal) Verwys na Tydelike Regskommissie.

2. **Die sinode besluit dat die kerkregtelike posisie van reisende leraars grondig deur die te-benoemde kerkregtelike kommissie ondersoek moet word. Daar moet besin word daaroor of 'n kommissie van 'n sinode 'n predikant mag beroep (vgl art 8 KO). Indien nie, hoe kan predikante wat moet rondreis om 'n belangrike werk in belang van al die kerke (gemeentes) te verrig, op 'n kerkordelike wyse beroep word? Moet die kerke landswyd vir daardie doel as 'n kombinasie van gemeentes geag word wat die beroeping opdra aan 'n bepaalde kerk (gemeente) op advies van die Kuratorium (of SKK)?**

   (R Marè, MJ Hartzenberg)

   Goedgekeur

34.10.3 Met dank kennis geneem.

Wysig na "Die SKK het tans 2 predikante in reisende diens."

34.10.4 Kennis geneem

34.10.5 Die volgende optrede van die SKK word goedgekeur :

Die SKK het enkele persone met predikantstatus wat as nie beroepbaar geklassifiseer was op grond van ouderdom of die posisie wat hulle reeds in diens van die kerk beklee het, beroepbaar gestel met beperkte opdrag. Dit is veral gedoen om te voorsien in die groot behoefte aan predikante. Dit beteken dat die kategorie predikante deur die kerkrade beroep en bevestig kan word ooreenkomstig die eise van die Kerkorde met 'n beperkte opdrag soos deur die kerkraad bepaal en in die beroepsbrief uiteengesit.

Leraars wat in hierdie kategorie beroepbaar was, is prof WJG Lubbe, prof PFD Weiss, dr FAH van Staden, en ds PK Roodt. Laasgenoemde is egter ook beroepbaar vir 'n volle leraarspos.

DIE VERSLAG WORD HIER ONDERBREEK

35. VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR REGTE A1

35.1 Lede - kennis geneem.

35.2 Opdrag - kennis geneem.

35.2.1 Aanbeveling 16 van die SKK-verslag (Agenda bl 29)

Die volgende aanbevelings word goedgekeur:

1. **Die sinode besluit om nie die voorgestelde artikel 38.3 tot die Kerkorde toe te voeg nie, maar te volstaan met art 38.1 en 38.2.**

2. **Die sinode besluit dat geen sittingsreg-met-keurstem aan die betrokke SKK-afgevaardigdes (SKK-aanbevelings 16.1 - 16.3) verleen word nie, ten spyte van die hoogste waardering vir hulle dienswerk gedurende die afgelope jaar.**

3. **Die sinode besluit dat tydelike en/of permanente kommissies van die sinode te enigertyd kundige lidmate mag koopteer, wat by die betrokke kommissie adviserende stem sal hê.**

4. Vir kennisname :

Die sinode beklemtoon dat, volgens gereformeerde kerkregtelike beginsels, permanente kommissies van 'n sinode nie afgevaardigdes per geloofsbrief na 'n sinode kan afvaardig nie.

35.2.2 Sittingsreg van oefenaars (sien verslag van die Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe punt 3.1)

Aanbeveling goedgekeur:

**Die sinode besluit dat 'n oefenaar slegs sittingsreg-met-keurstem kan hê indien hy as ouderling afgevaardig is; andersins mag hy die sinode slegs as waarnemer bywoon. Dieselfde beginsel geld vir 'n oefenaar wanneer die kerkraad reeds twee ander ouderlinge as afgevaardigdes benoem het.**

35.2.3. Sittingsreg van Kroonstad se afgevaardigdes (sien Rapport van die Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe, punt 4.2)

Die volgende voorstel word goedgekeur:

**Die sinode besluit eenparig dat Kroonstad se ouderling self die geloofsbrief sal onderteken.**

35.3 In verband met die afgevaardigdes van Koedoesrand word besluit:

Die vergadering besluit eenparig dat die geloofsbrief deur die oudl en ds E Friis onderteken word.

## 36. VERSLAG KOMMISSIE VIR VERLOF

Die volgende word goedgekeur:

Oudl AP Kilian 23/8/88 (aand) en 24/8/88. (Kongres bywoon)

Oudl. JP Mills vra verlof vir 25 en 26 Augustus. (Kongres bywoon)

Afvaardiging van Dundee/Glencoe, JJ Odendaal en LJ Cronje, kan die sinode slegs tot 23/8/88 bywoon . (Dringende verpligtinge)

Oudl PJ Becker, Dendron - vanaf 24/8/88. (Boerdery verpligtinge)

Diak JJB Nel 23/8/88 vanaf 15h00. (Raadsvergadering)
Ds. PW Botha vanaf 22/8/88 aand. (Siekte tuis)

37. RAPPORT GELOOFSBRIEWE V2

Reeds goedgekeur.

Die volgende mosie oor veiligheid word voorgelê:

Ons is besorg oor die veiligheid van sinodegangers op hierdie terrein teen moontlike terroristiese aanvalle.

Ons stel voor dat veiligheidsmaatreëls getref word.

(B. van Rooyen, PW Botha)

Die saak word verwys na ds N Rautenbach en br I Kotze

38. VERKIESING VAN AKTUARIUS

Die volgende persone word genomineer:

dr CI van Heerden, di AS van Jaarsveld, IA Brink, R Marè, JH Theron JA du Plessis, AJ Taute, OD Scheuer, E Friis en oudl Thom.

Ds AS van Jaarsveld word verkies.

39. SKK VERSLAG (Vervolg)

Die verslag word verder behandel.

39.1 Pt 11 Interkerklike Verhoudings - kennis geneem
(Die volgende regstelling word gemaak - Gereformeerde Kerke in SA)

Die volgende voorstel word goedgekeur, maar uitvoering word teruggehou totdat die instansies positief reageer het:

**Die sinode rig skrywes van dank aan alle gemeentes van enige kerkverband wat samewerking verleen asook bestuursrade van skole wat samewerking aan gemeentes van die APK verleen.**

(MJ Cornelius, WM Grove)

39.2 Pt 12 Sondagskoolboeke

12.1 tot 12.3 - kennis geneem.

Aanbeveling 5 goedgekeur:

**Die sinode boekstaaf sy dank teenoor die skrywers van die Sondagskoolboeke wat daarmee reg laat geskied het aan die eie inslag van die APK in sy kategetiese onderrig, asook teenoor die redaksie, eindredaksie, kunstenaars en drukker.**

39.3 Pt 13 Preekbundel - kennis geneem

39.4 Pt 14 Inligtingstuk - kennis geneem

39.5 Pt 15 Die Boodskapper - kennis geneem

Aanbeveling 6 goedgekeur:

**Die sinode doen 'n beroep op kerkrade om vir hulle lidmate in te teken op Die Boodskapper.**

**Die sinode ag dit ter wille van doeltreffende kommunikasie in die AP Kerk noodsaaklik dat Die Boodskapper gereeld elke besoekpunt bereik, dat Die Boodskapper nuusmedia, veral kerklike nuusmedia bereik en gee opdrag aan die SKK om hieraan uitvoering te gee sover wenslik en doenlik.**

39.6 Pt 16 Ander lektuur - kennis geneem

Aanbeveling 7 goedgekeur:

**Die sinode verbly hom oor die lewendige vraag na christelike literatuur onder APK lidmate en dra dit aan die SKK op om met sy bevordering van behoudende Christelike lektuur voort te gaan.**

Die volgende voorstel word verwys na die Kommissie vir Publikasies :

Die boek : Ons Eie Kleuterbybel
Om hierdie lektuur uit ons boekwinkels en kerklike verspreiding te weer.

(JF Freeke, JA du Plessis)

39.7 Pt 17 Kerklike vorms - kennis geneem

39.8 Pt 18 Ouditering - kennis geneem

39.9 Pt 19 Traktement van predikante - afgehandel

39.10 Pt 20 Salarisse van kantoorpersoneel. Afgehandel

39.11 Pt 21 Predikante pensioen - kennis geneem.

39.12 Pt 22 Behuising vir leraars - kennis geneem

39.13 Pt 23 Israelvisie - met dank kennis geneem

39.14 Pt 24 Pinksterdienste - kennis geneem

39.15 Pt 25 Wêreldbiddag vir vroue - kennis geneem

39.16 Pt 26 Dag van Verootmoediging - kennis geneem

39.17 Pt 27 Alimentasie - kennis geneem

39.18 Pt 28 Kerkordelike posisie van Vroueaksie - kennis geneem

39.19 Pt 29 Ampsdrag - kennis geneem

Aanbeveling 9 goedgekeur:

**Die sinode keur die aanbeveling van die SKK goed t.o.v. ampsdrag by eredienste.**

9.1 Kennis geneem.

39.20 Pt 30 Stigting en afstigting van gemeentes - kennis geneem.

39.21 Pt 31 Skakeling tussen kommissies en gemeentes.

Die volgende voorstel word goedgekeur :

1. **Die sinode onderskryf die beginsel in die gereformeerde kerkreg wat soos volg lui: Geen kerk sal oor ander kerke, geen dienaar oor ander dienare, geen ouderling of diaken oor ander ouderlinge of diakens heerskappy voer nie.**

   **Hieruit voortvloeiend aanvaar die sinode dat elke permanente kommissie deur die sinode benoem sy lasgewing van die betrokke sinode ontvang en hom binne die perke van sy opdrag moet hou.**

2. Die sinode dra dit aan die Tydelike Kommissie vir Kerkleer en -Beleid op om hierdie sinodesitting te dien met 'n omskrywing van die taak en opdrag van die Sentrale Kerkekommissie. Die sinode besluit verder dat vir hierdie doel die dagbestuur van die uittredende SKK deur die kommissie vir Kerkleer en -Beleid gekoopteer word.

3. Die sinode dra dit verder op aan die Kommissie vir Kerkleer en -Beleid om die volgende sinode te dien met 'n duidelike omskrywing van die lasgewing aan elke permanente sinodale kommissie.

Die kommissie vir Kerkleer en -Beleid sal sy verslag voorlê aan die permanente Regskommissie vir advies voordat verslag aan die volgende sinode gelewer word.

4. Die sinode besluit dat die Kommissie vir Kerkleer en -Beleid advies sal voorsien aan die volgende sinode rakende die toegang van sinodale kommissies tot kerkrade en gemeentes.

(AS van Jaarsveld, JA du Plessis)

39.22 Pt 32 Fondse i.v.m. opleiding van predikante - kennis geneem

Aanbeveling 10 goedgekeur:

Die sinode onderskryf die siening van die SKK t.o.v. die onderskeiding tussen die bestaande onderskeie fondse ten bate van teologiese opleiding. Die wyse waarop voorsiening vir sulke fondse gemaak word, vir sover die sinode daaroor moet besluit, word behandel by die verslag van die Kuratorium.

39.23 Pt 33 Ontwikkeling van Vaalrivierskenking - kennis geneem

Aanbeveling 11 goedgekeur:

Die sinode keur die SKK se maatreëls vir voorlopige beplanning goed, versoek dat die betrokke beplanningskommissie ongeveer driemaandeliks verslag doen aan die SKK en dat hierdie beplanning as 'n saak van groot gewig, van dringendheid, van wye oorleg en van verreikende implikasies beskou moet word.

39.24 Pt 34 Skakeling met verskillende instansies - kennis geneem

Aanbeveling 12 goedgekeur:

**Die sinode gee geleentheid aan dr CI van Heerden, dr MFM Pretorius en ds MC Adendorff om die sinode kortliks in te lig oor gebeure en indrukke by hulle onderskeie sendings.**

Dr CI van Heerden rapporteer kortliks oor sy besoek aan die grens. Ons moet gerus van Kol. Bezuidenhout gebruik maak.

Dr MFM Pretorius meld dat hy die Gereformeerde Teologiese Vereniging se vergadering bygewoon het. Vir prof Spoelstra het dit bloot om 'n kerkhistoriese weergawe gegaan.

Ds MC Adendorff meld dat net drie predikante namens die verskillende kerke by die Komitee vir Maatskaplike Aangeleenthede van die Presidentsraad was. Die APK is veral onder kruisverhoor gestel.

39.25 Aanbevelings van die SKK aan die Sinode

Aanbeveling 1 goedgekeur:

**Die sinode boekstaaf sy innige dank teenoor die Here vir die besondere seën wat Hy aan ons kerk geskenk het, soos veral blyk uit die groei in lidmate-, gemeente- en predikantetal, asook die ruim bydraes van lidmate. Aan God Drie-enig die eer vir ontelbare seëninge, geestelik en stoflik.**

Aanbeveling 3 goedgekeur:

**Die sinode spreek sy dank uit teenoor alle gemeentes wat met soveel inspirerende entoesiasme meewerk aan die opbou van die kerk van Christus.**

Aanbeveling 13 - Regspersoonlikheid en kerklike eiendom

Dit word verwys na die Tydelike Kommissie vir Regte.

Aanbeveling 14 goedgekeur:
**Die sinode besluit om die Kommissie vir Formuliere en die Kommissie vir Liturgie saam te voeg tot een Kommissie t.w. die Kommissie vir Formuliere en Liturgie.**

<u>DIE SINODE VERDAAG VIR MIDDAGPOUSE OM 13H00</u>

MIDDAGSESSIE 14HOO

39.26 Pt 17 - Beskrywingspunte

39.26.1 Pt 17.1 Gemeentelike verslagvorm
Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

39.26.2 Pt 17.2 Die Boodskapper

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode stel dit as uiteindelike ideaal dat Die Boodskapper stap vir stap uitgebrei moet word tot volwaardige weeklikse blad van die APK en verwys die aangeleentheid na die SKK en die redaksie om met volledige beplanning en begroting aanbevelings by die volgende sinode te doen.

39.26.3 Pt 17.3 NG Kerk Boekhandel

1. Kennis geneem
2. Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode versoek die SKK om aandag te gee aan die daarstelling van 'n eie APK boekhandel.

Die volgende amendement word bygevoeg:

..... en die sinode te adviseer met die verstandhouding dat dit finansieel onafhanklik sal funksioneer.
(IA Brink, CI van Heerden)

39.26.4 Pt 17.4 Hulp aan behoeftige boere

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode versoek kerkrade waar sodanige gevalle voorkom, om met die SKK daaroor te skakel, en dra dit aan die SKK op om met die owerheid daaroor te onderhandel.

39.26.5 Pt 17.5 Tentmakerbediening

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode keur die beskrywingspunt goed, verwys die ondersoek na die permanente Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap, wat versoek word om aan die eersvolgende sinode te rapporteer.

Met byvoeging van :

In oorleg met die Kommissie vir Regte

39.26.6 Pt 17.6 Bywoning van eredienste deur anders-kleuriges

Afgehandel

39.26.7 Pt 17.7 Reisende leraars in elke ringsgebied.

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode is diep bewus van die groot behoefte aan die diens van leraars in sommige streke van ons land, en dra dit aan die SKK op om met groot deernis daarin te probeer voorsien met die middele en die leraars tot sy beskikking.

39.26.8 Pt 17.8 Wêreldbiddag vir vroue

Aanbeveling 1 goedgekeur:

Die sinode handhaaf vir die toekoms die reëling getref soos in punt 25 van die verslag van die SKK

Aanbeveling 2 goedgekeur:

Die sinode is van mening dat ons juis vanuit ons besondere standpunte die korrekte inhoud moet gee aan temas vanuit die Skrif wat met verkeerde betekenis gelaai word deur sekere instansies. Daarom dra die sinode dit aan die Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap op om die susters hiermee behulpsaam te wees.

39.26.9 Pt 17.9 Emeritusleraars

Aanbeveling 1 goedgekeur:

Die sinode oordeel dat die pensioen wat 'n emeritusleraar ontvang, deel is van sy verdienste vir die jare wat hy reeds gedien het. Die sinode het die hoogste waardering vir sulke leraars wat die laatmiddag van hulle lewe rustig kon deurbring, maar nou nogtans bereid is om hulle kragte tot beskikking van die APK in diens van die Here te stel. Die sinode oordeel voorts dat hulle diens nie minderwaardig is nie, en dat hulle daarom ten volle geregtig is op billike vergoeding daarvoor.

Aanbeveling 2 - Die volgende amendement word goedgekeur:

**Die sinode handhaaf die aanbeveling van die SKK by kerkrade dat ander kerke se predikante (NGK, NHK of GKSA) onder 65 jaar wat aftree en dus 'n deel van hulle pensioen afstaan, volle traktement ontvang indien hulle in 'n AP Kerk bevestig sou word.**

(J J Venter, GC Wolwaardt)

Aanbeveling 3 - Staan oor tot by Kuratorium verslag.

39.26.10 Pt 17.10 Pensioenfonds vir predikante

Saak kom weer voor by Finansiële verslag.

39.26.11 Pt 17.11 Verjaardag 27 Junie en Dankdag op 6 April

Aanbeveling goedgekeur:

**Die sinode keur dit goed en dra dit aan die SKK op om dit aan die gemeentes deur te gee.**

39.26.12 Pt 17.12 Suiwere optrede deur APK

Aanbeveling 1 goedgekeur:

**Die sinode verklaar dit as sy vaste uitgangspunt om in alle opsigte te handel volgens die lig wat hy in die Skrif vind, en in getrouheid aan die belydenisskrifte.**

Aanbeveling 2 goedgekeur:

**Die sinode stel dit onomwonde dat die APK in diens van geen politieke party staan nie, en dat geen partypolitiek vanaf kansels bedryf mag word nie. Die sinode stel dit duidelik dat die APK sy profetiese roeping teenoor alle persone en instansies sonder aansiens des persoons sal nakom.**

Aanbeveling 3 soos volg goedgekeur:

**Die sinode is oortuig dat handhawing van die suiwer leer 'n Bybelse opdrag is en dus kritiek onvermydelik maak, maar sulke kritiek mag nooit liefdeloos wees nie.**

39.26.13 Pt 17.13 Besluitnemingsbevoegdheid van kerkrade i.v.m. vergoeding van leraars.

Aanbeveling 1 goedgekeur:

Die sinode keur die beskrywingspunt soos in die eerste drie paragrawe hierbo vervat, goed.

Dit lui : Die sinode bevestig bo enige twyfel die reg tot besluitneming van elke plaaslike kerk (gemeente) en kerkraad soos bepaal in art 1 en 8 van die Kerkorde.

Die sinode bevestig verder dat die reg tot die beroep van 'n leraar deur die gemeente ook die reg insluit van onderhandeling met die leraar oor 'n billike en 'n regverdige vergoedingspakket.

Enige leiding van die SKK in hierdie verband kan slegs aanbevelend van aard wees maar nie afdwingbaar nie.

Aanbeveling 2 goedgekeur:

Die sinode het groot begrip vir die omstandighede van klein gemeentes, en bring die volgende oorwegings onder hulle aandag.

1. Gesien die potensiële werkslading van 'n predikant, lyk dit nie op hierdie stadium waar daar 'n groot tekort aan leraars is, billik dat 'n enkele klein gemeente 'n leraar alleen opeis nie. Daarom doen die sinode 'n beroep op klein gemeentes om sover dit prakties uitvoerbaar is, te kombineer sodat elke leraar 'n billike lading kan dra.

2. Indien dit van 'n leraar verwag word om al sy kragte tot beskikking van 'n gemeente of kombinasie van gemeentes te stel, geld die Woord : "Die arbeider is geregtig op sy loon." (1 Tim 5: 18) In die vasstelling van die traktement behoort 'n kerkraad hom ook te laat lei deur die algemene praktyk wat in die verbond van plaaslike kerke geld.

3. Aanbeveling goedgekeur:

**Die sinode dra dit aan die SKK op om voortdurend met noulettendheid en met inagneming van alle ter sake omstandighede gemeentes te adviseer i.v.m. die vergoeding van leraars.**

39.26.14 Pt 17.14 tot Pt 17.24 Die sake word verwys soos in die verslag aanbeveel.

Die verslag in sy geheel met dank aanvaar.

39.27 Die volgende voorstel word goedgekeur:

**Gemeentes wat van die dienste van reisende predikante gebruik wil maak via die SKK, moet noodwendig in samewerking met die SKK die maksimumkoste bydra vir die duur van die reisende predikant se dienstydperk in die gemeente.**

(FAH van Standen, A Boshoff)

## 40. VERSLAG VAN KURATORIUM

40.1 Samestelling -

1.1 Kennis geneem
1.2 Kennis geneem
1.3 Aanbeveling 1 word nie aanvaar nie

Die volgende amendement word goedgekeur :

**Die sinode wys die Kuratorium aan en wel soos volg : 11 lede met secundi**

(IA Brink en JA du Plessis)

40.2 Dagbestuur - kennis geneem

40.3 Vergaderings - kennis geneem

40.4 Subkommissies

4.1 - 4.2 - kennis geneem

4.3 Aanbeveling 2 goedgekeur:

**Die sinode keur die maatreëls deur die Kuratorium getref vir die doeltreffende uitvoering van sy taak deur middel van die stelsel van subkommissies goed.**

40.5 Akkommodasie

5.1 Regspersoonlikheid - kennis geneem

5.2 Aankoop van eiendom

5.2.1 - 5.2.3 - Kennis geneem

5.2.4 - Aanbeveling 3 goedgekeur:

3.1 Die sinode keur die stappe deur die Kuratorium gedoen om, aangesien die SKK nie die regsbevoegdheid daartoe ontvang het nie, akkommodasie vir huisvesting vir die Kuratorium die Teologiese Skool en die SKK in die vorm van die aankoop van 'n gebou in Farendenstraat 430, Sunnyside, Pretoria goed.

3.2 Die sinode magtig die Kuratorium om na afhandeling van die kooptransaksie die nodige aanpassings te doen. Met byvoeging van : .... in ooreenstemming met die begroting soos deur die Sinode goedgekeur.

3.3 Staan oor tot by verslag Kommissie vir Finansies.

Verslag van die Subkomitee vir Finansies (Kuratorium), gemerk Bylae A : verwys na Tydelike Kommissie vir Finansies.

5.3 Fasiliteite
5.3.1 - 5.3.5 - kennis geneem.
5.3.6 - Met dank kennis geneem.

40.6 Personeel
6.1 - 6.2 - kennis geneem

6.3 Aanbeveling 4 goedgekeur:

Die sinode keur die maatreëls deur die Kuratorium getref om geskikte personeelkragte ekonomies te bekom en aan te wend vir die doeltreffende uitvoering van sy taak, goed.

40.7 Teologiese Skool
7.1.1 - Kennis geneem
7.1.2 Aanbeveling 5 goedgekeur:

Die sinode betuig sy innige dank teenoor die Here wat die mense en middele voorsien het sodat die Kerk sy eie Teologiese Skool kon open minder as agt maande na die stigtingsdatum van die Kerk en net meer as

drie maande nadat die sinode besluit het om so 'n Teologiese Skool te open.

7.2 Dosente - kennis geneem

7.2.1 Aanbeveling 6 met dank goedgekeur:

Die sinode spreek sy waardering uit teenoor die predikante en ander lidmate wat gedurende 1988 as dosente waarneem, bedank hulle vir die hoë standaard van lesings voorberei en die onderrig en opoffering aan tyd en krag.

7.2.2 Aanbeveling 7 goedgekeur:

Die sinode gee opdrag aan die Kuratorium om steeds te beplan vir die aanstelling van voltydse dosente so gou moontlik .

Mosie van dank - goedgekeur:

Die sinode spreek sy dank uit aan kerkrade wat leraars tot beskikking van die Kuratorium gestel het om behulpsaam te wees met die opleiding van predikante.

(HCB Robbertze, MC Pitout)

7.3.1 - 7.3.2 - goedgekeur

7.3.3 - Aanbeveling 8 goedgekeur:

Die sinode is dankbaar dat die Here reeds vanaf die opening van die kerk se Teologiese Skool jong manne roep om hulle in die Skool vir die evangeliebediening te bekwaam. Die sinode roep gemeentes op tot voorbidding dat dit God Drie-enig mag behaag om jongmanne te roep tot die evangeliebediening.

7.4 Leerplan

7.4.1 - 7.4.3 - kennis geneem.

Die volgende voorstel word goedgekeur :

Die Kuratorium word versoek om die getal modulelesings te heroorweeg sodat die lesinglas verminder word op die student.

(E Friis, MJ Potgieter)

7.4.4 Aanbeveling 9 - kennis geneem en verwys na Kuratorium.

7.5.1 Lenings en beurse - kennis geneem

7.5.2 Aanbeveling 10 - Beskrywingspunt van mnr H van Wyk (Biesiecvlei):
**Die sinode neem met waardering kennis van die beskrywingspunt, maar besluit dat elke gemeente gevra word om een maal per jaar 'n bydrae te maak tot die Teologiese Studiefonds as 'n spesiale bydrae.**

Goedgekeur.

7.5.3. Aanbeveling 11 - Beckrywingspunt van mnr J de Wet, (Bloemfontein)

Goedgekeur:

**Die sinode besluit dat kerkrade versoek word om te oorweeg dat :**

1. **elke kerkraad 'n kommissie benoem spesiaal vir stywing van studiefondse;**

2. **elke gemeente spesiale pogings aanwend om die Willie Lubbe-studiefonds uit te bou.**

7.6. Biblioteek
7.6.1. - 7.6.3 - kennis geneem.
7.6.4 Aanbeveling 12 goedgekeur:

**Die sinode heg sy goedkeuring aan die wyse waarop die Kuratorium belange soos leerplanne,lesings,beurse,biblioteekgeriewe, keuring, studentebegeleiding, eksaminering, Colloquium Doctum, statustoekenning, finansies, regsadvies en bekendstelling behartig het.**

40.8 Statusverlening as predikante

8.1 Kennis geneem

Dr CI van Heerden gee as wenk deur dat 'n lys van leraars wat na die APK oorgekom het, met foto's en curricula vitae in die argief bewaar word.

Die volgende voorstelle word verwys na die Tydelike Kommissie vir Regte :

1. Die sinode besluit dat gewese leraars wat tot die evangeliebediening van die Afrikaanse Protestantse Kerk vanuit ander Gereformeerde Kerke wil toetree, eers lidmaatskap van die plaaslike gemeente van die AP Kerk sal verkry. Indien daar nog nie so 'n plaaslike gemeente bestaan nie, moet die lidmaatskap by 'n ander, nabygeleë gemeente opgeneem word.
Die aansoek om toelating by die Kuratorium moet vergesel wees van 'n aanbeveling van die kerkraad van die APK gemeente, en van die ringskommissie van die plaaslike ring van die AP Kerk.

(DD Scheuer, A Boshoff)

2. Toelating van predikante
Die sinode besluit op 'n approbasietydperk van twee weke in geval van toelating van predikante tot die kerk se diens, hetsy deur die Kuratorium of die SKK.

Tydens hierdie tydperk moet sodanige beoogde toelating in elke AP Kerk (gemeente) by die normale eredienste afgekondig word vir die approbasie van lidmate.

Enige moontlike besware word op die normale kerkordelike wyse hanteer.

(AB Ebersohn, FJ Voges)

SINODE VERDAAG VIR KOFFIEPOUSE OM 16H00

HERVATTING VAN SINODE 16H30

41. KOMMISSIE VIR VERLOF.
Die volgende word goedgekeur.

Diak. A Boshoff - 24/8/1988 na 17h00 (sanggroep)
Ds RW Louw, oudle E Piater, J van der Vyver en P Myburgh, 26/8/88 vanaf 10h00. (Belangrike afspraak in Welkom)
Oudl J Badenhorst - vanaf 23/8/88 (ernstige siekte)
Oudl Balt - 24 - 26/8/88 (werksverpligtinge)
Oudl O Carlson - tans afwesig weens siekte.
Ds JN Joubert - 23/8/88 namiddag afwesig (medisyne gaan haal)
Ds PS van Staden - 23/8/88 vanaf 16h00 (mediese behandeling)

## 42. VERSOEK OM BEGENADIGING

Die volgende voorstel word goedgekeur:

42.1 Die sinode besluit dat die APK die Staatspresident nader om begenadiging van die ter dood veroordeeldes RE van der Merwe en HJ Le Grange.

(PE van Rensburg, dr JD Malan)

42.2 VERSOEKSKRIF OM BEGENADIGING, H J LE GRANGE EN R E VAN DER MERWE

Dit word soos volg goedgekeur:

Dat die sinode van die APK die Staatspresident nader om begenadiging van die ter dood veroordeeldes, te wete Van der Merwe en Le Grange.

Die sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk het eenparig 'n mosie aanvaar dat vertoë tot Sy Edele die Staatspresident gerig word ter versagting van die vonnisse wat ten opsigte van bogenoemde twee voormalige lede van die Suid Afrikaanse Polisie gevel is.

Dit wil vir die sinode voorkom asof die Le Grange - Van der Merwe-saak oënskynlik nie in graad van ernstigheid soveel verskil van ander sake van moord en sabotasie wat daagliks in ons howe verhoor word, dat hulle van begenadiging uitgesluit moet word nie.

Die Sinode rig hierdie versoek om begenadiging voorts uit barmhartigheidsoorweginge sowel as om menslikheidsoorwegings. Ons versoek dat die gesinslewe van hierdie mense in ag geneem sal word sodat gesinne die minste ontwrig sal word.

Gevolglik pleit die sinode dat die Staatspresident vir Jack le Grange en Robert van der Merwe sal begenadig.

(HCG Robbertze, JC Visser)

Die skriba sal dit aan die Staatspresident stuur.
Die sinode keur ook goed dat lyste vir ondertekening onder afgevaardigdes kan sirkuleer.

## 43. OPENINGSVOORDRAG

Die volgende voorstel word goedgekeur :

**Dat die amptelike openingsvoordrag van dr WJG Lubbe ook aan die pers verskaf moet word (ook aan Beeld), aangesien dit 'n pragtige beleidsverklaring van ons kerk is.**

(D Swiegers, FAH van Staden)

44. NAGMAAL - 23/8/88 - 19h00

Ds R Marè nooi afgevaardigdes en ander teenwoordige lede van die APK uit om saam met die gemeente van Warmbad die Nagmaal te vier. Die sinode besluit dat die offergawe tydens die Nagmaaldiens ten bate van die plaaslike gemeente ingesamel word.
Die sinode besluit dat afgevaardigdes verkieslik ampsdrag dra indien moontlik.

45. VERSLAG VAN KURATORIUM - vervolg

45.9 Oefenaars

45.9.1 Aansoek om predikantstatus - kennis geneem

45.9.2 Oefenaarskap

9.2.1 - 9.2.10 - eenparig goedgekeur. (Sien Agenda)

Ds E Friis versoek dat die sinode die Kuratorium opdrag sal gee om die moontlikheid te ondersoek om geestelike werkers wat oor minder akademiese kwalifikasies as die huidige oefenaars beskik, ook te onderrig en beskikbaar te stel.

45.9.3 Kennis geneem

45.10 Aanbevelings reeds afgehandel.

45.11 Beskrywingspunte

45.11.1 Beskrywingspunt van die kerkraad van die gemeente Nigel aan die sinode

45.11.2 Beskrywingspunt van die gemeente Springs

Aanbeveling 1 goedgekeur:

**Die sinode neem kennis van die twee enersluidende beskrywingspunte.**

Aanbeveling 2 goedgekeur:

Die sinode keur die praktyk wat gevolg word goed, naamlik dat elke aansoek om predikantstatus volgens eie meriete behandel word.

Aanbeveling 3 goedgekeur:

Die sinode keur goed dat :

1. Lidmaatskap van 'n gemeente van die AP Kerkverband 'n voorvereiste vir toelating as oefenaar of evangeliedienaar is;

2. Ouderlingskap as 'n vereiste vir oefenaarskap gehandhaaf word;

3. Oefenaarskap jaarliks hersien word.

4. Colloquium Doctum as 'n voorvereiste gehandhaaf word;

5. Hebreeus en Grieks op minstens tweedejaarsvlak as essensieel vir elke predikant vir grondige teksontleding en teksverklaring gehandhaaf word en dat die vereiste nie verlaag kan word sonder skade vir die bediening nie.

Aanbeveling 4 goedgekeur:

1. Die Sinode bevestig dat spesialisasie in 'n bepaalde vakgebied na die basiese opleiding in al ses van die teologiese vakgebiede volg;

2. Dat die teologiese vakgebiede op mekaar steun met Ou en Nuwe Testamenteksegese as die basiese;

3. Indien die studie van Hebreeus of Grieks afhanklik gemaak word van spesialisasie in die Ou of Nuwe Testament, dit wesenlik net die studente in die Ou of Nuwe Testamentvakgebiede is wat dan Hebreeus of Grieks moet bestudeer en sal studente wat nie spesialiseer nie of wat in enige van die ander vier vakgebiede spesialiseer, kan redeneer dat nog Grieks nog Hebreeus vir hulle

noodsaaklik is, wat totaal 'n ongegronde redenasie is soos uit pt 1 en 2 blyk.

Ds E Friis bedank die Kuratorium veral vir die beskouinge in aanbeveling 4 Pt.2

Net voor die verdaging vir ete, word oudl Visser aan die woord gestel soos hy versoek het. Hy doen 'n beroep op die leraars om 'n voorbeeld van goeie gesindheid te stel en 'n beroep op al die afgevaardigdes om voor die Nagmaal gesindhede reg te stel waar dit verkeerd mag wees. Die vergadering verdaag om 17h45 vir ete.

AANDSITTING 24 AUGUSTUS 1988 OM 19H00

46. NAGMAAL

Op uitnodiging van die gemeente Warmbad vier die sinode Nagmaal saam met die gemeente.

Ds R Marè, die plaaslike leraar, neem die leiding met die diens. (Bylae C)

## DERDE SITTINGSDAG : WOENSDAG 24 AUGUSTUS 1988 8h00

### 47. OPENING

Die opening word waargeneem deur ds AJ Taute. Die sinode sing Ges 10: 1 en 2 hartlik saam.

Ds AJ Taute bedien die Skriflesing uit Ef 2: 1 - 10. Hy beklemtoon die gedagtes van v 8-10 nl die genadekarakter van ons verlossing en ons verantwoordelikheid.

Verskeie afgevaardigdes gaan voor in die gebed. Die bidstund word afgesluit met die sing van Ges 258: 1.

### 48. DANKBETUIGING

48.1 Die voorsitter bedank ds AJ Taute vir die lei van die bidstond en spreek die vertroue uit dat die sinode vandag 'n vrugbare en geseënde sitting sal hê.

Die volgende mosies word goedgekeur:

48.2 Namens al die afgevaardigdes by hierdie sinode betuig ons ons hartlike dank aan die kerkrade van die kombinasie Warmbad, Waterberg en Tuinplaas vir die voorreg om gisteraand deel te kon hê aan die Nagmaal.
Die deeglike en effektiewe beplanning vooraf het die bediening vlot en flink laat verloop.
Deur die besluit en uitnodiging het die betrokke kerkrade meegewerk dat die stem van die Here wat deur die eeue en vandag nog praat, hoorbaar, sigbaar en tasbaar tot by ons elkeen gekom het.
Dit het bygedra dat ons van hierdie vergadering sal kan sê: Die Heilige Gees en ons het so besluit omdat ons gehoor het: So sê die Here.
Br voorsitter, dit het my getref dat ons ook deur die besondere bediening van die Woord van die Here gewaarsku is dat soos toe die eerste mense toegelaat het dat 'n vreemde stem met hulle praat, dinge begin verkeerd loop het, ons elkeen gedurende die vergadering en steeds daarna, geen vreemde stemme mag toelaat om met ons te praat nie.
Dit is God se reg alleen.

(WM Grovè)

48.3 Die kerkrade van Primrose en Germiston wil namens die sinode vir ds R Marè versoek om ons dank oor te dra aan die diakens van Warmbadgemeente vir die ordelike wyse waarop hulle die Nagmaal-bediening waargeneem het.

(JB Campher, PJ Swart)

49.4 Die sinode neem kennis van die volgende skrywe:

In die gees van u gesindheid wil ek ook aan die Here lof en dank betuig vir die opwindende avontuur wat 'n mens meemaak, naamlik om grondslae te lê en vorm te gee aan die Afrikaanse Protestantse Kerk. Ek het geloof dat die Here die sinode sal seën en sal lei deur sy Gees.

- (Alkmaar Swart)

## 49. KASSETOPNAMES VAN EREDIENS GELEI DEUR DS R MARÉ

Op 'n vraag van ds DD Scheepers of kassetopnames beskikbaar is, antwoord oudl [illegible] Van Kemptonpark dat hy in die behoefte kan voorsien.

## 50. DIE SINODESITTING GEVAL

Het jy gedink boks of rugby is 'n gevaarlike spel?
Wag tot ek jou van 'n sinodesitting vertel!
Jy sal dit nie in pers of notule lees
Tog was daar 'n skaps opgetuies gewees.
Die aktuarius het net effens ingedommel
[illegible] van die voshoop af getuimel
[illegible]
[illegible]
Gelukkig [illegible]
[illegible]
Laat ons almal [illegible]

## 51. VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOF

[illegible] 25 en 26 Augustus 1988.
[illegible]
[illegible] (Nigel) om 24 Augustus 1988 (Ernstige siekte tuis)
Brs HA van Zyl en HC de Beer [illegible] 25 Augustus 1988 (Dringende verpligtinge tuis)
Oudll PE Kotze en JA de Villiers (Delareyville) - 25 - 26 Augustus 1988 (dringende verpligtinge tuis.)
[illegible]
Ds [illegible] en Oudl [illegible] 25 Augustus 1988 09h30 tot 13h00 (Dringende verpligtinge).

Oudl JP Botha (Brits) - reeds vertrek. (Gesondheidsprobleme)
Oefenaar P Retief (Nigel) - reeds vertrek (Inbraak tuis)
Sal D.V. terug wees om bidstond te lei op 26 Augustus om 08h00.

52. **PERSONEELWISSELING**

Die volgende afgevaardigdes verskyn ter vergadering :

Oudl JH Gauchè van Hluhluwe met geloofsbrief.
Oudl JJ Pietersen van Tzaneen
Oudl CJ Botha van Delmas
Oudl BC Kleynhans van Delmas
Oudl H van Niekerk van Warmbad.
Ds CJB Botha (Ventersdorp)

53. **TYDELIKE KOMMISSIES**

Die volgende name word voorgelê .

53.1 Biduurbeurte
Ds AJ Taute - Woensdag; br C du Preez - Donderdag; br P Retief - Vrydag.

Goedgekeur

53.2 Kommissie - sinodale besluite vir aandag van gemeentes

Di HS Theron (s), LH Jacobs, JH Engelbrecht, RW Louw, GD vd Merwe, PS van Staden, PJ van Rensburg, RJH Pottas, DE Malan, F Botha, oudle. J Nel, AGS Gouws, MW Malan, DS Swiegers, dr GF Nel.

Goedgekeur

53.3 Kommissie: Bybelvertaling
Ds HCG Robbertze (s), en al die lede van die aangewese kommissie deur predikante se vorige vergadering . (Sien p 154.4 van die Agenda).

Goedgekeur

53.4 Kommissie vir Ringe en Ringsgroepe
Ds WA Jooste (s) ds. AP Viljoen, Oudl HCG Bester, di NJ Rautenbach, HCG Robbertze, JH Theron, AE vd Berg, JF Bezuidenhout, NRJ van Zyl,

Goedgekeur.

53.5 Tydelike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys .
Oudl L Taljaard (s), oudle HP de Villiers, PJ Swart
P Wagener, ds HB Heymans

Goedgekeur

53.6 Kommissies vir samestelling van Permanente Kommissies
Dr CI van Heerden, oudl MP Teute, ds A Boshoff (s) ds JN Joubert, dr WA Burger, ds JM Rheeder, ds AS van Staden, oudl dr AB Burger, oudl PJ van Heerden, oudl GJ Sevenster, oudl HD van Wyk

Goedgekeur

53.7 Kommissie vir Boodskap van sinode aan gemeentes
dr JD Malan (s), oudl JJ Prinsloo, oudl C Barnard, oudl G Stassen, ds JA Visser, ds WM Grove, ds HB Heymans.

Goedgekeur.

53.8 Kommissie vir Mediaskakeling
Ds DR Schwartz, ds NJ Rautenbach, ds JJ Venter, oudl JC Visser, oudl JE Swarts.

Goedgekeur

53.9 Kommissie vir Foto's
Ds P Stans, oudle JG Terblanche, AH Scholtz.

Kennis geneem.

54. **MOSIE VAN MEEGEVOEL**

Die sinode betuig sy innige meegevoel met ds Kobus Bezuidenhout wie se vader vanoggend oorlede is.

Dit word eenparig aanvaar.

55. **REVISIE**

In die lig van : die versoek van Gen Visser, die Nagmaal van gisteraand, die mooi gees wat nou heers en dat daar nie 'n swaard oor persone vir 'n jaar sal hang nie, derhalwe : versoek ek die sinode om sy ad hoc kommissie van ondersoek i.s. die administrateur se bedanking wat gister gestel is, te laat verval.

(di E Friis, A Boshoff)

Goedgekeur

## 56. VERSLAG KOMMISSIE VIR REGTE

56.1 Die name van die personeel word bygevoeg:
Ds AS van Jaarsveld, oudl J Murray, ds JA du Plessis, dr FAH van Staden, ds MJ Hartzenberg, ds R Marè, oudl JA Pienaar, ds IA Brink, dr P Kotze (regsadviseur)

56.2 Ds Van Jaarsveld rapporteer dat die kommissie die Kerkorde nagesien het en sekere veranderings aanbeveel.
Die Kerkorde word soos volg vasgestel :

Art 1
Die Afrikaanse Protestantse Kerk is 'n verbond van plaaslike kerke (gemeentes) gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk bely as betroubare samevatting van die waarhede van die Bybel, is vervat in die Formuliere van Enigheid soos vasgestel deur die Sinode van Dordrecht in 1618 - 1619, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls. Verder word die Twaalf Artikels, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Atanasius as algemene belydenisskrifte aanvaar.

Dr FAH van Staden versoek dat aangeteken word dat hy in die minderheid ten gunste van die kommissie se aanbeveling gestem het.

Art 2
Bly onveranderd

Art 3
Net blanke Afrikaners, asook ander Blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (Rm 10 : 9-10), wat die belydenis, leer en Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse Kerk onderskryf en bely, kan lidmaatskap van 'n kerk (gemeente) verkry.

Art 4
Christus, Hoof van sy kerk, het vir die dienswerk in sy kerk, die volgende besondere ampte ingestel, naamlik die van bedienaar van die Woord, die van ouderling en die van diaken. Hierdie drie ampte is gelykwaardig maar word in opdrag onderskei. By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof van sy kerk is.

Art 5
Onveranderd

Art 6
Om as bedienaar van die Woord toegelaat te word, word vereis 'n deeglike teologiese opleiding ; suksesvolle eksaminering; ondertekening van die Formuliere van Enigheid; legitimasie; en Colloquium Doctum waar nodig geag en volgens neergelegde eise.

Art 7
Die sinode

7.1 bepaal die vereistes vir opleiding, vereistes vir toelating, toesig oor opleiding en plek van opleiding en neem volle verantwoordelikheid vir die dosente wat vir die akademiese opleiding van studente verantwoordelik is;

7.2 besluit oor die omvang en standaard van die opleiding;

7.3 stel 'n Kuratorium aan wat alle belange ten opsigte van opleiding, Colloquium Doctum en toekenning van status behartig.

Art 8
Die beroeping van 'n bedienaar van die Woord geskied tydens 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente opgeroep word om deel te neem onder leiding van 'n voorsitter deur die vergadering aangewys.

Bepaling 1.1. Bly onveranderd.

Bepaling 1.2

In geval van kombinerende gemeentes met ('n) gesamentlike predikant(e) stel die betrokke kerkrade vooraf 'n skriftelike ooreenkoms op wat by neerlê

(a) wie die leraar beroep (een of meer of al die kombinerende gemeentes)
(b) wat elke gemeente bydra tot die lewensonderhoud en reiskoste van die leraar
(c) waar die leraar woon
(d) welke persentasie van sy dienstye die predikant aan elke kombinerende gemeente gaan afstaan
(e) hoe lank die skriftelike ooreenkoms tussen die kombinerende gemeentes gaan geld
(f) wat die posisie van die predikant sal wees by ontbinding van die kombinasie. Vervolgens word beroep soos ooreengekom en volgens die Kerkorde en Bepalinge.
(g) Hierdie ooreenkoms word vooraf aan die betrokke ring(e) voorgelê vir kennisname en advies.

Bepaling 1.3
Die beroeping geskied met geslote stembrief en met volstrekte meerderheid van stemme van die aanwesige stemgeregtigdes uit 'n groslys waarop elke stemgeregtigde 'n naam of meer kan plaas met dien verstande dat sorg gedra word dat die groslys gesuiwer is van enige onberoepbare persoon.

Bepaling 1.4.
Onveranderd.

Bepaling 1.5.
By die eerste stemming stem elke stemgeregtigde vir een naam op die groslys. Totdat een naam 'n volstrekte meerderheid behaal, word die groslys vir elke volgende stemming soos volg verklein: eerstens word die name wat twee en minder stemme behaal het, geskrap; tweedens word slegs die name behou wat saam 'n volstrekte meerderheid stemme behaal het, met dien verstande dat indien twee of meer sodanige name eweveel stemme gekry het, sodat 'n tweetal nie gevorm kan word nie, eers tussen diesulkes gestem word. Indien die stemme vir die finale stemming tussen die tweetal staak, word na gebed met die lot beslis wie beroep is.

Die verslag word hier onderbreek.

57. VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE

Br Ben Kleinhans (Delmas) - reeds vertrek (siekte tuis)
Vervang deur br P Schutte
Br H Theron (De Aar) - 24 Augustus 1988 (ongesteld)

58. VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR FINANSIES (B1)

1. Bydrae van gemeentes vir fondse van SKK en Kuratorium.

1.1 Riglyne (verslag FK pt 8.1)

Die riglyne (pt 8.1) word aan die orde gestel, met die aanbevelings van die tydelike kommissie en word soos volg goedgekeur:

8.1.1 Die sinode stel dit as sy beleid om sy lopende uitgawes te bereken volgens sy beskikbare inkomste.

8.1.2 Die sinode besluit om binne 12 jaar op die basis te werk dat die fondse vir 'n bepaalde jaar se uitgawes kom uit die inkomste van die vorige jaar.

8.1.3 'n Reserwefonds word nou geskep waarin elke jaar 'n bedrag gelykstaande aan 1 maand se bydrae van gemeentes gestort word, sodat die basis in 8.1.2 voorgestel na 12 jaar bereik word. Sou daar aan die einde van die boekjaar 'n oorskot in die fondse wees, word dit in die reserwefonds gestort, sodat die doelwit van 8.1.2 gouer bereik kan word.
Hierdie besluit tree in werking by die begroting van 1990.

8.1.4 Die begroting word opgestel met aparte begrote bedrae per pos en die betrokke instansie word gebind om aan so 'n begroting te hou.

8.1.5 In die loop van die jaar moet nie slegs gelet word op begrote syfers om daarbinne te bly nie, maar ook op die werklike syfer van inkomste.

8.1.6 Die begroting word opgestel met jaarlikse syfers.

8.1.7 Die kommissies van die sinode moet 'n jaarlikse begroting voor 'n bepaalde datum aan die Finansiële Kommissie voorlê vir oorweging en aanbeveling aan die sinode.

8.1.8 'n Geleentheid moet geskep word waar die Finansiële Kommissie die aanvrae per begroting met lede van die kommissies van die sinode kan bespreek.

8.1.9 Die sinode keur alleen uitgawe goed na aanbeveling van die Finansiële Kommissie.

8.1.10 Finansiële kontrole van ontvangste en uitbetalings van die SKK en Kuratorium word maandeliks deur die Finansiële Kommissie gedoen (soos reeds deur die SKK aanvaar).

Die kommissie tref 'n praktiese reëling met die rekenmeester.

8.1.11 Drie-maandeliks word 'n volledige staat van ontvangste en uitbetalings, sowel as bate en laste van fondse deur die SKK en die Kuratorium hanteer, deur die Finansiële Kommissie aan die SKK en Kuratorium voorgelê.

8.1.12 Die sinode stel dit as beleid dat gemeentes almal dieselfde persentasie van die gemeente

se totale geldelike inkomste aan die sinode oorbetaal.

Saaklike (eiendomlike) skenkings aan 'n gemeente (soos grond, orrel, nagmaalservies) word nie bereken met die % bydrae nie. Wanneer 'n eiendom wat geskenk is, onprakties geleë is vir die gebruik in die gemeente, kan so 'n eiendom wel vervreem word sonder dat die bedrag wat verkry is vir die vervreemde eiendom bereken gaan word met die % bydrae, met dien verstande dat die fondse aangewend sal word vir 'n meer geskikte eiendom. Sou geskenkte eiendomme wel vervreem word sonder dat die fondse daarvan gebruik sou word vir meer geskikte eiendomme, dan is dit met die % bydrae berekenbaar.

Die kommissie word versoek om hierdie beginsel duidelik aan gemeentes oor te dra.

8.1.13 Staan oor.

1.2 Staan oor

2. Begroting vir 1989 (pt 8.3 en 8.4 Verslag van Finansiële Kommissie)

2.1 Pt 8.3 Berekening van begroting vir sinodale werk (SKK)

8.3.1 - Ontvangste

8.3.1.1 - kennisgeneem

8.3.1.2 - Aanbeveling goedgekeur:

Met die groei van gemeentes se inbetalings sowel as die groei van getal gemeentes in ag geneem, beveel die Kommissie aan dat vir 'n inkomste van R605 000-00 begroot kan word.

8.3.2. - Uitgawe
Aanbeveling goedgekeur met die volgende wysiging:

1 Amptelike blad word R40 000
2. Reisende leraars word R220 000
3. Motorhuur word verander na Reiskoste: Administratief

Met bogenoemde inkomste as basis beveel die kommissie die volgende bedrae as uitgawe onder die verskillende poste aan.

U I T G A W E S S K K-F O N D S E 1989

| | | R |
|---|---|---|
| 1. | Ampt. blad | 40 000 |
| 2. | Kantoorhuur | 15 000 |
| 3. | Kom.werk | 60 000 |
| 4. | Leraarversekeringsfonds | 13 000 |
| 5. | Posgeld | 4 000 |
| 6. | Kerkorde | – – |
| 7. | Reisende leraars | 220 000 |
| 8. | Salaris (Admin) | 200 000 |
| 9. | Skryfbehoeftes en drukwerk | 15 000 |
| 10. | Telefoon | 7 000 |
| 11. | Verversings | 1 500 |
| 12. | Reiskoste: Admin | 12 000 |
| 13. | Uitgawe sinode 1988 | 17 500 |
| | | 605 000 |

8.3.2.1 Insake Kerkorde

Die sinode besluit dat een eksemplaar van die Kerkorde aan elke gemeente gestuur word op voorwaarde dat die gemeente daarvoor betaal. Meer eksemplare kan aangekoop word.

(FAH van Staden, AS van Jaarsveld)

2.2 Pt 8.4 Berekening van begroting vir teologiese opleiding (Kuratorium).

8.4.1 Ontvangste
8.4.1.1 Kennisgeneem
8.4.1.2 Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode keur 'n inkomste van R302 000 goed vir 1989

8.4.2 Uitgawes
Die aanvullende verslag : Kommissie vir Finansies word aan die orde gestel.

1. Kennisgeneem
2. Aanbeveling goedgekeur:
Op aanbeveling van die Kuratorium lê die Kommissie die volgende begroting vir 1989 voor:

## U I T G A W E S K U R A T O R I U M 1989

| | | R |
|---|---|---|
| 1. | Huur of afbetaling van eiendom | 25 000 |
| 2. | Aanbouings | 10 000 |
| 3. | Meubels en boeke | 12 000 |
| 4. | Salarisse : Administratief | 100 000 |
| | : Dosente (deeltyds) | 100 000 |
| 5. | Reiskoste : Kuratorium en Dosente | 45 000 |
| 6. | Munisipale kostes | 2 000 |
| 7. | Verversings | 3 000 |
| 8. | Telefoon | 3 500 |
| 9. | Posgeld en Skryfbehoeftes | 2 000 |
| | | 302 500 |

Die rekenmeester, br C de la Rey, lig die kontantvloei-state van die SKK en die Kuratorium, wat aan lede beskikbaar gestel is, toe.

3. Versekering - staan oor

4. Pensioen van leraars - staan oor

5. Koop van eiendom

5.1 Kennis geneem

5.2 Aanbeveling goedgekeur:

5.2.1 Die ondergenoemde twee tjekrekenings funksioneer voortaan op die basis dat die Kuratorium se rekening as HOOFREKENING gebruik word en dat die ander rekening (die APK-SKK rekening) bloot gebruik word as nominele rekening deurdat alle gelde wat nie onmiddellik daarin benodig word nie, oorgeplaas word na die HOOFREKENING.

(Die rede hiervoor is om die hoofrekening aan te wend vir die verkryging van oortrekkingsfasiliteite by die bank).

5.2.2. Indien oortrekkings-fasiliteite verkry word, word besluit dat die bankiers versoek word om die nodige bankwaarborge uit te reik.

5.2.3 Sodra transport in die naam van die Kuratorium geregistreer is, betaal die bank aan mnr Boot die volle koopsom uit die fasiliteite wat aldus gereël is.

(Bogenoemde prosedure word aanbeveel omdat :

1. dit die registrasie van 'n verband uitskakel en die addisionele koste daaraan verbonde, uitskakel;

2. die subkommsie oortuig daarvan is dat daar soveel welwillendheid by gemeentes bestaan dat die koopsom van R225 000 binne afsienbare tyd ingesamel sal kan word en enige las van 'n oortrokke rekening op die skouers van die Kuratorium uit die weg sal ruim; .en

3. dit verreweg die maklikste en goedkoopste finansiering is indien daar aan die verwagtings voldoen word.)

5.2.4 **Die sinode besluit dat dit gemeentes vry staan om vrywillige bydraes te maak vir die aankoop van die eiendom (Gemeentes kan nie verplig word om 'n vasgestelde bedrag by te dra nie).**

Die volgende voorstel word goedgekeur:

**Die sinode besluit om gemeentes in te lig dat vermoënde lidmate rentevrye lenings aan die Kuratorium beskikbaar kan stel vir aankoop van die eiendom in Farendenstraat 430, Pretoria.**

(JH Theron, CJJ Bredenhann)

5.3 en 5.4 Staan oor

6. Slot - kennis geneem

Die hele verslag met dank aanvaar.

Die volgende voorstel word goedgekeur:

**Die sinode besluit dat alle uittredende permanente kommissies vanaand hulle begrotings vir 1989 aan die Tydelike Kommissie vir Finansies voorlê.**

<u>SINODE VERDAAG OM 13H00 VIR MIDDAGETE</u>

<u>MIDDAGSESSIE 24 AUGUSTUS 1988</u>

<u>DIE SINODE HERVAT SY WERK OM 14H00</u>

59. NOTULE

Bls 1-8 van die getikte Notule word voorgelê. Na enkele klein wysigings aangebring is, word dit goedgekeur.

60. DIE VOLGENDE VOORSTELLE WORD GOEDGEKEUR:

60.1 Mosie van dank
Die sinode bedank br Piet Roodt (Transmagalies), wat die drukwerk van Die Boodskapper, Sondagskoolboeke en ander kerklike stukke teen 'n billike prys doen.

(AG Burger, LCB Breytenbach)

60.2 In die lig van die feit dat die sinode besluit het om die amptelike blad, Die Boodskapper, uit te bou in beeld, formaat en frekwensie, maar dat die fondse daartoe nie geredelik beskikbaar is nie, dring die sinode ernstig by kerkrade daarop aan om op koste van die kerkraad 'n eksemplaar van Die Boodskapper per besoekpunt per maand vir 'n periode van minstens 1 jaar te dra deur op die blad in te teken.

Dit staan kerkrade vry om intekenare te werf ten einde hulle koste vir intekening op die blad te bestry.

(DR Schwartz, MJ Cornelius)

Hierdie besluit word in die besluiteregister opgeneem.

60.3 Die sinode keur die aanstelling van 'n vaste redakteur verantwoordelik vir die kerkblad Die Boodskapper goed en verwys die saak na die SKK.

(MJ Cornelius, MP Taute)

60.4 Die sinode versoek gemeentes, wat 'n leraar het, om goedgunstiglik hul leraar vir 2 Sondae ses-maandeliks aan gemeentes waar geen leraar is nie, vir diens te leen. As 'n gemeente so besluit, kan die kantoor in kennis gestel word.

(E Friis, FH Boltman)

61. TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE

Die volgende verlofaansoeke word deur die sinode goedgekeur:

Dr JD Malan - 26 Augustus 1988 - 14h00 (reünie te Pretoria)
Oudl Cornelius (Phalaborwa) - reeds vertrek (weens siekte)
Oudl HC Meyer, diak C Cronje (Senekal) - 26 Augustus - 13h00 (verpligtinge tuis)

Oudl RJ de Beer (Laersdrif) 26 Augustus - 13h00 - (Afsterwe van familielid)
Oudl. Gawie Nel (Standerton) 25 Augustus (oggend) (Sien Beloofsbrief)
Word vervang deur diak. Danny Brown.
Diak F Hartzenberg (Sanddrift)
Oudl Fanie van Niekerk (Heidelberg) - reeds vertrek - (Dringende werksomstandighede).
Diak Daan Briel verteenwoordig die gemeente.

## 62. VERSLAG KOMMISSIE VIR JEUG EN KATEGESE

62.1 Inleiding
Personeel - kennis geneem
Vergaderings - kennis geneem

62.2 Eerste verslag - werksaamhede van die kommissie
2.1. - 2.2.3 - Kennis geneem.

62.3 Aanbevelings - Sondagskoolaangeleenthede:

3.1.1 Die sinode bring dank aan die Here vir die seën wat gerus het op die skryf en uitgee van die APK-se reeks Sondagskool- en Katkisasieboeke.

Met dank goedgekeur.

3.1.2 Die sinode keur dit goed dat die drie genoemde redaksielede nl di OD Scheuer, AP Viljoen en JH Theron en die Jeugkommissie verantwoordelik sal wees vir die hersiening en herdruk van die reeks boeke.

Goedgekeur.

Op versoek van ds Scheuer word ds AP Viljoen as sameroeper aangewys.

3.1.3 Die sinode besluit dat die hersiening en herdruk van die boeke soos volg moet geskied :

a. Boeke waarvan genoeg eksemplare van die eerste oplaag (of tweede oplaag) voorhande is, nie herdruk sal word nie, maar dat die beskikbare boeke eers gebruik sal word.

b. Boeke waarvan die eerste oplaag uitgeput is of gedurende 1988 uitgeput sal raak, word herdruk na hersiening. Die hersiening sal egter nie drasties wees nie, maar slegs t.o.v. veral drukfoute, swak uitleg en illustrasies wat verbetering verdien. Die sinode besluit verder dat 'n totale hersiening of herskrywe van die boeke eers oor 'n paar jaar onderneem sal word.

Die aanbeveling word goedgekeur met vervanging van die laaste sin deur:

**Die herdruk sal nie drasties hersien word voor die volgende sinode nie.**

3.1.4 Reëls bedoel as riglyne vir die Sondagskool en katkisasie

Pt 1 Algemeen
Die eerste sin word verander om te lees:

Die ouers is in die eerste instansie verantwoordelik vir die verbondsonderrig van hulle kinders. Die kerkraad is verantwoordelik vir die verbondsonderrig wat aan die doopplidmate van die gemeente gegee moet word.

Pt 2 Vereistes deur dooplidmate nagekom - goedgekeur

Pt 3 Klasse - goedgekeur

Pt 4 - Registers en puntetoekenning - word terugverwys na die kommissie

Pt 5 - Erkennings vir getrouheid - word terugverwys na die kommissie.

Pt 6 - goedgekeur

Die volgende voorstel word goedgekeur :

**Die sinode verwys die studiestuk rakende SAWA en Sondagskool na die Permanente Jeugkommissie.**
(IA Brink, C van der Westhuizen)

3.1.5 **Die sinode keur dit goed dat die benaminge Sondagskool en katkisasie soos tans gebruik vervang word met die een term naamlik Verbondsonderrig.**

Goedgekeur

Die volgende voorstel word goedgekeur :

**Die sinode versoek die Jeugkommissie om aandag te skenk aan die opstel van 'n katkisasieboek vir volwasse katkisante.**

(CJ Pienaar, LR Treurnich)

3.1.6 Die sinode keur goed dat daar 'n diploma gedruk word wat as toekenning dien vir getrouheid in die verbondsonderrig (Bylaag II) Vergelyk ook punt 5 van Bylaag I)

Staan oor

3.1.7 Beide punte, genommer 3.1.7 staan oor.

3.1.8 **Die sinode keur goed dat daar 'n spesiale diploma/sertifikaat gedruk word vir jongmense wat belydenis van geloof aflê.**

Goedgekeur

(Albei voorbeelde sal gedruk word om aan gemeentes 'n keuse te laat.)

Die volgende voorstel word verwys na die Tydelike Kommissie vir Jeug:

Die sinode besluit dat die Jeugkommissie aandag skenk aan 'n diploma vir kategete of voorgangers of onderwysers

(JF du Plessis, CJ du Preez)

3.2 Jeugaksies en ander jeugaktiwiteite
Pt 1 en 2 - kennisgeneem

3.2.1 Die sinode keur goed dat

**Die jeugbeleid van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos volg lui**

i. **Identifisering**
**Die jeug, voorskool tot naskool, is en sal altyd deel bly van die plaaslike gemeente;**

ii **Verantwoordelikheid**
**As lede van die plaaslike gemeente mag hierdie besondere deel van die kudde (die jeug) nooit verwaarloos word nie. Inteendeel, met besondere aandag moet hulle herderlik goed versorg word, godsdienstig onderrig word en gelei word tot aktiewe, dienslewerende lidmate.**

iii Einddoel
Die einddoel, naamlik om die jeug te lei tot 'n lewe van "Ons alles vir Christus" moet altyd die basis en kenmerk van die gemeente se jeugwerk wees.

Goedgekeur

3.2.2 Die name wat vir die verskillende georganiseerde jeuggroepe in die gemeentes gebruik word, is :
- laerskool kinders - Junior Verbondsjeug
- hoërskool kinders - Senior Verbondsjeug
- naskoolse jongmense - Belydende Verbondsjeug

Goedgekeur

3.2.3 Die leuse van die Afrikaanse Protestantse Kerk se georganiseerde jeug (verbondsjeug) is: "Ons alles vir Christus"

Goedgekeur.

3.2.4 Die embleem van die Afrikaanse Protestantse Kerk se georganiseerde jeug is presies dieselfde as die wat deur die sinode vir die kerk goedgekeur word. Die leuse " Ons alles vir Christus" word net onder bygevoeg.

Goedgekeur.

3.2.5 Die Permanente Jeugkommissie moet aandag skenk aan die opstel van programsketse vir gebruik deur gemeentes by die onderskeie Verbondsjeugbyeenkomste.

Goedgekeur

3.2.6 Die Permanente Jeugkommissie moet van tyd tot tyd, soos die behoefte sal ontstaan, inligtingstukke opstel rakende verskeie aspekte van jeugwerk in die plaaslike gemeente soos byvoorbeeld:
- Hoe word 'n jeugkamp beplan?
- Hoe word 'n vakansie-aksie georganiseer?
- Hoe word 'n staptoer vir gemeentejongmense georganiseer?

Goedgekeur

3.2.7 Daar sal ses(6) uitgawes per jaar verskyn van 'n jeugblad (Die Boodskapper'jie) wat spesifiek gerig is tot ons jeug van voorskool tot matriek en ook dat een bladsy per maand in Die Boodskapper afgestaan sal word vir naskoolse jeug.

In beginsel goedgekeur.

3.2.8 Die Permanente Jeugkommissie hou jaarliks 'n groot, landswye jeugsaamtrek waar jongmense van oor die hele land bymekaar gebring word.

Goedgekeur.

62.3 Huwelik en gesinslewe
Verwys na Tydelike Jeugkommissie.

Die volgende voorstelle dien voor die vergadering:

1. Punt op Agenda 17.3 Jeug en Kategese
A.g.v. vele valse leerstellings in godsdienstige boeke vra ons 'n kommissie om
   a. boeke te keur en aan te beveel vir APK gebruik
   b. vir Sondagskool-doeleindes aanbevole boeke te spesifiseer vir verskillende ouderdomme, bv voorskool - inkleurboek, 10jr, 16jr
   c. die boeke by die APK-kantoor beskikbaar te stel vir aankoop.

   Bestellings vir die boeke moet reeds op 7 Oktober by die kerkkantoor wees.

   (AF Badenhorst,LG Rautenbach)

   Goedgekeur en verwys na Jeugkommissie.

2. Dit word aan alle kommissies opgedra om liefs nie die term "beleid" te gebruik nie! Die Kerk van Jesus Christus het nie 'n "Beleid" nie, maar 'n belydenis. Dis net 'n politieke party of 'n vereniging wat 'n beleid het, bv Leer en Belydenis en nie Beleid nie.

   (CJ Prins, I van Heerden)

   Goedgekeur en verwys na Kommissie vir Kerkleer en -Beleid.

62.4 Beskrywingspunte

4.1 Indeling van klasse by Verbondsonderig/Sondagskool

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode keur goed dat die Regskommissie bepaling 12.1 van die Kerkorde herformuleer met inagneming van punte 3.1 en 6 van die "Reëls vir Verbondsonderrig".

4.2 Sondagskoolboeke - aanbeveling goedgekeur:

Die sinode neem met dank kennis van die positiewe opmerkings t.o.v. die handboeke en versoek die Jeugkommissie om by die hersiening van die boeke al die wenke wat deurgegee is, ernstig te oorweeg.

4.3 Riglyne vir die aflegging van geloofsbelydenis

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode versoek gemeentes om by die aflegging van geloofsbelydenis erns te maak met punt 6 van "Reëls bedoel as riglyne vir Verbondsonderrig."

4.4 Lesplanne vir voorgangers by Sondagskool - aanbeveling goedgekeur

Die sinode versoek die Permanente Jeugkommissie om aandag aan die belangrike saak te gee.

4.5 Jeugbyeenkomste - aanbeveling goedgekeur:

Die sinode neem kennis van die Ring van Olifantshoek se versoek. (Die sake geniet reeds aandag by die Jeugkommissie)

Die versoek lui soos volg:

Die ring versoek die Jeugkommissie om aandag aan die volgende te skenk :

i. jeugsaamtrekke
ii skoolverlaterskampe
iii skoolverwisselingskampe

Daar moet gepoog word om bogenoemde op ringsvlak te organiseer as gevolg van die klein getal kinders per gemeente.

4.6 Benaming van Jeugaksies
Aanbeveling goedgekeur:
Die sinode neem kennis van bogenoemde voorstelle, maar bly by sy besluit geneem by 3.2.2
Verdere aandag sal aan die studentejeug gegee word.

4.7 Vrae vir ringsvorms - terugverwys na kommissie

4.8 Diskriminasie van naskoolse jeug

Die aanbeveling word soos volg verander en goedgekeur:

Die sinode neem met groot spyt kennis van die aangeleentheid en versoek die SKK om hieraan aandag te gee.

4.9 A.C.S.V.

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode beveel aan dat gemeentes so ver moontlik hulle jeug self organiseer sodat hulle (die jeug) by hulle plaaslike gemeente 'n geestelike tuiste kan vind.

Die volgende voorstel word verwys na die Tydelike Jeugkommissie:

1. Dat kennis geneem word van die werk van die ACSV by ons skole;
2. Dat gemeentes steeds hulle verantwoordelikheid teenoor hulle jeug self moet nakom en dat dit nie oordraagbaar is aan 'n ander vereniging nie;
3. Dat ons jeug wel kan inskakel by die werk van die ASCV waar die kerkraad tevrede is met die aktiwiteite in die skool.

(IA Brink, CC Oosthuizen)

62.5 Begroting 1989

1. Verhaalbare kostes

| | | |
|---|---|---|
| Diplomas en sertifikate vir finalejaars | (15 000) | 1 300 - 00 |
| Seëls-gewone en eenmalige stel | (75 000) | 2 052 - 50 |
| TOTAAL | | 3 352 - 50 |

Goedgekeur

2. Nie-verhaalbare kostes

| | |
|---|---|
| Reiskoste van kommissielede (2 vergaderings) | 5 000 - 00 |
| Inligtingspamflette | 2 000 - 00 |
| Boodskappertjies (6 uitgawes @ R850-00 per uitgawe oplaag 10 000) | 5 100 - 00 |
| | 12 100 - 00 |

Die Jeugkommissie kry opdrag om hierdie deel van die begroting met die FK te bespreek.

62.6 Slot - Kennis geneem

Die voorsitter versoek alle kommissies weer om met die FK te onderhandel i.v.m. hul begrotings.

Die verslag word so afgehandel met dank aan kommissielede.

63. VERSLAG KOMMISSIE VIR REGTE (vervolg)

**Die Kerkorde word verder soos volg vasgestel:**

Art 9 - goedgekeur:
Die beroepende vergadering gee dadelik kennis van die beroep aan die beroepene, telkens met berig daaromtrent vir publikasie in die amptelike blad van die kerk; en versend na approbasie die beroepsbrief wat deur die kerkraadslede onderteken is.

Bepaling 2.1 Die naam van die beroepene word by 'n openbare erediens op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente bekendgemaak vir approbasie.

Bepaling 2.2 Die beroepsbrief word onmiddellik na approbasie versend. Indien 'n beswaar ontvang word, word daarmee gehandel ooreenkomstig artikel 10.

Bepaling 2.3 (ou 2.2) onveranderd

Bepaling 2.4 (ou 2.3) onveranderd

Bepaling 2.5 (ou 2.4) Die woord "met" word geskrap, verder onveranderd

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**

By artikel 9 (Kennisgewing en approbasie) voeg by 'n bepaling :
Wanneer 'n beroep aanvaar is, kondig die gemeente waarheen hy beroep is, dit dadelik af.

(MFM Pretorius, AG Burger)

Art 10 Enige belydende lidmaat van die beroepende gemeente het die reg om skriftelike beswaar by die kerkraad aan te teken, voor verstryking van die periode van approbasie op grond van klagtes teen die leer of lewenswandel van die beroepene, of op grond van onreëlmatigheid i.v.m. die beroep.

Bepaling 3

3.1 Wanneer die voorsitter of skriba van die beroepende kerkraad die beswaar ontvang, word 'n vergadering van die kerkraad onverwyld belê om die beswaar te oorweeg.

3.2 Die kerkraad handel die beswaar af indien moontlik.

3.3 Indien die kerkraad nie by magte is om die beswaar self af te handel nie, verwys hy dit na of die Kuratorium of die kerkraad van die beroepene, welke geval van toepassing is. Indien die beswaar geldig is, word aan die beroepene daarvan kennis gegee.

3.4 Die beswaarde het reg van appel indien sy beswaar afgewys word.

DIE SINODE VERDAAG VIR AANDETE OM 18H00

AANDSITTING 24/8/88 19h00

DIE SINODE HERVAT SY WERKSAAMHEDE OM 19H00

64. KOMMISSIE VIR FOTO'S

Ds Stans kondig aan dat verdere foto's op Donderdag 26/8/88 tussen 13h00 en 14h00 geneem sal word.

65. VERSLAG KOMMISSIE VIR KERKLEER EN -BELEID

65.1 Personeel - die name van di AJ Taute en AS van Jaarsveld moet bygevoeg word - kennis geneem.

65.2 Vergadering - kennis geneem

65.3 Beskrywingspunte

3.1 Geheime organisasies
Die hele saak word verwys na die Tydelike Kommissie vir Kerkleer en -Beleid.

65.4 Anderskleuriges : Toelating tot eredienste - word verwys na Tydelike Kommissie vir Kerkleer en -Beleid.

65.5 Ontugwet - word verwys na Tydelike Kommissie vir Kerkleer en -Beleid.

65.6 Deelname aan Munisipale Verkiesings

Aanbeveling:

Dat plaaslike kerkrade geken moet word en dat daarteen gewaak moet word dat daar nie tweespalt in die gemeentes veroorsaak word nie.

Goedgekeur

65.7 Instromingsbeheer

Die Ring van Middelburg versoek die sinode om standpunt in te neem t.o.v. instromingsbeheer en dat die aandklokreël heringestel word. Ons Blankes moet onsself toesluit agter slot en tralies omdat anderskleuriges kom en gaan soos hulle wil en ons besteel word.

Aanbeveling goedgekeur:
Dat die sinode hierdie aangeleentheid na die SKK verwys om met die Regering te onderhandel en dat die gemeentes op plaaslike vlak die saak aanhangig sal maak.

65.8 Drankverkope en Videos

Die Ring van Middelburg versoek die Sinode dat beswaar gemaak word teen die verlengde ure van drankverkope en ons vra streng beheer oor ongewenste videos.

Aanbeveling goedgekeur:
Dat die sinode die lidmate vra om sterk besware te opper by hulle onderskeie plaaslike besture.

65.9 SAUK en TV

Aanbeveling goedgekeur:
Die Kommissie beveel by die sinode aan dat hierdie aangeleentheid na die SKK verwys sal word vir gekoordineerde optrede.

65.10 Preekbeurte SAUK

Die Ring van Bloemfontein versoek die sinode, om te onderhandel met die SAUK sodat leraars van die APK ook preekbeurte kry, aangesien baie van ons lidmate op die platteland woon.

Aanbeveling goedgekeur:
Dit word aanbeveel by die sinode dat hierdie aangeleentheid na die SKK verwys word

65.11 Benaming van aksies, verenigings

Aanbeveling goedgekeur:
Dat genoemde beskrywingspunte na die onderskeie kommissies verwys word, tw Getuienis en Dissipelskap en Jeug.

65.12 Toga

Aanbeveling goedgekeur:
Die kommissie beveel aan dat die dra van die toga opsioneel moet wees en dat die besluit by die kerkrade moet berus.

65.13 Joodse en Islamtekens

Aanbeveling soos volg gewysig en goedgekeur:
Die kommissie beveel by die sinode aan dat daar sterk verontrusting uitgespreek word oor die uitbreiding van die Islamgeloof en sy gebruike, asook die Hindoegeloof. Die kommissie vra dat die aangeleentheid terugverwys word na die Kommissie vir Kerkleer en -Beleid.

DIE VERSLAG WORD HIER ONDERBREEK EN DIE SINODE VERDAAG OM 20H45

VIERDE SITTINGSDAG 25 AUGUSTUS 1988 2de SINODE APK KLEIN-KARIBA

66. BIDUUR

Word gelei deur oudl C du Preez. Samesang vind plaas uit Gesang 182: 1,5. Die Skriflesing is Hand 12: 1-11. Oudl Du Preez beklemtoon die ingryping van God in mense se lewens, met verwysing na o.a. Petrus, Herodes, Josef, Daniel en ook gebeure by Bloedrivier, en die stigting van die APK.

Verskeie afgevaardigdes neem deel aan gebed.

Ps 46.6 word gesing as afsluiting van die bidstond.

67. Die ondervoorsitter neem waar as voorsitter. Hy bedank oudl Du Preez en verwelkom prof Lubbe na sy ongesteldheid die vorige aand.

68. KOMMISSIE VIR VERLOF

Personeelwisseling

1. Diaken CT Rabie (sekundus) (Ermelo) verskyn in die plek van oudl PD Kemp.

2. Diaken Braune (Standerton) verskyn in die plek van oudl Gawie Nel.

3. Oudl. Schoeman res van sinode afwesig (ongesteldheid)

4. Diak GS Liversage in die plek van Johan van Zyl (Roedtan)

5. Diak WA Botha (Somerset-Oos) verskyn ter vergadering.

69. Meegevoel word uitgespreek teenoor br TJJ van Rooyen wie se swaer oorlede is. Voorbidding van die Sinode word gevra vir die skoonmoeder van ds E Friis. Sy is gisteraand in die hospitaal opgeneem.

70. VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR KERKLEER EN -BELEID. (Vervolg)
Voorgelê deur ds. E Friis.

70.14 Riglyne vir ouderling en diakens.

Aanbeveling - kennis geneem

70.15 Tentmakersbediening

Afgehandel by SKK-verslag.

70.16 Israelvisie en Campus Crusade

16.1 Israelvisie - afgehandel (SKK verslag, bls 10 Notule)

16.2 Campus Crusade - aanbeveling

Die Kommissie beveel by die Sinode aan dat daar 'n ad hoc kommissie aangestel word ten einde 'n volledige verslag oor hierdie aangeleentheid te bekom.

Goedgekeur, vir uitvoering verwys na Permanente Kommissie vir Kerkleer en -Beleid i.p.v. 'n ad hoc kommissie.

70.17 Dobbelary - aanbeveling goedgekeur met skrapping van "summier" in (i) :

(i) Waar sulke gevalle wel in die kerk mag voorkom, die kerkrade die tug moet toepas en,

(ii) dat die sinode 'n ernstige beroep doen op Christene van alle Kerke en bevolkingsgroepe om hulle te weerhou van die sonde van dobbelary.

70.18 Interkerklike samesprekings - reeds afgehandel. (SKK verslag, bls 17, Notule)

70.19 Chiliasme - aanbeveling

(i) Die Kommissie beveel aan dat die aangeleentheid terug verwys word na u kommissie vir 'n volledige verslag en

(ii) dat leraars nie oor die standpunte van Chiliasme sal preek nie, altans vir die huidige.

(i) Goedgekeur
(ii) Nie aanvaar nie

Die volgende amendement word i.p.v. (ii) aanvaar :

1. Die sinode dra dit aan die Permanente Kommissie van Kerkleer en Belydenis op, om 'n deeglike of deurtastende studie t.o.v. die volgende te maak:

(a) Chiliasme
(b) Anti-Chiliasme
(c) Bybelse leer daaromtrent, vir 'n volledige verslag aan die volgende sinode.

2. Die sinode beveel by alle gemeentelede aan dat hulle hele lewenswandel in diens sal staan in die vermaning van ons Meester : Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug, en voor die Seun van die mens te staan. (Luk 21: 36)

(CJ Prins, FH Boltman)

70.20 W.R.K. en S.A.R.K.
Aanbeveling goedgekeur: - hierdie aangeleentheid word verwys na die SKK.

70.21. Vakansiedae (6 April en 16 Des)

Aanbeveling :

Dat hierdie aangeleentheid verwys word na die SKK vir hantering en deurvoering.

Goedgekeur.

70.22 Erkenning deur Susterskerke

Afgehandel by SKK-verslag. (bls 17 Notulé)

70.23 Vroueaksie

Saak staan oor.

70.24 Twaalf Artikels

Aanbeveling goedgekeur :

Bogenoemde beskrywingspunt word nie deur die kommissie aanbeveel nie.

70.25 Suiwere weg van die kerk .

Afgehandel by SKK-verslag.

70.26 Grootte van gemeente.

Aanbeveling goedgekeur :

Sinode neem kennis en handhaaf die stigtingsgedagte, en beveel aan dat :

(i) Gemeentes nie meer as 300 lidmate moet wees nie;

(ii) gemeentes nie 2 leraars moet hê nie;

(iii) gemeentes, indien moontlik, nie skuld moet maak nie.

70.27 Belydenisskrifte

Saak kom weer voor by verslag van Kommissie vir Formuliere.

70.28 Kerk en Staat

(i) Die kommissie bevind dat die kerk hom reeds uitgespreek het in bogenoemde verband.

(ii) Die kommissie beveel aan dat 'n versoek vanaf die sinode na die staat sal gaan met inbegrip van art 36 van die NGB.

Die aanbeveling word nie aanvaar nie, maar vervang met die volgende amendement :

Amendement - JA du Plessis,

Punt 28 - Terugverwys na Permanente Kommissie Kerkleer en -Beleid in die lig daarvan dat die Kerke hulle by die geleentheid nog nie hieroor uitgespreek het nie. Behoorlike ondersoek en aanbeveling word afgewag vir besluitneming en skakeling met die owerheid met inagneming van art 36 NGB.

Goedgekeur

71. <u>Nadat die verslag afgehandel is, word die volgende voorstelle behandel</u> :

71.1 Voorstel i.s. kursus vir lekepredikers word verwys na die Kuratorium:

(BJ Badenhorst, TJ van Rensburg)

Ons wil graag weet of daar nie die een of ander kursus deur ons Seminarium aangebied kan word om ouderlinge van ons gemeentes wat nie 'n predikant het nie, te help met die voorberei en aflewering van 'n boodskap.

Dit moet hom ook die nodige leiding gee tot die korrekte Skrifverklaring en suiwere teologie wat trou is aan die Bybel en so ook aan ons kerk se leer.

Die gedagte is om die broers te bekwaam as "lekepredikers" - Ons voel dat leesdienste die prediker weerhou om goeie kontak met die gemeente te maak.

71.2 Voorstel (Ds Van Rensburg) i.s. M E I:

**Die sinode besluit om aansoek te doen by die Maatskappy vir Europese Immigrasie om meewerkende lidmaatskap.**

Goedgekeur - verwys na SKK.

72. VERSLAG VAN STUDIEKOMMISSIE OOR BYBELVERTALING
(Voorgelê deur drs HCG Robbertze.)

72.1 Vir kennisname

1.1 Kennis geneem
1.2 Samestelling en werksaamhede - kennis geneem.

72.2 Motivering vir verdere opdrag - kennis geneem

2.1 Onaangeroerde sake - kennis geneem

2.2 Byeenroeping van predikantekorps van die APK - kennis geneem.

2.3 Meer tyd en kragte nodig - kennis geneem

72.3 Aanbevelings:

3.1 **Die sinode neem kennis van wat die studiekommissie oor Bybelvertaling reeds gedoen het.**

Goedgekeur.

3.2 **Die sinode benoem die huidige ad hoc komitee wat deur die breë predikantekomitee aangewys is, as studiekommissie oor Bybelvertaling en versoek die kommissie om voort te gaan met sy intensiewe ondersoek.**

Goedgekeur.

3.3 **Die sinode gee aan die studiekommissie oor Bybelvertaling die reg om kundiges op sy paneel te koopteer as hy dit nodig vind, en om die getuienis van kundiges aan te hoor waar hy dit nodig ag.**

Goedgekeur.

3.4 Die sinode besluit dat sy ganse predikantekorps die ondersoek in sy wese moet volg en indien moontlik daarmee moet instem sodat die uiteindelike besluit van die sinode met oortuiging uitgedra kan word.

Goedgekeur.

3.5 Die sinode dra dit aan die studiekommissie oor Bybelvertaling op om alle predikante by sy ondersoek te betrek wanneer hy dit nodig en wenslik ag.

Goedgekeur.

3.6 Die sinode sien met verwagting uit na die afgehandelde verslag van die studiekommissie oor Bybelvertaling op sy eersvolgende vergadering.

Goedgekeur.

3.7 Die sinode bly intussen by sy vorige besluit wat lui: "Die sinode beveel (by gemeentes) aan dat, aangesien daar sedert kerkstigting nie deur die KVK of enige ander amptelike instansie voorkeur of uitspraak vir of teen enige van die vertalings (1933, 1953, 1983) gegee is of kan gegee word nie, dieselfde standpunt nog deurlopend gehandhaaf word totdat die sinode-ondersoek wat nou deur die sinode gelas word, finaal en bevredigend afgehandel is."

(Sien Handelinge 1987 - p 47 punt 2.4.3. Goedgekeurde Amendement 2)

Asook

"Dit staan egter enige persoon vry om enige van die vertalings (1933, 1953 of 1983) te gebruik."

(Sien goedgekeurde voorstel PA Vermeulen en sekondant ds OD Scheuer - Bybelvertaling en Kategeseboeke - Handelinge 1987 - Sinode p 47)

Goedgekeur.

Die volgende amendement word nie aanvaar nie.

Die APK neem die 1933/53 vertaling as amptelike vertaling. Die 1983 vertaling mag gebruik word om tekste toe te lig soos wat enige vertaling bv King James, Revised Standard Version, ens gebruik kan word.

(MFM Pretorius, CJ Prins)

Die volgende persone versoek dat hul stem in die minderheid aangeteken word: Oudl FC Els - Vaalharts-Noord, Oudl HC Meyer - Senekal, Oudl P Wagener - Algoa, Port Elizabeth, Diak CLD Cronje - Senekal, DJF Schickerling- Koster, WC Jones - Koster, E Serfontein Oudtshoorn, ds SJ Gouws - Vryburg, HC Strydom - Lowina, JC Botha - Bosrand, JH Pohlmann - Molopo, MD Jones - Molopo, MJ Lourens - Groblershoop, MJ Hough (Jnr) - Vryburg, JJ vd Merwe - Vryburg.

3.7.1 Die volgende voorstelle dien voor die vergadering:

Die sinode besluit dat permanente kommissies die ou vertaling sal gebruik by die studievaslegging van formuliere o.a. totdat die sinode besluit om die Nuwe Afrikaanse Vertaling se dinamies - ekwivalente vertalingsmetode te aanvaar. Tot dan volstaan ons met die direkte vertalingswyse van die Bybel soos beslag gekry is in die 1933 en 1953 vertaling.

(JA du Plessis, J Freeke)

Goedgekeur

3.7.2 In die lig van die feit dat daar ernstige vrae ontstaan t.o.v. die bewoording van die NAB met ernstige implikasie vir die Drie Formuliere van Enigheid, is dit die oortuiging van die sinode dat die Koninkryk van God geen skade berokken sal word indien die NAB weerhou word van amptelike gebruik in die Afrikaanse Protestantse Kerke tot tyd en wyl daar deur die volle Kommissie vir Bybelvertaling uitsluitsel gegee is oor hierdie kardinale aangeleentheid nie.

(SJ Gouws, JA du Plessis)

Goedgekeur t.o.v. die Formuliere van Enigheid.

(Res van die voorstel se inhoud in sinode afgehandel.)

3.8 Voorstel (oudl MP Taute; ds WM Grove)

Met die volgende omsendbrief vanuit die kerkkantoor aan die gemeentes, word alle inligting gevra i.v.m. besondere bydraes van lidmate wat deur die Here gebruik is om ons kerk tot stand te bring, te vestig en te laat groei.

Goedgekeur

73. BENOEMING TYDELIKE KOMMISSIE VIR RINGSINDELING

Afgehandel (bls 37)

74. VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR FOTO'S (U2)

Voorgelê deur ds P Stans.

1. In geheel kennis geneem
2. Aanbevelings

2.1 Goedgekeur: die sinode besluit dat 'n verdere 12 persone die foto van predikante moet neem om die foto teen R20 - 00 te lewer
2.2 Kennis geneem
2.3 Kennis geneem
2.4 Kennis geneem

Telegramme van seënwense is ontvang van: APK-gemeentes Marble Hall, Lichtenburg, Koppies, Vrede, Heilbron, Groot-Marico, Buhrmansdrift, Springs.
Ander: Steyns van Rustenburg, APK-vroueaksie.

75. VERSLAG VAN KAPELAANSDIENSTE (voorgelê deur ds M Hartzenberg)

75.1 Vergaderings - kennis geneem

75.2 Personeel - kennis geneem

75.3 Handelinge van die kommissie

3.1 - 3.2 Kennis geneem

3.2.1 Elke Nasionale Dienspligtige behoort (moet) elke Sondag 'n diens van sy kerk by te woon en kan 'n tweede diens uit vrye wil bywoon.

Kennis geneem

Aanbeveling:

1. Die sinode moedig gemeentes aan om dit onder aandag van die Nasionale Dienspligtige lidmate te bring.

Goedgekeur.

2. Die sinode moedig gemeentes aan om kontak te behou met hul lidmate in die Suid-Afrikaanse Weermag, deur bv gereeld aan hulle gemeentenuus deur te stuur. Die dames kan selfs iets meer tasbaars vir die jongmanne aanstuur.

Goedgekeur.

3.2.2 Aanstelling as Nasionale Dienspligtige en Staandemag Kapelaan.

'n Jongman wat nog nie diensplig gedoen het nie en klaar afstudeer het in sy kerk (hy moet na st 10 minstens 3 jaar naskoolse opleiding hê) kan as Nasionale Dienpligtige Kapelaan aangestel word, as getalle dit regverdig (minstens 200 lidmate). Vir elke minstens 500 lidmate kan 'n Staandemag Kapelaan aangestel word.

Aanbeveling goedgekeur:

**Die sinode neem kennis van hierdie reëling.**

3.2.3 Aanstelling as Administratiewe assistent in die Kapelaansdiens (Admin Asst.: KD) gedurende die twee jaar aanvanklike diensplig sowel as in die Burgermag is moontlik in die geval van :

3.2.3.1 Georderde/gelegitimeerde personeel wat ten minste drie jaar voltydse teologiese opleiding ondergaan het en wat nie die offisiersopleiding of kapelaansoriëntering geslaag het nie, of

3.2.3.2 Persone wat in voltydse geestelike diens van hulle kerk staan in erkende poste binne die struktuur van hulle kerk, maar wat nie as predikante of priesters aangewend kan word nie, of

3.2.3.3. Georderde/gelegitimeerde persone wat ten minste drie jaar voltydse teologiese opleiding ondergaan het, maar wat nie die vereiste getal lidmate het vir die aanstelling as Nasionale Dienspligtige Kapelaan nie.

Aanbeveling goedgekeur:

**Die sinode neem kennis van hierdie reëling.**

3.2.4 Geleentheidswerkers

Aanbeveling goedgekeur:

**Die sinode besluit dat predikante wat nog dienspligtig is, en predikante in gemeentes waar daar baie Nasionale dienspligtiges is, eerste as kapelane aanbeveel word.**

75.4 Verslag dr CI van Heerden

75.4.1 Kennisgemeem

75.4.2 Aanbeveling goedgekeur:

**Die Kommissie beveel by die sinode aan dat gemeentes kol (ds) AJ Bezuidenhout uitnooi om eredienste te lei en veral die aanslag deur die vyand op die kerk toe te lig.**

Goedgekeur

75.5 Kerkvisitasie : aanbeveling goedgekeur:

**Die sinode besluit dat gedurende kerkvisitasie die besoekers namens die ring ook aandag gee aan die Nasionale Dienspligtiges in die gemeente. Hulle kan navraag doen of daar Nasionale Dienspligtiges in die gemeente is, en of die gemeente kontak met hulle het.**

75.6 Bediening aan ons lidmate in die Weermag

75.6.1 Aanbeveling goedgekeur:

**Die sinode besluit dat ons lidmate kerklik bedien moet word. Dit lei daartoe dat:**

1. Nasionale Dienspligtiges in opleidingseenhede, deur die plaaslike gemeente opgeneem en bedien word;

2. Nasionale Dienspligtiges te velde (in die operasionele gebied) moet deur leraars van die APK besoek en bedien kan word;

3. Burgermaglede tydens lang oefeninge, word net soos Nasionale Dienspligtiges in opleidingseenhede deur die plaaslike kerkraad en leraar bedien;

4. Burgermaglede te velde moet deur leraars van die APK besoek en bedien kan word;

5. Lidmate wat lede van plaaslike kommando's is, wat besig is met lang oefeninge moet deur die plaaslike kerkraad en leraar bedien word;

6. Indien daar by 'n bepaalde plek waar daar 'n sametrekking van weermageenhede is, soos bv Voortrekkerhoogte (Pretoria), Potchefstroom, Tempe (Bloemfontein) en ander plekke 'n groot aantal Nasionale Dienspligtiges is, moet so 'n kerkraad dit oorweeg om 'n leraar te beroep met opdrag o.a. die bediening van die lidmate in die SA Weermag. Hy bly dus leraar van die gemeente en werk kerklik.

75.6.2 Bediening te velde

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode versoek die SA Weermag om leraars, wat lidmate te velde besoek, te vergoed vir die dienste gelewer.

75.7 Die Boodskapper

Aanbeveling

Die sinode besluit dat gemeentes aangemoedig word om Die Boodskapper aan koffiekroeë van Weermageenhede te stuur.

Goedgekeur - met wenk dat die kerkkantoor ook aan die saak aandag gee.

75.8 Besoek aan Kapelaan-Generaal
Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode besluit dat kerkrade seker moet maak dat lidmate hul kerklidmaatskap verander na die APK sodat die sinode 'n hefboom kan kry om mee te werk.

Die verslag is hiermee afgehandel

76. <u>VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR LITURGIE EN FORMULIERE</u>
(Voorgelê deur ds J Engelbrecht)

76.1 Personeel - kennis geneem

76.2 Vergaderings - kennis geneem

76.3 Werkswyse -

3.1 Kennis geneem

3.2 Aanbeveling

Die sinode keur die optrede van die kommissies goed en besluit om voortaan net een kommissie, nl 'n kommissie vir Liturgie, saam te stel.

Afgehandel by SKK-verslag.

76.4 Kerkboek

4.1 Kennis geneem

4.2 Aanbevelings goedgekeur:

4.2.1 Die sinode besluit om 'n eie "Kerkboek" te laat druk vir gebruik in die kerk.

4.2.2 Die sinode besluit dat die volgende in die boek opgeneem sal word:

Die Twaalf Artikels, die Geloofsbelydenis van Nicea en van Athanasius (in 'n kleiner lettertipe), die formuliere soos deur die sinode goedgekeur en die drie formuliere van enigheid (nl Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls).

Op versoek van ds PS van Staden besluit die sinode om ook die amptelike Afrikaanse vertaling van die Gelofte van 1838 op te neem.

4.2.3 Die sinode dra die aanvanklik drukkoste, maar dit word verhaal deur die verkoop van die boek.

76.5 Formuliere. Bylaes word aan die einde van die verslag behandel. (76.9)

76.6 Liturgie

6.1 Aanbeveling:

Die sinode besluit dat gemeentes by die goedgekeurde ordes vir die erediens hou.

Goedgekeur as riglyne.

Die erediensordes word met enkele wysigings soos volg goedgekeur:

6.2 Oggenddiens

1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang
4. Voorlees van die Wet (Exod 20 of Deut 5)
5. Skuldbelydenis (deur sang of gebed)
6. Genadeverkondiging
7. Geloofsbelydenis
8. Sang
9. Gebed om die opening van die Woord .
10. Skriflesing
11. Prediking
12. Dankgebed en Voorbidding
13. Opneem van offergawes
14. Sang
15. Seën.

6.3 Aanddiens
Dieselfde orde as by die oggenddiens word gevolg. Indien so verkies, kan punte 4-8 weggelaat word.

6.4 Nagmaalsdiens

6.4.1 Orde

1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang
4. Lees van die Wet (of samevatting van die Wet)
5. Skuldbelydenis (sang of gebed)
6. Genadeverkondiging
7. Skriflesing

8. Prediking
9. Lees van die formulier
10. Kommunie (Geloofsbelydenis, gebed, bediening)
11. Lofverheffing en gebed (voorbidding)
12. Opneem van offergawes
13. Sang.
14. Seën

6.4.2 Die orde van die oggenddiens tot by pt 11 (prediking) kan ook gebruik word. Vandaar word die orde vanaf pt 10 by die Nagmaalsdiens gevolg.

6.5 Die bediening van die doop en bevestiging van ouderlinge, diakens en lidmate kan geskied na pt 8 of na pt 11 van die orde van die oggenddiens.

6.6 Pt 4-8 by die orde vir die oggenddiens (vanaf lees van die Wet tot sang na geloofsbelydenis) kan ook na pt 13 ingevoeg word.

6.7 Huweliks- en Begrafnisdiens

6.7.1 Die sinode besluit dat die diens by huweliksbevestiging en begrafnisdiens nie 'n amptelike erediens (waar die besondere ampte toesig hou) is nie. Tog gee die sinode die volgende riglyne vir hierdie dienste.

6.7.2 Huweliksbevestiging

6.7.2.1 Orde
1. Gebed
2. Lofsang
3. Skriflesing
4. Woordverkondiging
5. Lees van formulier
6. Bevestiging van huwelik
7. Gebed
8. Sang deur gemeente
9. Seën as gebed.

6.7.2.2 Die sinode besluit dat solo- of koorsang by die huweliksbevestiging na die seënbede plaasvind.

6.7.2.3 Die kommissie wil graag die gedagte aan die sinode voorlê dat die huweliksbevestiging op 'n Sondag plaasvind, as deel van 'n erediens.

6.7.3 Begrafnis
1. Gebed
2. Sang
3. Skriflesing
4. Woordverkondiging
5. Dankgebed
6. Sang
7. Seënbede
8. Geleenthede vir bedankings en lewensskets
9. By die graf :
   9.1 Sang of Geloofsbelydenis, indien verkies.
   9.2 Begrafnisformulier
   9.3 Gebed

6.8 Koorsang

Die sinode besluit dat koorsang gebruik kan word:
1. as hulp by en ondersteuning van gemeentesang;
2. vir leiding en hulp by die aanleer van kerkliedere;
3. vir sinvolle optrede in of buite die erediens.

Daarom besluit die kerkraad oor die sinvolle plek in of buite die erediens vir optrede van 'n koor.

76.7 Preke op kassetband

7.1 Kennis geneem

7.2 Aanbevelings:

7.2.1 Die sinode neem kennis dat preke op band deur verskillende leraars van die APK by Radiokansel beskikbaar is en bring dit onder aandag van gemeentes

Goedgekeur

7.2.2 Die sinode besluit dat leraars aangemoedig word om preke op kassetbande op te neem en aan gemeentes sonder leraars beskikbaar te stel

Goedgekeur.

7.2.3 Die sinode versoek Radiokansel om opnames van eredienste ook in die APK te doen.

Goedgekeur en verwys na SKK

76.8 Finansies

8.1 Kennis geneem. Kom weer voor by verslag van FK.

8.2 Aanbeveling. Staan oor tot by verslag van FK

76.9 Verwys na pt 5 - Formuliere.

9.1 Die volgende amendement word i.p.v. die aanbeveling (5.2) goedgekeur:

Die kommissie beveel aan dat die formuliere goedgekeur word soos in die volgende bylaes vervat, maar dat alle formuliere deeglik taalkundig versorg sal word en dat teksbewyse in die kantlyn of by wyse van voetnotas aangebring sal word.

9.2 Vervolgens word die formuliere behandel

Bylae A - Formulier vir die bediening van die doop aan kinders van gelowiges.

Goedgekeur met die volgende wysigings:

1. "Doel van die Doop" : 1ste sin : voeg in "Ons bedien die doop omdat ..."

2. "Betekenis van die Doop : 2de sin "....ons in die koninkryk van God kom......"

Bylae B -Formulier vir die bediening van die doop by belydenis van geloof.

Goedgekeur

Bylae C - Formulier vir die bediening van die Nagmaal.

Verwys na Tydelike Kommissie vir Liturgie.

Bylae D - Formulier vir die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord

Goedgekeur met die volgende wysigings:

2de vraag: voeg "drie" in voor belydenisskrifte. Vervang "die kerk" met "hierdie kerk".

Bylae E - Formulier vir die bevestiging van Hoogleraars/Dosente.

Goedgekeur

Bylae F - Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens

Verwys na Tydelike Kommissie vir Liturgie.

Bylae G - Formulier vir die Openbare belydenis van geloof.

Goedgekeur

Bylae H - Formulier vir die afsnyding van 'n lidmaat van die gemeente

Terugverwys na Kommissie vir Liturgie.

Bylae I - Formulier vir die heropname van 'n lidmaat wat van die gemeente afgesny is.

Terugverwys na Kommissie vir Liturgie.

Amendement goedgekeur:

**Dat die voorgestelde formuliere vir die afsnyding en heropname nie aanvaar word nie, maar dat die klassieke formuliere gebruik sal word omdat hulle sowel meer treffend en appellatief is. (Hulle word in elke geval baie selde gebruik)**

(JJ Venter, AS van Jaarsveld)

Bylae J - Formulier vir Bevestiging van die Huwelik

Goedgekeur met wysiging:

Die verklaring deur die bruidegom en bruid "Ek verklaar hier voor God ..." word opsioneel gemaak. Die kommissie kry opdrag om die verklarings om te werk in vrae, sodat bruidegom en bruid slegs 'Ja' antwoord. Beide vorms word in die boek opgeneem.

Oudl C du Preez wys daarop dat die formulier aan die Departement van Binnelandse Aangeleenthede voorgelê moet word vir goedkeuring.

Bylae K en L - Formulier by Begrafnis

Word verwys na Tydelike Kommissie vir Liturgie.

76.10 Die volgende voorstelle word goedgekeur:

1. Die sinode besluit dat alle redaksionele wysigings direk aan die Permanente Kommissie vir Liturgie en Formuliere gegee moet word.

2. Die sinode besluit dat die klassieke Formuliere vir Bediening van die Doop aan kinders van gelowiges en vir die Nagmaal ook gebruik mag word en dat hierdie twee formuliere ook in die kerkboek opgeneem word.

(AS van Jaarsveld, JJ Venter)

Hiermee is die verslag afgehandel, met dank aan die kommissie.

## 77. VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR DIE KERKEMBLEEM

77.1 Opdrag - kennis geneem

77.2 Uitvoering van opdrag - kennis geneem

77.3 Ontwerp - kennis geneem

77.4 Leuse - goedgekeur nl "LIG IN DUISTERNIS".

77.5 Aanbeveling:

5.1 Hierdie Kommissie beveel aan dat die voorgelegde ontwerp en leuse as Kerkembleem vir die Afrikaanse Protestantse Kerk aanvaar word.

Goedgekeur.

5.2 Hierdie Kommissie beveel aan dat die vereiste R350 - 00 vir registrasie van die embleem, betaal word aan Heraldiek.

Goedgekeur en verwys na Kommissie vir Finansies

77.6 Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die sinode keur dit goed dat die gemeente Groter-Durban lapelwapens aan al die gemeentes kan verkoop, sonder dat dit vir die sinode enige finansiële las beteken.

(CJJ van Rensburg, HCG Bester)

<u>DIE VERGADERING VERDAAG VIR ETE OM 13h00 NA ENKELE AANKONDIGINGS</u>

<u>OM 14H00 HERVAT DIE SINODE SY WERKSAAMHEDE NA 'N PAAR GESANGVERSE HARTLIK GESING IS</u>

Die voorsitter verwelkom ds en mev J Prinsloo as besoekers

78. <u>VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR GETUIENIS EN DISSIPELSKAP</u>

(voorgelê deur ds WA Jooste)

78.1 Personeel - kennis geneem
78.2 Vergadering - kennis geneem
78.3 Beskrywingspunte

3.1 Die ring van Heilbron versoek die sinode om ten spoedigste toerustingsmateriaal te voorsien vir sowel die kerkraadslid as die lidmate van ons Kerk. (Ouderlinge verlang oor die algemeen 'n leidraad-onderwerpreeks vir die gebruik by huisbesoek). Predikante van ons Kerk het privaat kursusse opgestel. Hierdie leraars moet hierdie kommissie verwittig van sulke materiaal sodat dit versprei kan word in gemeentes.

3.1.1. Aanbeveling 1
Die sinode doen 'n ernstige oproep op leraars van die APK om skolingskursusse, Bybelstudies en ander kerklike / godsdienstige literatuur te skrywe ten einde in die groot nood te voorsien.

Goedgekeur

3.1.2 Aanbeveling 2
Die sinode dra aan die Permanente Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap die taak op om so spoedig moontlik, liefs voor 1 Januarie 1989, die volgende literatuur op te stel of te laat opstel: bestaande boeke en kursusse wat moontlik bruikbaar mag wees, moet ondersoek word, 'n lys moet saamgestel word as riglyn vir gemeentes ;

'n Preekbundel, 'n Dagboek vir lidmate, 'n Dagboek vir die Jeug (ds PK Roodt sal die verantwoordelikheid aanvaar), Bybelstudies (verantwoordelik : ds CJ Prins), Preekbundel en Bybelstudie oor die Toerustingskursusse vir ouderlinge en diakens (verantwoordelik ds WA Jooste) Populêre Leesstof : boeke oor onderwerpe soos, Wat is Gereformeerd? Wat is die APK, (verantwoordelik Oudl JN de Wet, Probleemvrae (sê my, dominee) (verantwoordelikheid ds PS van Staden)

Boeke en kursusse wat geskryf word, moet so helder, eenvoudig en kort as moontlik wees. Dieselfde geld vir preke op kassette.

Goedgekeur

3.1.3 Die volgende voorstel word ook goedgekeur:

Die sinode doen 'n beroep op sinodegangers om dr C van Heerden se dagstukkies "Wandelinge deur die Handelinge" aan te skaf.
Dit is die eerste boekie wat aan die APK opgedra is deur 'n APK-predikant.

(J van Niekerk, P Rautenbach)

3.2 Ring van Nelspruit
Gemeente Witrivier
Die sinode versoek gemeentes om ten minste een maal per maand 'n biduur af te staan aan landstoestande.

3.2.1 Aanbeveling 1
Dat elke kerkraad hiervan kennis neem en self, volgens eie omstandighede, hieraan uitvoering gee.

Goedgekeur

Aanbeveling 2
Dat leraars getrou in hul kanselgebede die nodige voorbidding sal doen vir die owerhede en landstoestande.

Goedgekeur

78.4 Predikers

Aanbeveling:

Indien 'n gemeente wil gebruik maak van die dienste van 'n prediker wat nie deur die Kuratorium of SKK goedgekeur is nie, moet die leierouderling eers skakel met die SKK of die naaste APK-leraar vir goedkeuring.

Goedgekeur met vervanging van "goedkeuring" met "advies".

78.5 Preekbundel
Kennis geneem (sien 3.2)

Die sinode neem ook kennis daarvan dat die eerste preekbundel deur APK-leraars: "Die Triomf van Gods lig" reeds beskikbaar is.

78.6 Reisende leraars

Reeds afgehandel

78.7 Evangelisasie-aksie

7.1 Aanbeveling 1:

Dat plattelandse gemeentes die kerkkantoor in Pretoria en die plaaslike leraars in groot sentra in kennis sal stel van alle lidmate wat in hospitale opgeneem word in die stede. Die moontlikheid van iemand wat in diè stede veral met hospitaalbearbeiding gemoeid moet wees, moet ondersoek word.

Goedgekeur

Aanbeveling 2:

Met die oog op die bereiking van kerkloses, kerklosses en mense in geestelike nood, doen die sinode 'n beroep op kerkrade om in plaaslike nuusblaaie hulle eredienstye en telefoonnommers van die skriba en leraar, bekend te stel, desnoods deur advertensiespasie te bekom.

Goedgekeur

Aanbeveling 3

Goedgekeur met wysiging om te lees:

Die sinode versoek die ringe om oorweging te skenk om in groot sentra soos Pretoria, Johannesburg, Durban, Kaapstad, Bloemfontein, ens. die vestiging van 'n Evangelisasiespreekkamer te ondersoek. So 'n spreekkamer kan desnoods deur die plaaslike leraars op bepaalde tye beman word.

78.8 Skakeling met ander Afrikaanse kerke i.v.m. preekhulp

Aanbeveling:

Die sinode word versoek, om in die lig van die groot tekort aan predikante wat tans ondervind word, te oorweeg om met die drie Afrikaanse kerke te skakel om hulle leraars wat wil, toe te laat om van tyd tot tyd hulp te verleen ten opsigte van die prediking in gemeentes waar daar 'n nood bestaan.

Die sinode neem kennis van die aanbeveling en die volgende amendement word aanvaar:

Daar moet na die ideaal van art 42.3 KO gestreef word, naamlik dat predikante wat vanaf APK-kansels preek, slegs APK-predikante mag wees.

Gesien die besondere omstandighede van ons Kerk vandag, mag kerkrade voorlopig met groot versigtigheid kerkrade van die ander drie Afrikaanse Kerke versoek om hul predikante toe te laat om van tyd tot tyd hulp te verleen t.o.v. prediking.

(R Marè, F Roos)

Hiermee is die verslag afgehandel, met dank aan die Kommissie.

## 79. VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR KERKSANG EN -MUSIEK

(Voorgelê deur ds NJ Rautenbach)

79.1 Inleiding - kennis geneem

79.2 Sangbundel

79.2.1 Beginsel - kennis geneem

79.2.2 Werkwyse - kennis geneem

79.2.3 Aanbevelings

A. Psalms

i. Die sinode besluit om saam te werk met die hersiening van die Psalms met die hersieningskommissie van die NG Kerk die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk.

Goedgekeur.

ii. Die Psalms moet ook vir ons kerk aanvaarbaar wees voordat ons dit in ons eie bundel opneem.

Goedgekeur.

iii Die sinode wys verteenwoordigers aan op die hersieningskommissie.

Goedgekeur - vir uitvoering verwys na Permanente Kommissie vir Kerksang en -Musiek.

B. Ander liedere

Behalwe vir die Psalms word besluit dat ander liedere versamel word uit o,a. huidige gesange, ander bestaande bundels en eie skeppings.

Goedgekeur.

C. Metode van werk

i. Kommissie

Die sinode wys 'n Permanente Kommissie aan wat sover moontlik (of gedeeltelik) van sinode tot sinode gekontinueer word om die werk sinvol te doen. Die kommissie verkry die reg om kundiges met o.a. musiek- en letterkundige agtergrond te koopteer.

Goedgekeur.

ii. Toetsing

Van tyd tot tyd moet gekeurde liedere aan gemeentes voorgelê word vir toetsing en rapport aan die kommissie.

Goedgekeur.

iii. Kopiereg
Alle nodige kopiereg moet eers verkry word alvorens enige lied in die bundel opgeneem word.

Goedgekeur.

iv. Sinodale goedkeuring
Sodra die gewenste aantal getoetste en goedgekeurde liedere versamel is word die volle bundel (Psalms ingesluit) aan die sinode voorgelê vir goedkeuring.

U kommissie stel 'n voorlopige bundel saam van enkele liedere vir sang by die sinode as 'n toets van liedere wat moontlik vir ons eie bundel oorweeg kan word. 'n Vraelys in die verband sal tydens die sinodesitting sirkuleer en ons vra sinodegangers om dit volgens hul eie siening van sake in te vul.

Goedgekeur.

79.2.4 Die volgende word besluit :
Die sinode betuig sy dank aan mnr Piet Roodt vir die gratis druk van die voorlopige bundel wat tydens die sinode gebruik sal word.

79.3 Leiding i.v.m. kerkmusiek

1ste deel - kennis geneem

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode besluit :

Die Kommissie vir Kerkmusiek en -Sang kry opdrag om so gou moontlik op streekbasis kundige lidmate van ons kerk te vra om begeleiers die nodige leiding te gee i.v.m. musiek tydens eredienste.

79.4 Instrumente vir musiek tydens eredienste

Kennis geneem

79.5 Bundels in gemeentes

Kennis geneem.

By die lede van die kommissie moet gevoeg word FJ Swanepoel.

## 80. VERSLAG KOMMISSIE VIR OPVOEDING EN ONDERWYS

80.1 Personeel - kennis geneem

80.2 Vergaderings - kennis geneem

80.3 Aanbevelings:

3.1 Die sinode besluit dat toegesien moet word dat die Christelik-nasionale karakter van die opvoeding van Afrikaner-verbondskinders gehandhaaf en die wet ten opsigte van Christelik-Nasionale onderwys toegepas word. Dit moet gedoen word deur gemeentes en kerkrade, predikante, ouers en onderwysers maar meer spesifiek deur middel van ouerbetrokkenheid by bestuursrade, TAO vereniging, sportkomitees en kultuuraksies.

Goedgekeur

3.2 Die sinode besluit dat 'n wakende oog deur APK-opvoedkundiges, onderwysers en vakspesialiste op laer en hoërskoolvlak gehou moet word oor opvoedingsinhoude wat in die leerplanne en handboeke opgeneem word, spesifiek in vakke soos Bybelonderrig, Bybelkunde, Geskiedenis, Afrikaans e.a.

Goedgekeur.

3.3 Die sinode besluit dat wal gegooi moet word teen integrasietendense in ons skole. Dit moet gedoen word deur APK ouers en onderwysers op bestuursraadvlak en moet veral gerig word op sport- en kultûurgebied en op die kontakgeleenthede wat deesdae geskep word.

Goedgekeur.

3.4 Die sinode besluit dat geleentheid geskep moet word vir eie informele Christelike volksopvoeding deur byvoorbeeld jeugkampe en veldskole. Dit moet onderneem word in samewerking met die Jeugkommissie.

Goedgekeur.

3.5 'n Amendement word goedgekeur, sodat die besluit lees:

Die sinode stel ondersoek in na die moontlikheid dat aanvoor- en voorbereidingswerk gedoen moet word om die moontlikheid te skep vir eie formele Christelike volksopvoeding, onderwysersopleiding en tersiêre onderwys. Vir die doel kan die Vaalrivierkerkterrein in 'n kampus ontwikkel word.
(E Friis, FH Boltman)

3.6 Die volgende voorstel word aanvaar

Die sinode besluit dat ondersoek gedoen word na die lewensvatbaarheid van Christelike opvoeding (kerkskole) wat ook eie aan ons kultuur is.

(FA Jansen, IA Brink)

3.7 Die sinode besluit dat verteenwoordigers van die APK-opvoedkundiges op die Vaalrivierterrein-beplanningskommissie moet dien. Broers Johan van Niekerk en Jan Homan word aanbeveel.

Goedgekeur.

80.4 Aanbevelings i.v.m. Beskrywingspunte

4.1 Aanbeveling : die sinode spreek sy sterkste afkeur uit teen die aftakeling van Christen- en volksidentiteit by ons kinders deur die beeldradio en sosiale vermenging en roep die Kerk, gemeentes en lidmate op tot daadkragtige optrede daarteen deur middel van onder andere die Woordbediening, briewe namens gemeentes en deur lidmate aan die betrokke instansies wat hulle hieraan skuldig maak, ouer en volwasse leiding, verbondsonderrig en ander geestelike onderrig.

Goedgekeur.

4.2 Die sinode besluit dat die Kerk hom moet beywer om iets in die plek te stel van die dinge wat identiteit aftakel.

Goedgekeur.

4.3 Die sinode besluit dat gemeentes, lidmate en leraars moet in "Die Boodskapper" opgeskerp word ten opsigte van bogenoemde aanbeveling.

Goedgekeur.

4.4 Die sinode besluit dat by bewaarskole en gemeentejeugkampe die klem op weerbaarmaking gelê moet word.

Goedgekeur.

80.5 Beskrywingspunt: Verhouding kerk en skool
Die ring van Derby versoek die sinode om met die Dept van Onderwys te skakel oor die weiering van skoolgeboue vir erediensdoeleindes.

Aanbeveling:
Die sinode besluit dat die SKK 'n brief aan die onderwysowerhede moet rig waarin versoek word dat skoolsale soos in die verlede aan alle kerke gratis en vryelik beskikbaar gestel word.

Goedgekeur.

80.6 Benaming Pre-primêre skool

Aanbeveling:
Die sinode besluit dat die term "pre-primêre skool" verkieslik is omdat dit meer omvattend en amptelik is.

Goedgekeur.

80.7 Beskrywingspunt
Die Ring van Noot-Sentraal versoek die sinode om aandag te gee aan die saak in verband met Sjinese, Japannese en ander groepe wat toegelaat word om op bestuursrade te dien van skole waar Christelik- Nasionale onderwys gegee word.

Aanbeveling :
Die sinode besluit dat APK-ouers hieroor 'n wakende oog moet hou en deur middel van bestuursrade optree en deur TAO besture vertoë aan onderwysowerhede rig.

Goedgekeur.

Die verslag hiermee afgehandel met dank aan die kommissie.

81. TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOF

Die volgende word goedgekeur:

Oudl SWP Theron en P Wagener (Algoa) 26/8/88 vanaf 14h00 (Reisreëlings)
Oudl L van Vuuren (Beaufort-Wes) aandsittings (gesondheidsredes)
Oudl AF Badenhorst (Randfontein) 25/8/88 tot 15h00 (dringende sake by dept. van Onderwys)
Ds AE vd Berg (Paarl) en oudl GJ Visser (Pools) 26/8/88 vanaf 13h00 (reisreëlings)
Oudl AO Carlson (Bloemfontein) vanaf 25/8/88 (siekte)
Oudl DBJ Smith (Alfa) 25/8/88 en 26/8/88 vanaf 13h00 (siekte en reisreëlings).
Oudl H v Wyk (Biesiesvlei) 25/8/88 vanaf middagsitting (verpligtinge, gereël met gemeente)
Ds R Marè, oudl R Pretorius , E Potgieter (Tuinplaas) 26/8/88 10h00 tot 14h00 (Begrafnis)
Personeelverandering:
Diak J Haasbroek en P Wessels (Delareyville) neem sitting i.p.v. oudl J de Villiers en F Kotze.

## 81. VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR SENDING

Voordat die verslag behandel word, stel oudl JC Visser 'n mosie van dank in vir die besonder mooi sendingverslag.

Goedgekeur

81.1 Personeel - kennis geneem
81.2 Vergaderings - kennis geneem
81.3 Werksaamhede - kennis geneem
81.4 Aanbevelings - (Bylae B)

4.1 Beskrywingspunt van die Ring van Lichtenburg :

Die Ring van Lichtenburg besluit om by die sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk aan te beveel dat daar in die uitvoering van die sendingbevel daadwerklik gedink sal word aan die ondersteuning van die uitdra van die Evangelie onder blankes in die lande van ons herkoms van Hugenoot, Geus en Puritein. Reeds bestaande aksies kan ondersteun word.

Aanbeveling

Die sinode aanvaar die beskrywingspunt soos in 1 hierbo benoem.

Goedgekeur

4.2 Beskrywingspunt van die Ring van Lichtenburg

Die Ring van Lichtenburg besluit om by die sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk aan te beveel dat die APK begin met 'n georganiseerde Sendingaksie in Hillbrow, Johannesburg, onder Blankes.

Aanbeveling 2.1

Die sinode aanvaar die beskrywingspunt van die Ring van Lichtenburg soos hierbo in 2 genoem.

Goedgekeur

Aanbeveling 2.2.

Die sinode besluit dat die plaaslike APK in Hillbrow gevra word om met die aksie te begin soos besluit is in 2.1 hierbo

Goedgekeur

4.3 Die memorandum i.v.m. die sending van die APK word aan die sinode voorgelê (Bylae A)

Die memorandum word aanvaar met die volgende wysigings :

Deel 1, pt 2.1 Jesus Christus as "Sendeling" word "Gestuurde".

Deel 1 pt 2.2 vervang "'n gemeente" met "sy Kerk".

Deel 2, pt 2 laaste paragraaf vervang "belydenis [illegible] Petrus" met "belydenis van Petrus".

Deel 2 pt 6.3 vervang "ook sendingveld" met "wat elke dag teen die sonde stry."

Al die punte van die memorandum word met dank aanvaar.

Diaken EB Kruger (Sasolburg) gee kennis dat sy stem in die minderheid aangeteken word, aangesien hy nie die sendingbeleid soos vervat in dele 1,2,3 en 4 van die memorandum onderskryf nie.

Na die memorandum afgehandel is word die volgende voorstel goedgekeur:

In die lig van Christus se alomvattende opdrag aan sy Kerk op aarde aan wêreld-sending, verklaar die sinode hom bereid om ook na buite te beweeg en inskakeling te oorweeg by 'n wêreldradio-uitsending

(F Botha, JF Wessels)

Die aanbevelings kom verder aan die orde.

Aanbeveling 3.1
Die sinode aanvaar die uiteensetting soos in die memorandum gestel, as motivering en grondslag vir die APK se standpuntstelling in art. 47 van die Kerkorde.

Goedgekeur.

Aanbeveling 3.2
Aangesien die missionêre taak 'n wesensfunksie van die kerk is, besluit die sinode dat geen predikant of lidmaat hulle aan die kerk se missionêre roeping mag onttrek nie.

Goedgekeur.

Aanbeveling 3.3
Die sinode besluit dat kerkrade versoek word om die memorandum soos aanvaar deur die sinode, per geleentheid met die gemeente te behandel.

Goedgekeur.

Aanbeveling 3.4
Die sinode besluit dat die studente van die Teologiese Skool "Teologiese weerbaarheid" aangebied moet word in die sin van 'n gespierde en omvattende teologiese toegerustheid en gereedheid om die groot verskeidenheid van gewigtige eise wat die ontsaglike onvoltooide taak aan die jong predikant stel, op effektiewe wyse tegemoet te tree.

Goedgekeur en verwys na Kuratorium.

4.4 Sinodale Sendingkommissie

Aanbeveling 4.1
Die sinode besluit dat die sinodale Sendingkommissie se taak soos volg sal wees :

4.1.1 Om aan die sinode die sendingbeleid van die APK voor te hou.

4.1.2 Om alle opdragte wat deur die sinode of die SKK aan hom gegee word, uit te voer.

4.1.3 Om geen verklarings na buite te maak nie.

4.1.4 Om die sendingsituasie gedurig te evalueer met aanbevelings aan die sinode/SKK

4.1.5 Om aan die SKK aanbevelings te doen om vakatures op die kommissie aan te vul.

4.1.6 Om die sendingwerk in die sinodale gebiede te koordineer.

4.1.7 Om buitelandse sowel as binnelandse sendingvelde te identifiseer.

4.1.8 Om minstens een keer per jaar te vergader om aandag te gee aan opdragte.

Goedgekeur.

Aanbeveling 4.2
Die sinode besluit dat die sinodale Sendingkommissie soos volg saamgestel word:

4.2.1 Die kommissie word saamgestel soos die sinode van tyd tot tyd mag besluit.

4.2.2 Die kommissie tree by elke sinodesitting uit en 'n nuwe kommissie met 'n sameroeper word by elke sinodesitting aangewys.

Goedgekeur.

4.5 Ringsvorms

Aanbeveling:
Die sinode besluit om die volgende vrae vir die ringsvorms te oorweeg:

5.1 Het die kerkraad 'n sendingkommissie?
5.2 Watter beplanning is reeds gedoen om sendingwerk te verrig?
5.3 Is die sendingbeleid soos bepaal deur die sinode aan die gemeente oorgedra.
5.4 Was daar enige reaksie van die gemeente se kant? Indien wel, deel dit mee.
5.5 Watter aanbevelings doen die kerkraad i.v.m. sending?

Goedgekeur.

Die verslag word met dank aanvaar.

4.6 Die volgende voorstelle word aanvaar:

1. Die sinode gee die wenk deur dat die kern van die sendingverslag 'n hoofstuk sal vorm in die beoogde boekie : "Ontmoet die APK".

2. Die sinode versoek dr Van Heerden om 'n opsomming van hierdie sendingverslag, soos goedgekeur deur die sinode aan die Kommissie vir Media-skakeling deur te gee vir vandag se persverklaring.

(NJ Rautenbach, A Ebersohn)

Goedgekeur.

## 81. VERSLAG KOMMISSIE VIR DIENS VAN BARMHARTIGHEID
(Voorgelê deur ds AS van Staden)

81.1 Personeel - kennis geneem
81.2 Vergadering - kennis geneem
81.3 Verslag van werk - kennis geneem
81.4 Beskrywingspunte

Die volgende beskrywingspunte is deur die ringe vir aandag na die kommissie verwys :

4.1 Ring van Derby
Die ring doen 'n beroep op die sinode om hom te beywer om 'n ouetehuis vir lidmate van die APK daar te stel. ('n Blanke aftreeoord word in Die Boodskapper bekendgestel).

Aanbeveling goedgekeur:

**Die sinode beveel hierdie oord by die lidmate van ons Kerk aan.**

4.2 Ring van Bloemfontein
Die ring spreek waardering en dank uit vir bydraes ontvang van lidmate en gemeentes na die vloedskade.

Aanbeveling goedgekeur:

**Die sinode keur die voorstel goed.**

Ds JN Joubert betuig namens die beproefde lidmate besondere dank aan die sinode.

4.3 Ring van Dendron
Die ring adviseer die gemeente van Louis Trichardt om in sinodale verband inligting te kry waar fondse vir Diens van Barmhartigheid bestee kan word, indien dit nie in die gemeente self aangewend kan word nie.

Aanbeveling goedgekeur:
**Die sinode keur dit goed dat deur middel van Die Boodskapper sulke fondse bekend gestel word en gemeentes uitgenooi word om daarom aansoek te doen.**

4.4 Ring van Dendron

Die ring versoek die sinode om dringend leiding te gee oor die sinvolle funksionering van die diakenamp, ook in die wyere opset van Diens van Barmhartigheid.

Aanbevelings goedgekeur en verwys na Permanente Kommissie vir Diens van Barmhartigheid:

1. **Die sinode beveel aan dat ringsdiakonale konferensies gereël word waar diakens geskool kan word.**

2. **Die sinode besluit dat 'n persoon/persone aangewys word om 'n kort handleiding daar te stel vir gebruik in gemeentes.**

4.5 Die sinode neem kennis (dit moes nie by die sinode dien nie)

4.6 Ring van Dendron

**Die ring versoek gemeentes om aan 'n kommissie deur die ring benoem gegewens te verstrek i.v.m. kundige lidmate wat gespesialiseerde diens kan lewer op die terrein van barmhartigheid, sodat gemeentes sulke persone kan gebruik op 'n basis soos ooreengekom.**

Die volgende voorstel word goedgekeur:
Voeg by : **Die ring versoek die sinode om dieselfde beginsel toe te pas.**
(LD Pienaar, AS van Jaarsveld)

**Die beskrywingspunt word goedgekeur.**

4.7 Die volgende voorstel word ook goedgekeur :

**Die sinode dra dit op aan die Permanente Kommissie van Diens van Barmhartigheid om ondersoek in te stel na die moontlikheid van hulp aan studente in die Maatskaplike Werk en die moontlikheid om sulke werkers uiteindelik in kerklike diens te akkommodeer.**

(HCG Robbertze, GJ Nel)

Hiermee is die verslag afgehandel, met dank aan die kommissie.

## 83. VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOF

Die volgende verlof word toegestaan :

Ds J Engelbrecht (Bethlehem) 26/8/88 vanaf 13h00 (Wykebiduur)
Afgevaardigdes van Kimberley 26/8/88 vanaf 13h00 (dringende vergadering)
Afgevaardigdes van Harrismith 26/8/88 (vervoerprobleme)
Oudl JH Gauchè (Hluhluwe) 26/8/88 (kongres)
Oudl W van Dyk (Brandfort) 25/8/88 middag en aand (ongesteld)
Ds E Friis (Bosveld) aandsitting (skoonmoeder in hospitaal besoek en self ongesteld)

Oudl J Breytenbach en PM Rossouw (Ottosdal ) 26/6/83 (ernstige borskwaal van br Rossouw)
Oudl APS Brits (Sanddrif) vanaf aandsitting (griepaanval)
Oudl J du Plessis (Brits) vanaf aandsitting (siekte)
Oudl JH Scholtz (Douglas) vanaf aandsitting (siekte)

84. VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR FINANSIES (B.1)

Die orige deel van die kommissie se verslag word aan die orde gestel.

84.1 Bydrae van gemeentes

1.1.3 Verwys na pt 8.1.13 van Permanente Kommissie se verslag.
Oudl C du Preez kry geleentheid om sy beskrywingspunt i.v.m. finansiering van werksaamhede (9.16 van verslag van Kommissie vir Finansies) toe te lig.

DIE BESPREKING WORD ONDERBREEK DEUR DIE VERDAGING VIR AANDETE OM 18H00

HERVAT WEER SY WERKSAAMHEDE OM 19H00.

85. VERKIESING VAN 5 LEDE VIR SKK

Die voorsitter kondig aan dat die volgende 2 persone reeds verkies is uit die genomineerdes:

dr WJG Lubbe en ds A Boshoff.

'n Verdere stemming vind plaas vir nog 3 lede.

86. VAN DIE VOLGENDE BOODSKAP WORD KENNIS GENEEM.

Graag wil ek u ook namens die komitee vir die begenadiging van kapt La Grange en sers Van der Merwe bedank vir die standpunt wat ons verneem, die APK inneem met u sinode ten opsigte van die vonnisoplegging van hierdie twee persone.

Ons verneem dat u ook die Staatspresident van die standpunt van die sinode in kennis sal stel. Ons het net die diepste waardering teenoor u en die sinode vir so 'n weldaad teenoor u mede-landsburgers.

Baie dankie vir elke handtekening op die versoekskrifte.

Ons bid u die Heer se rykste seën toe met die verdere verloop van die sinode.

(Pieter Wagner)

## 87. VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR FINANSIES (B1) (vervolg)

87.1 Bydraes van gemeentes (pt 8.1.13)
Hierby word ook gevoeg 1.2 Finansiering van werksaamhede.
Die volgende voorstel word nie aanvaar nie.

1. Hiermee stel ek voor dat die gemeentes wat R4.50 per lidmaat wil betaal dit net vir die kantoor laat weet voor die begin van die finansiële jaar.

2. Indien 'n gemeente net 15% van sy inkomste wil betaal dan laat weet hy net die kantoor voor die begin van die finansiële jaar.

3. Dit moet net vir 'n jaar bindend wees, dat die gemeente self sy heil kan uitwerk.

(CJ Jacobs, JJ Prinsloo)

Die aanbevelings word goedgekeur:

**1.1 Die sinode handhaaf die persentasiebasis vir bydrae van gemeentes vir die finansiering van sinodale werksaamhede.**

**1.2 Die sinode besluit dat die gemeentebydrae 'n maksimum van 15% van die totale ontvangste van die gemeente bedra en dat kerkrade die bedrag maandeliks sal oorbetaal. Van hierdie bydrae word 2/3 aangewend vir fondse onder beheer van die SKK en 1/3 vir teologiese opleiding.**

87.2 Begroting 1989 - afgehandel.

87.3 Versekering
Vir kennisname: die rekenmeester het reeds op versoek van die SKK gegewens in verband met groepversekering oor ongevalleversekering, ens. verkry (Punt 9.4 van die verslag hierby ingesluit).

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode keur goed dat die gegewens per omskrywe aan die gemeentes gestuur word en dat br HJ Claasen kortliks die saak toelig voor die sinode.

Br Claasen verduidelik die ongevalle versekering en versekering van geld van die gemeente in transito.

87.4 Pensioen van leraars (Verslag van Permanente Kommissie pte 9.13 en 9.14 bls 66).

Die opskrif by 9.14 word verander na "Ring van Naboomspruit".

Die aanbevelings word aan die orde gestel.

1. Die sinode is bewus van die verlies aan pensioenvoordele wat sommige leraars gely het;

   Goedgekeur.

2. Die sinode besluit dat daar wel addisionele voorsiening gemaak moet word vir leraars wat minder as 20 jaar diens oor het met aansluiting by die APK.

   Goedgekeur.

3. Die sinode besluit dat 'n begrotingspos in die sinodalebegroting geskep word om vir bogenoemde voorsiening te maak.

   Goedgekeur.

4. Die sinode dra dit aan die Finansiële Kommissie op om hierdie pos, per voorlegging aan die SKK, wel in die begroting van 1989 in te werk.

   Goedgekeur. Uitvoering verwys na FK en SKK.

5. Dat pt 1 van die besluit van die Ring van Naboomspruit goedgekeur word nl.

   Die ring stel voor dat die pensioenfonds, siekefonds, lewensversekeringspolisse en korttermynversekering en byvoordele van predikante en personeel verwys word na 'n paneel van deskundiges wat bestaan uit lidmate buite die kerkkantoor en SKK om die besmoontlike voordele vir die predikante te beding en te implementeer.

   Nie goedgekeur nie.

6. Dat pt 4 en 5 van die Ring van Dendron by bogenoemde opdrag (p[t 5 hierbo) ingesluit word, nl

   6.1 Die ring versoek derhalwe die sinode (of SKK) om metodes te ondersoek waardeur voorsiening gemaak kan word om die predikante se pensioen op dieselfde basis te plaas as wat hulle gehad het, veral in die geval van predikante wat nog minder as vyftien jaar diens oor het voor aftrede.

6.2 Waar predikante wat ge-emeriteer het hulle mediese fonds se voordele verloor moet ook hiervoor voorsiening gemaak word.

Goedgekeur en verwys na SKK.

Die volgende voorstelle word goedgekeur :

1. Die sinode spreek sy opregte dank uit teenoor br C du Preez vir die ywer waarmee hy die pensioenfonds en die mediesefonds vir leraars georganiseer het en nog behartig.
(LD Pienaar , CFW Snyman)

2. Die sinode besluit dat die voorsitter van die FK op die Raad van Trustees wat die pensioenfonds beheer, dien.
(LD Pienaar, WM Grovè)

3. Die sinode keur goed dat bogemelde persoon die plek inneem van ds HCG Robbertze, op lg. se versoek.

87.5 Koop van eiendom - reeds afgehandel.

88. <u>VERKIESING LEDE VAN SKK</u>
Die voorsitter kondig aan dat die volgende 3 lede ook verkies is: dr CI van Heerden, di MC Adendorff en AS van Jaarsveld.

89. <u>TWEEDE VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR FINANSIES</u> (B.2)

89.1 Beskrywingspunt - kennis geneem.

89.2 Tarief van reiskoste (verslag pt 9.8, bls 64)

Aanbevelings:

2.1 Die kommissie ondersteun die twee aanbevelings van die Finansiële Kommissie nl
dat die tarief wel op 50c per km bly;
dat alle persone dringend versoek word om ritte sinvol te beplan en sover moontlik saam te reis;
met dien verstande dat dit betrekking het op sinodale kostes.

Goedgekeur.

2.2 Die kommissie beveel verder aan dat, sou dit gebeur dat kostes drasties verhoog (soos die aangekondigde verhoging van brandstofprys en 'n moontlike prysverhoging van nuwe motors) die Finansiële Kommissie opdrag ontvang om die saak

van reiskoste te behandel en aanbevelings aan die SKK voor te lê.

Goedgekeur.

2.3 Kerkrade word aangeraai om die volledige tabelle in verband met vervoerkostes soos deur die AA opgestel, as riglyne te neem en daarvolgens te handel in verband met reistoelae aan leraars.

Goedgekeur.

89.3 Begroting van uitgawes van kommissies

Aanbevelings:
Die sinode besluit:

3.1 dat aan elke kommissie van die sinode, behalwe die SKK, R3 500 toegeken word vir uitgawe gedurende 1989.

Goedgekeur, met byvoeging : Jeugkommissie bespreek begroting met FK.

3.2 dat aan die Finansiële Kommissie R5 000 toegeken word vir 1989.

Goedgekeur.

3.3 Dat die bedrag vir uitgawe van SKK vasgestel word op 'n samespreking deur die SKK en FK;

Goedgekeur.

3.4 Dat die kommissies soos in punt 16 van die Agenda (bls 4) genoem, verder funksioneer met die volgende veranderings.

3.4.1 Kommissie vir Liturgie en Formuliere word saamgevoeg as een kommissie;

Afgehandel.

3.4.2 Die Kommissie vir Opvoeding en Onderwys word saamgevoeg met die Kommissie vir Jeug en Kategese (ter wille van besparing);

Kennis geneem.

3.4.3 Kommissies vir Interkerklike Verhoudings, Mediaskakeling en Publikasies word deur die SKK behartig;
Goedgekeur

3.4.4 Kommissie vir Kerkembleem verval

Goedgekeur.

89.4 Beskrywingspunt, kerkraad van Dendron
(Agenda punt 17.21, bls 36)

4.1 Hierdie saak is deur die sinode uit die verslag van die SKK na die kommissie verwys.

Die kerkraad van Dendron versoek die sinode dat ringsuitgawes gedek word uit die kerkraad se bydrae van 15% van inkomste aan sinodale fondse.

4.2 Aanbevelings
Die kommissie beveel aan ;

**4.2.1. Die sinode wys daarop dat die bydrae van 15% van die totale inkomste van 'n gemeente 'n saak van die sinode is, ter wille van sinodale werksaamhede.**

Goedgekeur.

**4.2.2 Die sinode besluit dat elke ring sy eie besluite neem in verband met sy eie finansies.**

Goedgekeur.

89.5 Aparte poste vir Administrateur vir SKK en Kuratorium

5.1 Hierdie saak is deur die sinode na die kommissie verwys

5.2 Aanbeveling:

5.2.1 In die begroting vir 1989 kan nie voorsiening gemaak word vir addisionele poste nie.

Nie aanvaar nie.

5.2.2 In die plek van die aanbeveling word die volgende amendement goedgekeur.

**Die sinode besluit dat die pos van administrateur so gou as wat finansies en middele dit toelaat in aparte poste nl administrateur vir die SKK en administrateur vir die Kuratorium omskep sal word.**

**Die saak word na die Finansiële Kommissie verwys om so gou doenlik te implimenteer.**
(HCG Robbertze, MJ Hartzenberg)

89.6 Begroting 1987 - afgehandel.

89.7 Willie Lubbe Studiefonds.
Die syfers soos deur die rekenmeester verskaf, word voorgelê en goedgekeur.

Studielenings vir 1988 toegestaan:

1. 'n Totale bedrag van R37 014 - 00 is aan studente geleen.

2. Die lenings is soos volg gefinansier.

| | |
|---|---|
| Saldo op Willie Lubbestudiefonds aangewend | 22 500-00 |
| Deur Kuratorium aan Studiefonds geleen | 14 514-00 |
| | R37 014 - 00 |

3. Die rekenmeester het gemeld dat daar pas R15 221 by die studiefonds inbetaal is d.w.s. 'n oorskot van R707.

89.8 Finansiële state tot 31 Desember 1987

Die volgende state is ter insae beskikbaar:

8.1 Geouditeerde state van finansies van FVK en die sinode.

8.2 Inbetalings van gemeentes aan SKK tot 30 Junie 1988.

(Volgens hierdie staat is R408 529 vir SKK fondse inbetaal - dit beteken dat die totale inkomste van gemeentes R4 085 290 was - November 1987 - Junie 1988. Vir Januarie - Junie 1988 was die totale inkomste van gemeentes R3 258 390.)

Kennis geneem met groot dank aan die Here.

89.9 Handleiding vir kassiere
Die sinode neem kennis daarvan dat br CJ de Ja Rey 'n handleiding opstel wat eersdaags beskikbaar sal wees.

Die verslag is hiermee afgehandel.

DIE SINODE VERDAAG NA DIE SING VAN GES 5: 1 EN 'N GEBED DEUR OUDL JJ FRINSLOO OM 21h30.

VYFDE SITTINGSDAG 26 AUGUSTUS 1988

Voor die biduur begin, spreek ds Rautenbach die gedagte uit dat die sinode baie dankbaar moet wees vir al die seëninge wat die Here reeds aan die kerk gegee het. Die sinode bevestig die gedagte met die sing van Ps 150.

Om 7h30 begin die sitting met die biduur, gelei deur oefenaar P Retief. Die vergadering sing Ges 302: 1,3 en oef Retief lees Openbaring 18: 1-5.

Hy beklemtoon veral die verlossing deur Jesus Christus as verlossing van sonde, nie die verlossing en bevryding soos deur die teologie van bevryding verstaan word nie.

'n Hele aantal lede neem aan die gebed deel. Na die sing van Ges 177: 1,2,5 sluit br Retief die bidstond af met gebed.

1. Die voorsitter bedank oefenaar Retief vir die leiding van die biduur.

2. Die voorsitter bedank ook almal wat van hierdie sinode 'n onvergeetlike ervaring gemaak het.

3. Die voorsitter wens ook die gemeente Thabazimbi geluk wat vandag verjaar.

4. Die voorsitter bedank mnr Jan Ebersohn, wat teenwoordig is, vir die orrel wat gratis aan die sinode beskikbaar gestel is.

90. Die volgende sake geniet aandag :

90.1 Mosie oor Geloftedag

Weens die feit dat die huidige regering vakansiedae indringend hersien, en al meer pleidooie gelewer word om Geloftedag af te skaf as sou dit aanstoot gee en goeie verhoudings tussen volkere vertroebel, word dit aan die SKK opgedra om hartgrondige vertoë namens die hele Kerk tot die regering te rig dat :

(a) Geloftedag 'n onvervangbare verbintenis van 'n volk in sterwensnood met 'n reddende God van genade is, en

(b) Die eenmalige Gelofte nie vervang kan word met 'n nuwe Gelofte oor goeie volkereverhoudings nie, aangesien 'n gelofte nie eensydig van die mens se kant verbreek kan word nie, maar alleen deur die Drie-enige God opgehef kan word.

(c) Die regering duidelik daarop gewys word dat Geloftedag nie 'n fees van oorwinning van een volk oor 'n ander is of die vernedering van 'n swart volk is nie, MAAR 'n fees van dankbaarheid is.

(d) Die die regering duidelik sal besef dat Geloftedag niks met volkereverhoudings te doen het nie, maar die verhouding tussen die Afrikanervolk en die Almagtige God, Beskikker oor die lot van volke en nasies, duidelik uitbeeld, en

(e) Die regering eerbied en agting sal betoon vir die erns waarmee God 'n gelofte bejeën, soos duidelik in Rigters 11 beskryf word en dat die regering eerbied sal hê vir 'n volk se verbondenheid aan sy God.

(PS van Staden, JA du Plessis)

Goedgekeur.

90.2 Oudl BP Barnard (Vaalharts Suid) versoek dat 'n kartondoos voor in die tent geplaas word vir bydraes ten bate van die Willie Lubbe Studiefonds.

Goedgekeur.

90.3 Oudl Boltman vra verskoning omdat hy laat sal aankom a.g.v. motorprobleme.

90.4 Voorstel : Persberigte

1. Die sinode neem kennis van die berigte wat hierdie week in die pers (veral "Beeld") omtrent die sinode se vergadering verskyn het.

2. Die sinode is van oordeel dat die stelsel waarvolgens persverklarings een maal daagliks uitgereik word deur die Kommissie vir Mediaskakeling hierdie jaar goed gefunksioneer het.

3. Die sinode gee hierdie werkswyse as wenk deur aan die SKK om te oorweeg by die reëling van perssake vir die volgende sinodesitting.

(JJ Venter, DR Schwartz)
Goedgekeur.

90.5 Die volgende voorstel i.s. kerkseël **word nie goedgekeur nie.**

Die sinode besluit :

1. Die SKK kry opdrag om by die goedgekeurde kerkseël 'n byvoeging te oorweeg, nl 'n groot genoeg sirkel buite om die seël, sodat 'n tekening van die sewe kandelare daarin kan pas.

2. Sodra die Raad vir Heraldiek dit so goedgekeur het, die voorgestelde registrasie te doen.

3. Wanneer dit gereed is, dit in die gemagtigde en vaste grootte met die simboliek van die seël in die eersvolgende Boodskapper te publiseer.

(WM Grovè, MP Taute)

90.6. Verkiesing van Kuratorium

1. 'n Groslys word opgestel. Prof W Lubbe en dr CI van Heerden versoek dat hulle nominasies teruggetrek word.

2. **Die sinode besluit dat die elf name met die hoogste getal stemme na die verkose primarius lede as die sekunduslede benoem word.**

90.7 Verslag Kommissie vir Verlof

Personeelwysigings
Oudl TI Gerber (Delmas) ter vergadering
Diak G Maritz (Brits) i.p.v. oudl JP Botha
Oudl R de Beer is weer ter vergadering (na begrafnis van sy oom)
Verlof
Oudl C le Roux en JA Victor (Verkeerdevlei) 26/8/88 (Siekte)
Ds E Friis (Bosveld) 26/8/88 - siekte
Oudl H van der Merwe (Zeerust) 26/8/88 - huistoe a.g.v. siekte.
Oudl F Roos (Waterberg) 26/8/88 vanaf 13h00 - Begrafnis
Oudl Wasserfall (Riversdal) 26/8/88 vanaf 13h00 - Begrafnis.

91. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR REGTE (vervolg)

Die kerkorde word verder artikel-gewys behandel en soos volg goedgekeur.

91.1 Art 10

Aangesien die selfstandige plaaslike kerk hoegenaamd nie in die ou artikel en bepalinge figureer nie, word die hele artikel 10 en bepaling 3 vervang met :

Artikel 10

Enige belydende lidmaat van die beroepende gemeente het die reg om skriftelike beswaar by die kerkraad aan te teken, voor verstryking van die periode van approbasie op grond van klagtes teen die leer of lewenswandel van die beroepene, of op grond van onreëlmatigheid i.v.m. die beroep .

Bepaling 3

3.1 Wanneer die voorsitter of skriba van die beroepende kerkraad die beswaar ontvang, word 'n vergadering van die kerkraad onverwyld belê om die beswaar te oorweeg.

3.2 Die kerkraad handel die beswaar af indien moontlik.

3.3 Indien die kerkraad nie self die beswaar afhandel nie, verwys hy dit na of die Kuratorium of die kerkraad van die beroepene, welke geval van toepassing is. Indien die beswaar geldig is, word aan die beroepene daarvan kennis gegee.

3.4 Die beswaarde het reg van appel indien sy beswaar afgewys word.

91.2 Bepaling 4.1

Indien 'n beroep aanvaar is, moet die beroepe predikant so spoedig moontlik met sy kerkraad reël vir die verlening van demissie. Aan 'n proponent wat tydelik werksaam was, moet 'n getuigskrif gegee word.

91.3 Bepaling 4.2. Die volgende amendement word goedgekeur:
Die beroepe predikant / proponent reël met die beroepende kerkraad vir sy bevestiging. Die beroepende gemeente is vanaf datum van demissie, in geval van 'n predikant en vanaf beroepsaanvaarding in geval van 'n proponent, verantwoordelik vir die lewensonderhoud, huisvesting en amptelike uitgawes van die beroepe predikant / proponent.
(IA Brink, CC Oosthuizen)

91.4 Bepaling 4.3 onveranderd

91.5 Bepaling 4.4
Die aanbevelings van die kommissie goedgekeur
Bepaling 4.4 lees dus:
Die voorsitter van die beroepende kerkraad gee aan die skriba van die ringskommissie kennis van die bevestiging, met toesending van alle stukke. In die geval van proponente reik die ringskommissie 'n akte van bevestiging uit.

91.6 Bepaling 4.5
Die beroepende kerkraad gee kennis van die bevestiging in die amptelike orgaan van die kerk en aan die kerkkantoor, sodat kennis aan die Registrateur van Huwelike gegee kan word en waar van toepassing, aansoek gedoen kan word vir die aanstelling as huweliksbevestiger deur die staat en met die oog op pensioen- en mediese fondsvereistes.

91.7 Bepaling 4.6

'n Predikant is geregtig op

4.6.1 vakansieverlof van twee en veertig dae per jaar;

4.6.2 siekteverlof vir hoogstens 90 dae in 'n siklus van drie jaar. Indien siekteverlof van meer as drie dae aaneen geneem word, kan die kerkraad 'n mediese sertifikaat vereis. Oor siekteverlof vir langer as 90 dae beslis die kerkraad;

4.6.3 langverlof van tien dae per jaar na drie jaar is slegs met die toestemming van die kerkraad oploopbaar;

4.6.4 ongebruikte langverlof word in oorleg met die kerkraad voor demissie of geneem of uitbetaal wanneer die predikant 'n beroep aanvaar;

4.6.5 spesiale verlof soos met die kerkraad ooreengekom, insluitend studieverlof.

Die volgende amendement word goedgekeur

Amendement by Kommissie vir Regte se aanbevelings by punt 4.6 (bl 14).

Dat die numerering gewysig word: 4.6.4 val weg en die bewoording daarby word by 4.6.3 gevoeg; 4.6.5 word 4.6.4.

Daarmee word die 4 soorte verlof van die leraar mooi gegroepeer.

(JJ Venter; R Searle)

91.8 Art 12

Die opdrag van die bedienaar van die Woord is:
die verkondiging van die Woord van God en diens van die gebede;
die bediening van die sakramente;
die leiding van die erediens;
die behartiging van die kategetiese onderwys;
die doen van gereelde en behoorlike huisbesoek;
die behartiging van die herderlike sorg van die gemeente;
die leiding van kerkraadsvergaderings en vergaderings van die kerkraad waartoe die gemeente opgeroep is;
die uitoefening, saam met die ouderlinge, van die regering van, opsig oor en tug in die gemeente.

91.9 art 13

'n Bedienaar van die Woord mag nie in 'n ander gemeente (kerk) sonder toestemming van daardie plaaslike kerkraad optree nie.

91.10 art 14

14.1 Aangesien 'n bedienaar van die Woord sy lewe lank aan die kerkdiens verbonde is, is dit hom nie geoorloof om tot 'n ander lewenstaak oor te gaan nie, behalwe oor gewigtige redes wat deur die ring beoordeel moet word.

14.2 Indien die ring die aansoek om oorgang goedkeur, kan die betrokke bedienaar by die Kuratorium vir behoud van status aansoek doen.

14.3 Behoud van status kan alleen verleen word vir studie in die teologie, die aanvaarding van 'n kerklike betrekking of 'n betrekking wat 'n geestelike karakter dra, wat in regstreekse verband staan met die verkondiging van die Woord en wat tot voordeel van die Afrikaanse Protestantse Kerk geag word.

91.11 art 15

Onveranderd

91.12 art 16

Indien 'n bedienaar van die Woord, of die kerkraad, oordeel dat hy nie langer tot stigting in die gemeente (kerk) kan dien nie, oordeel die ring na behoorlike ondersoek daarop en besluit of die band tussen die bedienaar van die Woord en die gemeente losgemaak moet word. Die ring vergewis hom dat daar billike voorsiening vir die bedienaar gemaak is.

Die ring moet dan aan die kerke in kerkverband onmiddellik kennis gee dat die betrokke bedienaar 'n beroep afwag.

91.13 Bepaling 16

Bep 16 word geamendeer en soos volg goedgekeur

16.1 Die gemeente waarvan die bedienaar losgemaak is

16.1.1 is verantwoordelik vir huisvesting en die betaling van traktement aan die bedienaar solank as wat hy nog nie 'n beroep ontvang het nie, tot 'n maksimum tydperk van 3 maande;

16.1.2 mag onverwyld 'n beroep uitbring.

16.2 Indien 'n bedienaar wat losgemaak is geen beroep binne 3 maande ontvang nie, oordeel die ring of hy tot 'n ander lewenstaak moet oorgaan en of hy nog drie maande lank beroepbaar sal bly, maar sonder aanspraak op huisvesting of verdere traktering deur die gemeente waarvan hy losgemaak is.

Die bewoording "moet" of "mag" word na die Kommissie vir Regte verwys.

91.14 art 17

'n Bedienaar van die Woord wat weens verswakte gesondheid of ouderdom wil emeriteer, moet by die kerkraad en ring aansoek doen met die oog op demissie en die reëling van pensioen.

91.15 art 18

Die opdrag van die ouderling is
die uitoefening van regering, opsig en tug oor die gemeente saam met die bedienaar(s) van die Woord;
waaksaamheid oor die suiwerheid van die leer;
die doen van gereelde en behoorlike huisbesoek in die gemeente;
die roeping om ander na Christus te lei;
medeverantwoordelikheid saam met die bedienaars

van die Woord vir kategetiese onderwys;
die goeie orde, dissipline en instandhouding van die erediens;
verantwoordelikheid vir gereelde eredienste en sakramentsbediening.

91.16 art 19 onveranderd

91.17 art 20

Alleen manlike belydende lidmate van die gemeente wie se name in die lidmateregister van die gemeente opgeteken is en wat onberispelik in leer en wandel is, is verkiesbaar.

91.18 art 21

Die dienstermyn van kerkraadslede word deur die kerkraad bepaal met behoud van die beginsel van gereelde uittrede.

91.19 bepaling 5.3

Eerste paragraaf

'n Groslys word vooraf saamgestel soos die kerkraad bepaal. Elke belydende lidmaat en elke kerkraadslid mag ooreenkomstig die aantal vakatures name op die groslys plaas. Die kerkraad finaliseer voor die verkiesingsvergadering die groslys met inageneming van artikel 20.3. Daarna volg die verkiesing. Elke stemgeregtigde stem per geslote stembrief vir soveel name as wat verkies moet word.

91.20 Bepaling 5.3 - tweede paragraaf

Diegene wat 'n volstrekte meerderheid verkry het, is verkies. Vir die ontbrekendes word gestem tussen die oorblywende name totdat die benodigde aantal persone met volstrekte meerderheid van stemme verkies is. As die stemme met die finale stemming staak, word na gebed met die lot beslis.

91.21 Bepaling 5.5

'n Kerkraadslid wat na verstryking van 'n dienstyd nie herkies word nie, bly in diens tot 'n plaasvervanger bevestig is, tensy die kerkraad anders besluit, terwyl 'n aansoek om losmaking van krag word sodra die kerkraad dit bewillig.

91.22 Bepaling 5.6

Enige belydende lidmaat van die gemeente wat nie onder sensuur is nie, het die reg van beswaar teen enige verkosene of onreëlmatigheid by die verkiesing. Die beswaar moet skriftelik by die voorsitter ingelewer word, nie later nie as sewe dae na die afkondiging van die name.

91.23 Bepaling 5.7

'n Beswaar teen 'n verkose persoon of onreëlmatigheid by die verkiesing word deur die kerkraad ondersoek en afgehandel, met dien verstande dat as dit gegrond is, die verkiesing nietig verklaar moet word soos in die geval van 'n beroepe predikant en met verdere optrede deur die kerkraad na gelang van omstandighede volgens die bepalinge van die Kerkorde.

91.24 Art 22 Bly onveranderd

91.25 Artikel 23.2

Artikel 23.2

'n Sinode neem net sake in behandeling wat kerkordelik aan hom toegewys is of wat nie deur 'n ring of kerkraad afgehandel kan word nie.
Dieselfde geld vir 'n ring met betrekking tot 'n kerkraad.

91. 26 art 24 onveranderd

91.27 art 25

Elke vergadering moet 'n voorsitter hê, asook 'n skriba wat die handelinge van die vergadering opteken en opdragte uitvoer.

91.28 art 26

Die artikel moet 'n opskrif hê: "GESAG VAN KERKVERGADERINGS".

91.29 art 27

Die regering van, die opsig en die tug in die kerk, is die funksie van die vergaderings ooreenkomstig die bepalings van die Kerkorde.

91.30 art 28 onveranderd

91.31 art 29

Elke gemeente het 'n kerkraad.

91.32 art 30 bly onveranderd

91.33 art 31

Die aanbeveling van die kommissie:
Die kerkraad vergader gereeld onder voorsitterskap van die bedienaar van die Woord; of in sy afwesigheid, 'n ampsdraer deur die ring aangewys, of 'n ouderling uit eie geledere verkies.

En die volgende amendemente dien voor die vergadering.

1. "Die kerkraad vergader gereeld onder voorsitterskap van die bedienaar van die Woord - of in sy afwesigheid, of weens sy onbekwaamheid of ander redes, 'n ouderling uit eie geledere verkies.

   (JJ Venter, R Searle)

2. Artikel 31
   Behou die ou bewoording

   (HJ Claasen, LF Bester)

3. Die kerkraad vergader gerseld onder voorsitterskap van 'n ouderling uit eie geledere verkies of die bedienaar van die Woord of in sy afwesigheid 'n ampsdraer deur die ring aangewys.

   (B Rossouw, JH Engelbrecht)

   Amendemente 1 en 3 word verwerp en amendement 2 word goedgekeur.

**Art 31 lees dus: Die kerkraad vergader gereeld onder voorsitterskap van 'n voorsitter wat uit eie geledere vir 'n termyn gekies is.**

91.33 Pligte van die voorsitter

Aanbeveling Kommissie vir Regte

Dit is nie gebruiklik en wenslik om die pligte en funksie van die voorsitter van 'n kerkraad in die Kerkorde op te neem nie. Die probleme wat aan hierdie beskrywingspunt onderliggend is, is die gevolg van die ou redaksie van artikel 31.

Die kerkraad bly finaal vir die gemeente verantwoordelik. Die kerkraad besluit oor die termyn wat die voorsitter moet dien (volgens die ou redaksie). 'n Voorsitter van die kerkraad is slegs voorsitter en hy voer opdragte van die kerkraad uit.

Die pligte van die voorsitter is volledig in die Ordereëls opgeneem.

(Die beskrywingspunt van Vereeniging en die volgende amendement is verwerp: Indien die predikant van 'n gemeente nie as voorsitter optree of verkies is nie, die pligte en magte van die verkose voorsitter duidelik uitgespel sal word.

(D Briel, E Serfontein)

92. DIE VOLGENDE SAKE GENIET AANDAG:

92.1. Op 'n vraag van ds J Engelbrecht besluit die sinode dat die amptelike blad van die kerk "Die Boodskapper" sal wees.

92.2. Die sinode veroordeel die moedswillige verdraaiing van die beeld van die APK en van die kritiek teen die etiese norme van 'n kerk van Jesus Christus, soos vervat in die redaksionele kommentaar van die dagblad "Beeld" van 26/8/88.

Woorde soos "wankelrige fondament van politieke beswaarheid" en "wrokkige mense" oortuig die sinode van Beeld se kwaadwilligheid en haatdraendheid teenoor hierdie kerk.

Die sinode is dus oortuig dat vreemde doelstellings en invloede hierdie koerant motiveer om die Christelik-Nasionale inslag van die Afrikaner te probeer vernietig tot wins van ongedefinieerde internasionalisme.

(FA Jansen, DE Malan)

Goedgekeur.

92.3 Die sinode gee opdrag aan die Kommissie vir Notule om die notule so saam te stel dat alle beskrywingspunte, rapporte, aanbevelings, opdragte en besluite geïntegreer word. Alles wat dus bymekaar hoort, moet bymekaar genotuleer word. Elke besluit moet direk na die betrokke saak genotuleer word. Daarom ontvang die kommissie volmag om die numerering van stukke te wysig indien dit nodig geag word ten einde verwarring te voorkom en vloei in die notulering te verseker.

(P Marè, T Roos)

Goedgekeur

93. <u>EERSTE VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR JEUG</u> (C1)

93.1 Personeel : kennisgeneem (Wagenaar word verander na Wagener)

93.2 Opdrag.

2.1 Boeke vir verbondsonderrig-toekennings

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode verwys die saak na die Permanente Jeugkommissie vir spoedige afhandeling.

2.2 Aandenkingskaart by aflegging van belydenis (3.1.8 van Jeugverslag).

Aanbeveling goedgekeur:

[illegible] sinode besluit om die twee soorte aandenkingskaarte [illegible] voorgehou is, te laat druk, en die [illegible] soos hulle verkies.

D[illegible] uitgelaat word op die kaart.

2.2.[illegible] Bewoording op die Aandenkingskaart (3.1.8)

Aanbeveling goedgekeur, met die weglating van die woorde tussen hakies. Die sinode keur die volgende bewoording op die [illegible] goed:

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

..............................

AANDENKINGSKAART UITGEREIK AAN

..............................

TER HERINNERING AAN SY/HAAR BELYDENIS VAN

GELOOF OP ....................... (datum)

Tekenruimte vir ouderlinge en leraar en plek vir gedenkteks moet voorsien word.

2.3 Handboek vir die onderrig van volwasse lidmate

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode besluit om die saak te verwys na die Permanente Jeugkommissie.

2.4 Terme met betrekking tot verbondsonderrig (3.1.5)

Die kommissie het die saak in behandeling geneem en besluit om die volgende terme aan te beveel

| | | |
|---|---|---|
| Die kind | : | Verbondskind |
| Die ouer | : | Verbondsouer |
| Die voorgangers | : | Onderwyser en personeel |
| Die Sondagskoolhoof | : | Hoof van verbondsonderrig |
| Sondagskool | : | Verbondsonderrigskool |
| Klas | : | Verbondsonderrigklas |
| Sondagskoolpiekniek | : | Uitstappie. |

Kennis geneem; dit is vir oorweging.

2.5 Jeugblad se benaming (3.2.7 Jeugverslag)

Die kommissie beveel by die sinode die naam "Die Jeugboodskapper" aan.

Goedgekeur, met dank aan ds WM Grovè.

2.6 Huweliks- en Gesinslewe (3.3 Jeugverslag)

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode verwys die aangeleentheid na die Kommissie vir Kommissies vir ondersoek.

2.7 Ringsverslag : Sake rakende die jeug (4.7)

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode besluit om die Permanente Jeugkommissie te versoek om te skakel met die kommissie wat die ringsvorms opstel en hulle te dien met aanbevelings.

2.8 Die betrokkenheid van die jeug by die ACSV

(punt 4.9 van die Jeugverslag)

Aanbevelings goedgekeur:

2.8.1 Die sinode neem kennis van die aktiwiteite van die ACSV.

2.8.2 Die sinode erken die verantwoordelikheid van die plaaslike gemeente om sy eie jeug te organiseer en te versorg, en hierdie verantwoordelikheid is nie oordraagbaar nie.

2.8.3 Die sinode beveel by kerkrade aan dat jongmense kan inskakel by die ACSV van die dagskool alleen nadat die kerkraad hom vergewis het van die suiwerheid van die ACSV se plaaslike aktiwiteite.

2.9 Registers en puntetoekenning

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode aanvaar die aanbevelings punte 4 en 5 van die Jeugverslag (Reëls bedoel as riglyne).

Sien bylae II - IV.

Verder word besluit dat op elke seël ook 'n teksvers gedruk sal word.

2.10 Toekenning aan voorgangers

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode oordeel dat, aangesien dit liefdesdiens is, daar nie 'n toekenning aan voorgangers gegee sal word nie.

2.11 Wysiging by Kerkorde: art 44, bep. 12.

Die kommissie het die saak in behandeling geneem en die veranderde bewoording aan die Tydelike Regskommissie deurgegee - kennis geneem.

93.3 Nuwe sake

3.1 Inkleurboekie: "Jesus seën die kindertjies" van Barkly-Wes.

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode verwys die aangeleentheid van die voorstelling van Christus as mens in prente na die Kommissie vir Publikasies vir studie en aanbeveling.

Hiermee is die verslag afgehandel, met dank aan die kommissie.

94. VERSLAG VAN TYDELIKE KOMMISSIE VIR RINGSINDELING EN -GROEPERING

94.1 Personeel - kennis geneem

94.2 Ringsindeling - dit word soos volg goedgekeur.

1. Stellenbosch
Stellenbosch, Tygerberg

2. Paarl
Paarl, Pools, Clanwilliam, Weskus.

3. Beaufort-Wes
Beaufort-Wes, Oudtshoorn, George, Riversdal.

4. Somerset-Oos
Somerset-Oos, Graaff-Reinet, Barkly-Oos, Steynsburg, Venterstad, Fort-Beaufort, Jamestown, Algoa.

5. Algoa skakel in by die Ring van Somerset-Oos.

6 & 7 Suidkus
Suidkus, Groter Durban, Noordkus, Hluhluwe.

8. De Aar
De Aar, Britstown, Carnarvon, Strydenburg, Prieska.

9. Newcastle
Newcastle, Glenco/Dundee, Vryheid, Utrecht, Ladysmith.

10. Olifantshoek
Olifantshoek, Groblershoop, Kathu, Gordonia, Kuruman.

11. Kimberley
Kimberley, Barkly-Wes, Douglas, Christiana, Reivilo, Vaalharts-Noord, Vaalharts-Suid.

12. Migdol
Migdol, Vryburg, Bosrand, Louwna, Molopo, Schweizer Reneke.

13. Klerksdorp
Klerksdorp, Potchefstroom, Fochville, Carletonville, Welverdiend, Bloemhof.

14. Lichtenburg
Lichtenburg, Biesiesvlei, Sannieshof, Alfa, Ottosdal, Delareyville.

15. Derby
Derby, Koster, Ventersdorp, Coligny, Zeerust, Groot Marico, Buhrmannsdrif.

16. Mooinooi
Mooinooi, Rustenburg, Thabazimbi, Sanddrif, Brits.

17. Moot-Sentraal
Moot-Sentraal, Pretoria-Oos, Verwoerdburg, Trans-Magalies.

18. Naboomspruit
Naboomspruit, Roedtan, Tuinplaas, Waterberg, Warmbad, Bosveld, Koedoesrand, Marble Hall, Groblersdal.

19. Middelburg
Middelburg, Witbank, Belfast, Cullinan-Rayton, Bronkhorstspruit, Laersdrif.

20. Dendron
Dendron, Phalaborwa, Pietersburg, Tzaneen, Louis Trichardt, Weipe.

21. Morgenzon
Morgenzon, Ermelo, Perdekop, Piet Retief, Hoëveldrif, Standerton.

22. Nelspruit
Nelspruit, Barberton, Carolina, Witrivier, Arnot, Lydenburg, (Sabie), Lebombo.

23. Vereeniging
Vereeniging, Heidelberg, Vanderbijlpark, Sasolburg, Villiers.

24. Germiston
Germiston, Primrose, Kemptonpark, Brakpan, Benoni, Delmas, Boksburg, Nigel, Springs.

25. Roodepoort
Roodepoort, Linden, Randfontein.

26. Heilbron
Heilbron, Tweeling, Frankfort, Cornelia.

27. Graniet
Graniet, Viljoenskroon, Hennenman, Goudveld-Sentraal, Koppies, Kroonstad.

28. Memel
Memel, Warden, Vrede.

29. Bethlehem
Bethlehem, Senekal, Harrismith, Paul Roux, Lindley, Ficksburg, Marquard, Clocolan.

30. Bloemfontein
Bloemfontein, Brandfort, Verkeerdevlei, Petrusburg, Boshoff, Voorspoed.

94.3 Ringsgroepe

1. Weskaap en Noordkaap
Stellenbosch, Paarl, Beaufort-Wes, Kimberley, Olifantshoek.

2. Ooskaap
Somerset-Oos, De Aar.

3. Vrystaat
Heilbron, Graniet, Memel, Bethlehem, Bloemfontein.

4. Natalia
Suidkus, Newcastle, Morgenzon.

5. Wes-Transvaal
Derby, Lichtenburg, Migdol, Klerksdorp, Mooinooi.

6. P W V
Vereeniging, Germiston, Roodepoort, Moot-Sentraal.

7. Noord-Transvaal
Dendron, Naboomspruit, Middelburg, Nelspruit.

Aanbeveling goedgekeur:

**Die sinode besluit dat die Ringsgroepe van ses na sewe uitgebrei word en die SKK dienooreenkomstig vergroot word.**

94.4 Kennisgeneem.

Hiermee is die verslag afgehandel.

95. VERKIESING VAN KURATORIUM

Die voorsitter kondig aan dat uit die genomineerdes die volgende lede verkies is:

Primarii: dr FAH van Staden, ds A Boshoff, prof A Swart, oudl (genl) JC Visser, dr WA Burger, prof TL Verster, dr MFM Pretorius, ds MC Adendorff, dr CI van Heerden, ds R Marè, drs HCG Robbertze.

Secundi: oudl MP Taute, dr PJ Kotzè, di AS van Jaarsveld, JA du Plessis, MJ Hartzenberg, NJ Rautenbach, OD Scheuer, AJ Taute, JN Joubert, drs E Friis, JJ Venter.

96. VERSLAG: BYLAE "B" SENTRALE KERKEKOMMISSIE

(Pt 28 en Aanbeveling 8, bls 24 en 26 Agenda; Vroueaksie)

Die ondervoorsitter neem die stoel in, terwyl dr WJG Lubbe die verslag voordra.

96.1.1 - 1.7 Kennis geneem.

96.1.8 Aanbevelings

1.8.1 I p v die aanbeveling wat lui:

Die sinode neem kennis dat die APK-Vroueaksie spontaan ontstaan het, en 'n vrywillige organisasie van susters is, wat jaarliks 'n konferensie hou en susters in gemeentes wat daarvan gebruik wil maak, van wenke en riglyne voorsien vir optrede in die gemeente (Kyk "APK-Vroueaksie, Handleiding vir lidmate)

word die volgende amendement goodgekeur:

Die sinode neem kennis dat die APK-Vroueaksie spontaan ontstaan het, en 'n vrywillige organisasie van susters is, wat jaarliks 'n konferensie kan hou vir susters wat daarby wil inskakel. Kostes moet deur die konferensiegangers gedelg word. 'n Komitee kan aangewys word met opdrag om net die volgende konferensie te reël.

(IA Brink, CC Oosthuizen)

Oudl W Wentzel (Vanderbijlpark) vra aantekening dat hy in die minderheid stem by pt 1.8.1.

1.8.2 'n Lang bespreking volg oor hierdie aanbeveling.

**<u>DIE SINODE ONDERBREEK DIE BESPREKING VIR MIDDAGETE OM 13H00 EN HERVAT DIE BESPREKING OM 14H00</u>**

1.8.2.1 Diak F Swanepoel dien 'n ordemosie in dat oorgegaan word tot stemming, maar die voorsitter oordeel dat die bespreking moet voortgaan.

1.8.2.2 Uiteindelik word die volgende amendement goedgekeur:

Die sinode beveel aan dat susters nie bydraes van 50c per lidmaat sal maak tot 'n sentrale kas van die susters nie aangesien 15% van hulle bydraes reeds aan die SKK gestuur word. Die susters moet liewer by die SKK aansoek doen om fondse indien iets nodig is vir hulle organisasie.

(HCG Robbertze, MC Pitout)

1.8.2.3 Van die aanbeveling (1.8.2) word kennisgeneem:

Die sinode neem kennis
1. dat susters in gemeentes by wyse van 50c per maand per suster reeds meer as R13 000 vrywillig tot hulle sentrale kas bygedra het - wat beteken dat reeds sowat 2 200 susters die bydrae gemaak het (ongeveer 75 gemeentes het reeds bygedra);

2. dat die Vroueaksie tydens die Biddag vir Vroue deur hulle gereël, kollektes opgeneem het en in die Willie Lubbe-studiefonds gestort het; en

3. dat die Vroueaksie-bydraes tot gemeentebydraes aan die kerkkantoor (vir sover die Vroueaksie-bydraes deur kassiere afsonderlik gespesifiseer is) reeds meer as R66 000 beloop.

Van die ander aanbevelings word ook kennis geneem:

1.8.3 Die sinode betuig sy waardering teenoor die Vroueaksie vir spontane, vrywillige en blymoedige steun en bydraes in elke gemeente wat verkies om 'n Vroueaksie te hê (Vroueaksie-leuse: " Dien God met Blydskap").

1.8.4 Die sinode bid die Vroueaksie die seën van die Here toe op sy blymoedige toewyding aan die Here en Sy koninkryk - in elke gemeente en ook in ons hele kerk.

1.8.5 Die sinode bedank die Vroueaksie vir sy telegram van gelukwense aan hierdie sinodesitting en bid die APK-Vroueaksie die seën van die Here toe op sy konferensie DV op 19 September en volgende dae te Nylstroom.

97. <u>VERSLAG: KOMMISSIE VIR VERLOF</u>

Oudl J Botha en diak von Wielligh (Bosrand) vertrek dadelik a.g.v. siekte.

98. <u>NOTULE</u>

Die voorsitter verduidelik dat a.g.v. verskillende omstandighede die volledige notule nie nou beskikbaar is nie.

Die sinode besluit:

**Die SKK kry opdrag om die notule na te gaan vir korrektheid en dit namens die sinode goed te keur.**

99. <u>VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR ARGIEF (FI)</u>

Aangesien hierdie verslag die verslag van die Permanente Kommissie vir Argief vervang, word kennis geneem van die verslag in die Agenda.

99.1 Kennis geneem.

99.2 Lede - kennis geneem

99.3 Opdrag - Kennis geneem

99.4 Sake verwys

4.1 Taakomskrywing: kennis geneem
4.2 Kerkraad se argiefkommissie: kennis geneem

4.3 Sinodale Argiefkommissie: goedgekeur:

4.3.1 Die sinode wys 'n kommissie van minstens twee lede aan.

4.3.2 Die kommissie vergader wanneer nodig.

4.3.3 Die sinode begroot vir reiskoste van hierdie lede.

4.4 Leiding ten opsigte van ander argiefsake

4.4.1 Argiefruimte – goedgekeur:

4.4.1.1 Gemeente: stukke moet veilig en brandvry bewaar word, ook droog, stof- en insekvry gehou word. Aanvanklik is ten minste 'n staalkabinet nodig.

4.4.1.2 Ring: Dieselfde geld as in 4.4.1.1.

4.4.1.3 Sinode: 'n Doelmatige kluis is nodig. Voorlopig ook handel volgens 4.4.1.1.

4.4.2 Verantwoordelike persoon – goedgekeur:

4.4.2.1 Gemeente: Die skriba of iemand daartoe aangewys deur die kerkraad.

4.4.2.2 Ring: Die ringskribá.

4.4.2.3 Sinode: Wys 'n deeltydse persoon aan teen geringe vergoeding (en reiskoste indien nodig). Die SKK sorg vir toesig.

4.4.3 Stukke wat bewaar behoort te word – goedgekeur:

4.4.3.1 Gemeente: Stukke in verband met die stigting van die gemeente; gemeentenuusbrief; jaar-, bevestigings, e.a. programme; foto's belangrike korrespondensie; transportaktes; notules; afkondigingsboeke en stukke van die gemeentelike aksies soos van die Vroue- en die Jeug-, klankmateriaal.

4.4.3.2 Ring: Notules, verslae, korrespondensie.

4.4.3.3 Sinode: Korrespondensie van kommissies en sinode, hulle sakelyste, verslae en notules; amptelike publikasies soos die Kerkorde; aktes van verskillende aard; statistiek e.a. waardevolle stof.

4.5 Argiefleidraad - kennis geneem

Die kommissie beveel die leidraad aan, soos opgestel deur twee van sy lede, nl dr MFM Pretorius en ds WM Grovè.

Sien bylae D aan einde van die notule.

4.6 Kerkboeke en sertifikate

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode gee die Permanente Argiefkommissie opdrag om voorbeelde voor te lê aan die SKK en magtig die SKK om dit goed te keur en in werking te stel t.o.v. die volgende:

Doopkladboek, doopregister en doopsertifikaat; lidmateregisterkladboek, lidmateregister en attestaat; konsistorieboek, notuleboek, kerkraadsregister en kwitansieboek.

4.7 Kerkjaarboek

Aanbeveling goedgekeur:

4.7.1 Die sinode besluit om so 'n boek te publiseer.

4.7.2 Die argiefkommissie kry opdrag om voorstelle ten opsigte van opset/inhoud en koste aan die SKK voor te lê.

4.7.3 Die SKK mag dit ten uitvoer bring indien hulle die weg daartoe oopsien.

Die volgende besluit word goedgekeur.

Die sinode besluit:

1. Dat gegewens vir die kerkjaarboek stiptelik op 31/10/1988 aan ds JH Theron gestuur moet word op die uitgestuurde vorm.

2. Dat die jaarboek saam met 'n dagboek in een bundel saamgebind word.

3. Dat ds JH Theron die jaarboek en dr MFM Pretorius die dagboek sal hanteer;

4. Dat predikante van die kerk gevra word om te help met die dagboek.

5. Dat predikante van die APK gevra word om 'n foto in te stuur vir plasing in die jaarboek by hul gegewens.

(JH Theron, AE vd Berg)

99.5 Beskrywingspunte

5.1 Ring van Kimberley - afgehandel

5.2 Ring van Suidkus - administrasiestelsel vir gemeente skriba:

Aanbeveling goedgekeur:

Die Permanente Argiefkommissie kry opdrag om deur die kerkkantoor 'n skema so gou moontlik aan elke gemeente te stuur as leidraad.

5.3 Gemeente van Morgenzon
(Kyk : tweede verslag : Argiefkommissie, in die agenda - op pienk papier).

Aanbevelings

1. Sodanige lidmaatregister word nie aanbeveel nie.

Goedgekeur.

2. Aandenkingsertifikaat: die sinode het dit reeds goedgekeur.

Kennis geneem.

3. Attestaat: dit word nie aanbeveel nie maar verwys na die attestaat wat aan die SKK voorgelê gaan word - kyk punt 4.6 hierbo.

Goedgekeur.

4. Dooplidmaatregister: dit word nie aanbeveel nie in die lig van 4.6 hierbo waar ruimte vir die name van dooplidmate op die attestaat beplan word.

Goedgekeur.

5. Alfabetiese register: nie aanbeveel nie. Die voorgestelde register (punt 4.6 hierbo) gaan alfabeties wees.

Goedgekeur.

6. Konsistorieboek: reeds aanbeveel in punt 4.6.

Afgehandel.

5.4 Eie aanbevelings

5.4.1 Kerkrade word sterk aangeraai om volle besonderhede van huwelike wat in die gemeente bevestig word, aan te teken.

Goedgekeur.

5.4.2 Kerkrade word gevra om "huweliksgebooie" (voorgenome huwelik) weer aan te kondig.

Goedgekeur.

Die verslag is hiermee afgehandel, met dank aan die kommissie.

100. <u>SKK LEDE</u>

Die sinode keur goed dat die volgende persone, soos deur die ringsgroepe aangewys, saam met die lede deur die sinode verkies, as SKK dien:

1. Weskaap : ds NRJ van Zyl (pr) ds CJ Prins (sec)
2. Ooskaap: ds AS van Staden (pr) oef Z Janse van Rensburg (sec)

3. Vrystaat: ds JH Theron (pr) ds LH Jacobs (sec)
4. Natalia: ds CJJ van Rensburg (pr) ds OD Scheuer (sec)
5. Wes-Transvaal: ds HCG Robbertze (pr) ds JA du Plessis (sec)
6. PWV: ds AJ Taute (pr) ds NJ Rautenbach (sec)
7. Noord-Transvaal: ds R Marè (pr) ds E Friis (sec)

101. VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR DIE SAMESTELLING VAN KOMMISSIES VAN DIE SINODE (N.1)

1. Die verslag word na die SKK verwys met opdrag om dit af te handel.

2. Die volgende aanbeveling van die Kommissie vir Regte word goedgekeur:

   Die sinode besluit dat elke Permanente Kommissie t.o.v. homself en sy eie werksaamhede 'n reglement opstel vir beoordeling deur die volgende sinode.

   (R Marè)

3. Regspersoonlikheid

   Die aanbeveling van die Tydelike Kommissie vir Regte (A2) i.v.m. regspersoonlikheid van die sinode word na die SKK verwys om dit in samewerking met die Regskommissie af te handel.

102. ONAFGEHANDELDE SAKE

1. Die volgende voorstel word goedgekeur:

   Die sinode besluit dat met onafgehandelde sake soos volg gehandel moet word.

   1.1. KO arts - die artikels word na die Permanente Kommissie vir Kerkregtelike sake verwys vir verdere aandag en vir afhandeling by die volgende sinode.

   1.2. Ander sake - die status quo sal vir dusdanige sake gehandhaaf word binne die bindinge van die Kerkorde.

   (MJ Hartzenberg, JJ Venter)

2. Oudl de Bruin (Roodepoort) vra inligting oor sy voorstel wat by 2 sinodes nog nie aandag ontvang het nie. Hy kry die versekering dat dit by die volgende sinode aan die orde sal kom.

103. BESWAAR VAN VROUEAKSIE

Die voorsitter lees 'n brief van die Algemene Komitee van die Vroueaksie voor waarin gevra word dat apologie aangeteken word vir sekere bewerings wat in die debat oor die Vroueaksie gemaak is.

Ds JA du Plessis stel 'n ordemosie dat dadelik afgestap word van die saak. Dit word goedgekeur. Ds van Jaarsveld onderneem in elk geval om die saak op te volg.

104. DANKBETUIGINGS

1. Die volgende voorstel word goedgekeur:

**Die sinode betuig sy hartlike dank aan br IA Kotze, br P Roodt en die tiksters, mevv M Klein, T Barnard en C Crafford, vir hulle onbaatsugtige diens gelewer tydens die sinode.**

(LD Pienaar, DR Schwartz)

2. Die voorsitter bedank die broers aan die tafel sowel as die lede van die vergadering vir hartlike samewerking.

3. Dr FAH van Staden bedank namens die sinode die voorsitter, prof WJG Lubbe, vir besondere leiding van die vergadering. Hy bid prof Lubbe gesondheid, en sterkte toe vir wat hy op sinodale vlak vir die AP Kerk doen, sowel as vir sy arbeid in die gemeentes wat hy bedien. Hy verseker hom van almal se voorbidding.

105. AFSLUITING

Die voorsitter lees ten slotte Ps 121, gaan voor in gebed en laat Ges 190 sing.

HIERNA VERDAAG DIE VERGADERING OM 15H45.

BYLAE "A"

# A F R I K A A N S E   P R O T E S T A N T S E   K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

## P R E S E N S I E L Y S

SINODE : 22 - 26 AUGUSTUS 1988

("T" na die naam dui aan dat die afgevaardigde teenwoordig is tydens die sinodesitting).

| | | |
|---|---|---|
| **A L F A** | | |
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | OCKERT BAREND JONATHAN SMITH | T |
| DIAKEN | | |
| Sekundus | NICO MEIRING | |
| **A L G O A (P.E.)** | | |
| LERAAR | ZACHARIA JANSE VAN RENSBURG (Oefenaar) | T |
| OUDERLING | | |
| Primarius | PETRUS WAGENER | T |
| Secundus | SCHALK WILLEM PETRUS THERON | T |
| DIAKEN | | |
| Primarius | H OLCKERS | |
| Secundus | SCHALK WILLEM PETRUS THERON (Oudl) | |
| **A R N O T (Rietkuil)** | | |
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | FREDERICK ERASMUS | |
| Primarius | BAREND JACOBUS KRUGER | T |
| Secundi | CHRISTIAAN PETRUS JOHANNES BRAND | |
| DIAKEN | | |
| Primarius | GABRIEL PIETER JANSE V RENSBURG | T |
| Secundus | MARTHINUS HERMANUS FREDERICK VD MERWE | |
| **B A R B E R T O N** | | |
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | ERNST ERICH IRLE | T |
| **B A R K L Y - W E S** | | |
| LERAAR | DS NRJ VAN ZYL (IN KOMB) | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | ANDRIES GUSTAV STEPHANUS BOUS | T |
| Secundus | OCKERT JOHANNES VAN SCHALKWYK | |
| Primarius | JACOBUS PHILIPPUS SNYMAN | T |
| Secundus | JOHANNES HENDRIK SNYMAN | |

## B E A U F O R T - W E S

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | LORENZO VAN VUUREN | T |
| Secundus | PETRUS ERASMUS OOSTHUIZEN | |
| Primarius | CORNELIUS JOHANNES MATTHEE | T |
| Secundus | NICO WILHELM RAUTENBACH | |

## B E L F A S T

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | JAN NICOLAAS ROSSOUW VAN REENEN | T |
| Primarius | JAN PETRUS MILLS | T |

## B E N O N I

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | CARL VAN PLETZEN BARNARD | T |
| Secundus | LODEWICUS JOHANNES LOURENS VISSER | |
| Primarius | LOURENS DANIEL JOHANNES NEL | T |

## B E T H L E H E M

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | JOHANNES HERMANUS ENGELBRECHT | T |
| OUDERLING | | |
| Primarius | WILLEM DANIEL CRONJE | T |
| Secundus | HERMANUS HENDRIK VAN NOORDWYK | |
| Secund us | JACOB BREYTENBACH MATHEE | |
| Primarius | BAREND JOHANNES MARTHINUS ROSSOUW | T |

## B I E S I E S V L E I

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | JEREMIAS STEFANUS JANSEN VAN VUUREN | T |
| Secundus | HENDRIK PETRUS SCHEEPERS | |
| Primarius | HECTOR DANIEL VAN WYK | T |
| Secundus | RUDOLPH MARTIN STASSEN | |

## B L O E M F O N T E I N

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | JOHANNES NICOLAAS JOUBERT | T |
| OUDERLING | | |
| Primarius | HENDRIK DE WET LATEGAN | |
| Primarius | OSCAR ANDREW CARLSON | T |
| DIAKEN | | |
| Secundus | PIETER GERHARDUS GERMISHUYS | T |

## B L O E M H O F

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | ABRAHAM JACOBUS PRETORIUS | T |

## B O K S B U R G

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | ROBERT ALBERTUS PRETORIUS | T |
| Secundus | MARTIN FRANCIS KRUGER | |
| Primarius | JOSIAS NEL | T |
| Secundus | FREDERIK JACOBUS FOUCHE | |

## B O S R A N D

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | STEFANUS JOHANNES GOUWS | T |
| OUDERLING | | |
| Primarius | JACOBUS CHRISTOFFEL BOTHA | T |
| Secundus | MICHAEL JOHANNES FOURIE | |
| Primarius | ANDRIES FRANCOIS VON WIELLIGH | T |
| Secundus | JOHN RONALD VAN DER LINDEN | |

## B O S V E L D (Potgietersrus)

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | EBENHAEZER FRIIS | T |
| OUDERLING | | |
| Primarius | BENJAMIN GENIS | T |
| Secundus | LOUIS PIETER KOEN | |
| Primarius | FREDERIK HENDRICUS BOLTMAN | T |
| Secundus | STEPHANUS JOHANNES VD LITH | |

## B R A K P A N

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | MECHIEL CHRISTIAAN ADENDORFF | T |
| OUDERLING | | |
| Primarius | MARTHINUS WESSEL MARAIS | T |
| Secundus | JACOBUS MARTHINUS KLOPPERS | |
| Primarius | PIETER HUGO BRISLEY | T |
| Secundus | DAWID MAREE | |

## B R A N D F O R T

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | WILSON VAN DYCK | T |
| Primarius | JOHANNES COENRAD JONES CRONJE | T |

**B R I T S**

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | MARTHINUS PHILIPPUS TAUTE | T |
| OUDERLING | | |
| Primarius | JACOBUS FREDERIK DU PLESSIS | T |
| Primarius | JOHANNES PETRUS BOTHA | T |
| Secundus | FRIEDRICH WILHELM ALEXANDER DANZFUSS | |
| DIAKEN | | |
| Secundus | GERRIT LOURENS MARITZ | |

**B R I T S T O W N**

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | RENIER ADRIAAN VAN WYK | T |
| Secundus | JOHANNES MARTHINUS JURGENS STEYN BADENHORST | T |
| DIAKEN | | |
| Primarius | CORNELIS HENDRIK LOOTS | |
| Secundus | GABRIEL WILLEM ANDRIES RUST | |

**B R O N K H O R S T S P R U I T**

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | ANDRIES JOHANNES LE GRANGE | T |
| Secundus | WILLEM JOHANNES VAN VUUREN | |
| Primarius | HENDRIK JACOBUS PHILLIPUS LOUW | T |
| Secundus | CHARLIE ANTONIE KEYTER | |
| DIAKEN | | |
| Primarius | IZAK BERNARD WEBER | |

**B U H R M A N N S D R I F T**

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | JACOB ARNOLDUS PIENAAR | T |
| Secundus | WILLEM HENDRIK LE ROUX | |
| Sencundus | ROBERT ERNST BENSON | |
| DIAKEN | | |
| Primarius | ANDRè LEWIS UECKERMANN | |

**C A R L E T O N V I L L E  W E L V E R D I E N D**

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | BERNARDUS JOHANNES BADENHORST | T |
| Secundus | JAN MATTHYS DE BEER | |
| DIAKEN | | |
| Primarius | JACOBUS JOHANNES GIDION NEL | T |
| Secundus (Oudl) | HERCULES PETRUS DANIEL DU TOIT | |

**C A R N A R V O N**

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | IZAK JACOBUS VAN HEERDEN | T |
| Secundus | ALBERTUS NEL | |

C A R O L I N A

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | IZAK ALDERT BRINK | T |
| OUDERLING | | |
| Primarius | WILLEM FRANCOIS BURGER | T |
| Secundus | SAREL JOHANNES PETRUS BLOEM | |
| DIAKEN | | |
| Primarius | CORNELIUS CLOETE OOSTHUIZEN | T |
| Secundus | JOHANNES CORNELIS BLIGNAUT | |

C H R I S T I A N A

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | RJH POTTAS | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | RENIER WILLEM VAN ZYL | T |
| Secundus | ANDRIAAN STEPHANUS BECKER | T |

C L A N W I L L I A M

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | BAREND JAKOBUS LUBBE | |
| Secundus | GYSBERT JOHANNES VAN DER WESTHUIZEN | |
| Primarius | HENDRIK ADRIAAN VAN ZYL | T |
| DIAKEN | | |
| Primarius | HENDRIK CORNELIUS DE BEER | T |
| Secundus | HENDRIK BAREND GENIS | |

C L O C O L A N

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | DS FRANCOIS BOTHA (In Kombinasie ) | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | LUKAS ANDRIES MATTHEE | T |

C O L I G N Y

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | CHRISTIAAN JACOBUS STRAUS BOTHA | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | ABRAHAM HENDRIK PETRUS LOUW | T |
| Secundus | JOHANNES FREDERIK DE BEER | |
| Primarius | ANDRIES PETRUS KILIAN | T |
| Secundus | PIETER SCHALK JOOSTE | |

C O R N E L I A

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | HENDRIK BERNARDUS HEYMANS | T |
| OUDERLING | | |
| Primarius | PAUL STEPHANUS KRUGER | T |
| Secundus | JOHANN DANIEL CLAASEN | |
| Primarius | JACOB JOHANNES JACOBUS VAN ROOYEN | T |
| Secundus | PETRUS JACOBUS HUGO | |

C U L L I N A N - R A Y T O N

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | FRANCOIS ALWYN HUGO VAN STADEN | T |
| OUDERLING | | |
| Primarius | JACOBUS JOHANNES PRINSLOO | T |
| Secundus | DOUWKE KLEEFSTRA | |
| Primarius | PIETER WILLEM BOTHA | T |

## D E   A A R

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | JAN ANDRIES STEPHANUS CAWOOD | T |
| Secundus | HENDRIK GERT THERON | T |

## D E L A R E Y V I L L E

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | PHILIPPUS ERASMUS KOTZé | T |
| DIAKEN | | |
